

PROFESSIONELE MAATSKAPLIKE WERK
IN SY VERHOUDING TOT PASTORALE WERK
BINNE DIE GEMEENTE IN
'N CALVINISTIES-GEREFORMEERDE KERKVERBAND:
'N TEORETIES - PRINSIPIELE UITEENSETTING.

Verhandeling deur

CAREL NICOLAAS VENTER (HONNS.-B.SOC.SC.)

aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad

MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE

in die

Fakulteit van Sosiale Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

Potchefstroom,
Februarie 1954.

V O O R W O O R D.

Indien die gevolgtrekkings waartoe ek in hierdie studie geraak het, korrek is, dan kan, insoverre dit Suid-Afrika betref, 'n verdere, indirekte gevolgtrekking wees dat by die kultuurleiers van ons volk die waarheid hom nie onbetuig gelaat het nie. Hier dink ek, as een van hulle eerste Maatskaplike Werk-studente, veral aan prof. J. C. van Rooy, voormalige voorsitter, en mnr. (tans dr.) J. H. Coetzee, voormalige sekretaris van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.

Dit is vir my, as Calvinis, immers geen toeval nie dat hierdie twee vernaamste ampsdraers in die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe, wat, histories gesien, 'n uitgekristalliseerde resultaat van pastorale werk op Calvinistiese grondslag is, agtereenvolgens aan die hoof gestaan het van die Departement Maatskaplike Sorg aan die enigste ongetwyfeld Christelike universiteit (voorheen universiteitskollege) in ons land - om te bewaak en te bewaar, ja, maar ook om op te bou en te versorg; want dit was naamlik hulle direkte invloed en inspirasie wat, na 'n natuurlike groei en rypingsproses, gelei het tot die formulering van die gedagtes in hierdie verhandeling.

My hartlike dank aan hulle albei: hulle het my vertrouwd gemaak met die grondbeginsels van ware Christelike maatskaplike sorg en het dit voortdurend ingeskerp. Die voortbouing op en toepassing van daardie beginsels is nog steeds die strewe van die Departement Maatskaplike Sorg aan die P.U. vir C.H.O.

Ook wens ek my dank te betuig vir leiding en voorligting wat ek geniet het deur middel van insiggewende gesprekke of andersins, o.a. van professore asook van verskillende predikante van al drie die Afrikaanse Calvinistiese kerke. Ook aan mnr. F.L. Oosthuizen van die Departement van Volkswelsyn, met wie ek talryke diepgaande en insiggewende gesprekke gevoer het oor die wese en die doel van professionele maatskaplike werk, my hartlike dank. In hierdie laasgenoemde verband moet ek ook die name noem van mnr. en mev. N. van der Dussen.

Ten slotte moet ek daarop wys dat die sewe jaar praktiese ondervinding wat ek as professionele maatskaplike worker in diens van die Departement van Volkswelsyn in stedelike sowel as plattelandse gebiede opgedoen het, die vernaamste bydrae gelewer het tot die oortuigings wat in hierdie studie teoreties-prinsipieel ondersoek is.

I N H O U D S O P G A W E.

Bladsy.

<u>VOORWOORD</u>	1
------------------------	---

D E E L I: I N L E I D E N D.

1. Inleiding.

Die skrywer self staan nie objektief nie	1
Die plek van die onderwerp in die Wetenskap	1-3

2. Keuse van die onderwerp.

a. Om helderheid oor die praktyk te kry	3
b. Praktiese moeilikhede	3-6
(1) Verwarrende terminologie	6-7
(2) Ander anomalieë	7

3. Afbakening van die ondersoek.

Die benaming „Calvinistiese Kerk”	7-9
Die term pastorale werk	9
Die term professionele maatskaplike werk	10-11
Op wie die ondersoek van toepassing kan wees	11

D E E L II: P A S T O R A L E W E R K.

HOOFSTUK I: DIE PASTORALE WERKER HET 'N BESONDERE ROEPING.

1. Eiesoortige karakter van Calvinistiese pastorale werk	12-13
2. Fundering en Goddelike oorsprong van die pastorale ampte	13-15
3. Genoegsaamheid en volledigheid van die pastorale ampte	15-16
4. Die pastorale ampte in die praktyk ..	16-25
5. Die Wet van God as reël van dankbaarheid	25-26
a. Die kerklike huwelik	26-28
b. Die doop	28-30
c. Die Heilige Nagmaal	30-31
6. Amp en gesag van die pastorale werkers	31-35
7. Pastorale werk rus die heiliges toe vir hulle dienswerk	35-37
8. Pastorale werk en die koninkryk van God	37-39
9. Gevolgtrekking	39-41

HOOFSTUK II: DIE NOODSAAKLIKHEID VAN PASTORALE WERK.

1. Die objektiewe gebod tot pastorale werk 42
2. Die subjektiewe behoefte aan pastorale werk 42-43
3. Met betrekking tot die koninkryk van God 43-47
- * 4. Die probleem van die maatskaplike krisis is die ontkerstening 47-51
5. Gevolgtrekking 51-52

D E E L I I I : M A A T S K A P L I K E W E R K .

HOOFSTUK III: DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN PROFESSIONELE MAATSKAPLIKE WERK.

- Thomas Chalmers beïnvloed die ontstaan 53-54
1. Thomas Chalmers in Glasgow 54-56
 2. Die Elberfelderstelsel 56-60
 3. Die „Metropolitan Visiting and Relief Association" en die „Charity Organization Society" 60-67
 4. Oorgeplant na Amerika 67-73
 5. Gevolgtrekking 73-74

HOOFSTUK IV: 'N KRITIESE ONTLEDING VAN DIE HUIDIGE OPVATTINGS BETREFFENDE MAATSKAPLIKE WERK.

1. Definisie van Mary Richmond 75-77
2. Definisie van (Father) Swithurn Bowers 77-79
3. Definisie van Helen Clarke 79-80
4. Definisie van Helen Witmer 80-82
5. Gevolgtrekking 82-83

HOOFSTUK V: PRINSIPIELE ONTLEDING VAN DIE WESE VAN PROFESSIONELE MAATSKAPLIKE WERK.

1. Professionele maatskaplike werk 'n tipies Amerikaanse vorm van maatskaplike sorg 84-87
2. Verhouding tussen professionele maatskaplike werker en klient 87-88
3. Die filosofie van professionele maatskaplike werk 88-91
4. Sosiale aanpassing 91-101
5. Maatskaplike werk as professie of „helpen als ambacht" 101-105
6. Gevolgtrekkings 106-107

D E E L I V : G E V O L G T R E K K I N G S .

HOOFSTUK VI: SLOTSOM.

1. Professionele maatskaplike werk ... 108
2. Pastorale werk 109
3. Gevolgtrekking 109-110
4. Samevatting 111-113

BIBLIOGRAFIE 114-124

DEEL I.

INLEIDEND.

1.

Inleiding.

Die skrywer hiervan staan nie sonder belangstelling, neutraal of objektief teenoor die onderwerp van die verhandeling nie. As beroepsmaatskaplike werker en as lidmaat van 'n Calvinistiese kerk was dit vir hom van wesenlike belang om helderheid oor die onderwerp te verkry.

Waar ek nie aanspraak maak op onsydigheid ten opsigte van die standpunt wat in die verhandeling ingeneem word nie, moes in die loop van die ondersoek dubbel gewaak word teen vooroordeel of eensydigheid.

Omdat die wetenskap 'n organisme is, bestaan daar ook tussen die verskillende vertakkinge daarvan of tussen die verskillende vakwetenskappe 'n organiese samehang, sodat die een ongemerk in die ander oorgaan. Nie elke kennisterrein is by 'n bepaalde vakwetenskap onderdak te bring nie. As voorbeeld kan hier dien die menslike liggaam, wat ook 'n organisme is. Die menslike liggaam kan globaal verdeel word, onder andere in hoof, romp, arms en bene. Maar wie kan by die verdeling van skouer en boarm elke spierveseltjie en bloedvat klassifiseer as behorende tot óf die boarm óf die skouer?

In elke organisme is daar dus oorgangsdele waarvan dit nie moontlik is om hulle uitsluitend by óf die een óf die ander onderdeel te groepeer nie,

maar wat in hulle verband met albei onderdele gesien moet word.

„Vooral in de universitas scientiarum mag dat niet over het hoofd worden gezien. Waar twee wetenschappen elkander naderen, zullen er steeds objecten gevonden worden, welke aan beide gemeen zijn¹⁾).

Uitgaande van die standpunt dat die antwoord op die vraag of Maatskaplike Werk 'n wetenskap is, bevestigend is²⁾ kan dan aangeneem word dat die onderwerp van hierdie verhandeling so 'n oorgangsdeel is tussen Maatskaplike Werk en die Teologie³⁾ en, in laasgenoemde geval, meer bepaald van die Poimeniek of Diakonologie.

Aangesien kennis van die Teologie nie die prerogatief van die teoloog alleen is nie, kan daar dus geen grondige rede bestaan waarom in 'n verhandeling soos hierdie nie vryelik van teologiese kennis gebruik gemaak kan word sonder dat die ondersoeker daarvan beskuldig word dat hy hom buite die terrein van sy eie vakwetenskap begeef nie.

In hierdie verhandeling kan egter, uit die aard van die saak, nie slegs van teologiese kennis

-
1. V. HEPP: Het Testimonium Spiritus Sancti - Het Testimonium Generale; J.H.Kok, Kampen, 1914; bl.49.
 2. Vergelyk in Tijdschrift voor Maatschappelijk Werk die artikels van
 - a. mr.drs.H.B.van der Linden: „Maatschappelijk Werk als object van Wetenschap"; deel VI, 1953; bl.241 e.v.;
 - b. drs.L.L.Vismans: „Is Maatschappelijk Werk een Wetenschap", 4 April 1953, bl.99.
 3. Met hierdie stelling bedoel ek geensins om die Teologie as „vakwetenskap" (sogenaamd) met die Maatskaplike Werk of enige ander vakwetenskap gelyk te skakel nie. Die Teologie staan m.i. in 'n unieke verhouding tot die verskillende vakwetenskappe. Dit interpreteer in 'n sekere opsig die houding van die Koning m.b.t. die grondslag en doelstellings van die verskillende ministeries (vakwetenskappe) in Sy koninkryk.

of prinsipes as „Lehnsätze" gebruik gemaak word nie¹⁾, maar werklike, subjektief beheerste teologiese kennis moes verobjektiveer en toegepas word. In 'n verhandeling soos hierdie, wat 'n oorgangsterrein dek, is dit nodig dat die ondersoeker oor voldoende kennis van albei aanverwante wetenskappe beskik om die nodige ewewig en balans by die interpretasie en oorgeweging van feite te bewaar. Sodanige ewewig en balans sou nie maklik gehandhaaf kan word indien teologiese prinsipes en feite slegs as „Lehnsätze" aangewend moet word nie.

2.

Keuse van die onderwerp.

Die onderhawige onderwerp is om belangrike redes vir ondersoek en navorsing gekies, nl.:

a. Om helderheid oor die praktyk te kry moet die prinsipiële grondslag van alle praktiese optrede eers teoreties ondersoek en opgehelder word.

b. Praktiese moeilikhede.

Die geskikste wyse om die praktiese moeilikhede te illustreer wat uit 'n verwarring tussen die funksies van die professionele maatskaplike werker en die pastorale werker ontstaan, is miskien om verskeie aanhalings te maak uit wat deur bevoegde persone oor die vraagstuk geskryf is.

Hier volg enkele sodanige aanhalinge:

„Die strowe was al die jare deur om die

1. HEPP: a.w., bl.51.

„diakensamp tot ryker en voller ontplooiing te bring. Maar hierdie strewe ... ons het dit self verydel deur 'n organisasie op te bou waarin die beroepswerker of -werkster nie naas die diaken gestel is nie, maar hom verdring het by die versorging van die armes"1).

„In diakonale arbeid is die diens van susters onontbeerlik. Maar dan tog nie in die vorm van 'sosiale werkster' nie. Dan is daar weer verwarring van terreine"2).

Dat pastorale werk ook vir die „welslae" van professionele maatskaplike werk 'n sekere bedreiging kan inhou, word sterk geïmpliseer in woorde wat in Julie 1940 deur prof. O.J.M. Wagner van die Departement van Sosio-logie, Universiteit van Stellenbosch in 'n referaat gebesig is³⁾. Aangesien prof. Wagner 'n bekende wetenskaplike is en sy bewering in 'n wetenskaplike stuk voorkom, moet dit as 'n belangrike verklaring (selfs as 'n feit) beskou word.

Bewerings soortgelyk aan die van prof. Wagner deur professionele maatskaplike werkers kan hier vermenigvuldig word. Sulke bewerings word dikwels ook gekenmerk deur hoon of spot, indien nie deur vyandigheid teenoor pastorale werk nie. Waarskynlik die oorgrote meerderheid staan egter onverskillig teenoor pastorale werk en beweer dat maatskaplike werk en godsdiens twee aparte dinge is wat

-
1. Redaksioneel: „Die benaming ‚armesorg‘. Is dit omvattend genoeg?" in Die Kerkblad, 15 Apr. 1953, bl.491.
 2. PROF.W.J. SNYMAN: „Die vrou in die kerk" in Die Kerkblad, 17 Okt. 1952, bl.18. Vgl. 'n soortgelyke opmerking deur DR.K. DIJK: De Dienst der Kerk; Kok, Kampen, 1952; bl.236.
 3. „Inleiding tot die tegniek van gevalle-studie" in Maatskaplike Werk by 'n plattelandse Vereniging; Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad, 1940. Prof.Wagner sê naamlik op bl.51 met betrekking tot die behandeling van 'n probleem-„geval" deur 'n professionele maatskaplike werker dat „...godsdiens ... die behandeling (kan) belemmer, bv. die fatalistiese opvatting dat armoede die wil van God is en dat daar gevolglik niks aan gedoen kan word nie".

niks met mekaar te doen het nie.

Deur parogiale werkers van die Anglikaanse Kerk, by wie die maatskaplike werk-professie ontstaan het¹⁾, word weer beweer dat daar geen verskil bestaan tussen pastorale werk en professionele maatskaplike werk nie. Hulle poog - so lui 'n verslag oor maatskaplike werk deur die Londense Kerke -

„... to bring together what are apparently two separate disciplines, viz. (1) that of the Parish Priest, Church of England or Roman Catholic; of the Free Church Missioner; and of the Jewish Rabbi; and (2) that of the Family Case-Worker, and Settlement and Personal Service Worker. We are convinced that they are essentially one and the same; .. and their technique interchangeable"2).

Terselfdertyd betreur hulle dit dat die oorspronklike godsdienstige karakter van die werk langamerhand gesekulariseer is³⁾

In 'n uiteensetting waarin hy „onverchristelike" en „onverkerklikte", sekulêre of profane „social casework" „theologiesch verantwoord vanuit de christologie en de reformatorische rechtvaardigingsleer", verklaar prof. dr. G.C. van Niftrik:

„dat ik alleen maar met diepe verontrusting prof. dr. Brillenburg Wurth kan horen verzokeren, dat de psychoanalyse in wezen het moderne evangelie van de zelfverlossing betekent en dat de diepste gedachte van het 'social casework' voor geen christelijke toepassing vatbaar is"4).

-
1. J.C. PRINGLE: Social Work of the London Churches; Oxford Univ. Press, 1937.
 2. PRINGLE: a.w., bl.3.
 3. PRINGLE: a.w., bl.113. Op bladsy 155 lui dit:
„To-day a social philosophy which substitutes gadgets ... for sad, weary, stumbling, shame-faced souls, has successfully evicted the Church from the field of her service ..."
 4. KAMPHUIS, SEVENHUIJSEN, e.a.: Helpen als ambacht; Bosch & Keuning, Baarn, s.j.(1952?); bl.171. Prof. van Niftrik verwys na 'n artikel deur prof. Brillenburg Wurth: „Social casework en onze Evangelisasie" in Witte Velden, maandblad vir Gereformeerde evangelisasie-arbeid; Jaargang XX, No.3, Junie 1950; bl.2.

In sy werk Casework en Maatschappelijk Werk¹⁾ sê dr. H. van Rooy onder andere:

„Voor het overige kan het alleen maar tot voordeel strekken, wanneer ... zielzorgers er zich bezorgd voor tonen, dat maatschappelijke werkers niet onoordeelkundig hun gebied betreden".

Uit hierdie aanhalings kan sonder twyfel afgelei word dat daar in die praktyk nie 'n harmoniese verhouding tussen professionele maatskaplike werk en pastorale werk bestaan nie. Uit sommige aanhalings skyn dit selfs of die afwesigheid van 'n harmoniese verhouding aan prinsipiële en ideologiese verskille gewyt moet word.

Die vraag wat ons ons dus ten doel stel om in hierdie verhandeling te probeer beantwoord, is:

Wat is prinsipieel die oorsaak van die disharmonie wat in die praktyk in die verhouding tussen professionele maatskaplike werk en pastorale werk bestaan?

Die antwoord op hierdie vraag mag miskien help om, vir latere navorsers, ook die volgende toe te lig:

1. Verwarrende terminologie.

In Maatskaplike Werk word terme gebesig soos: sosiale vraagstuk, kliënt, opheffing, rehabilitasie, hervorming, verbetering, redding; terwyl in Pastorale Werk sommige van hierdie terme ook nie onbekend is nie, bv. „sociale questie", opheffing, hervorming, redding, ens.

Hierbenewens word in die Pastorale Werk ook nog ander terme gebesig wat 'n analoë betekenis met voorgaande terme kan hê, bv. bekering, herstelling, herskepping, vernuwing, wedergeboorte.

1. DR.H. VAN ROOY: Casework en maatschappelijk werk; Van Gorcum & Co., Assen, MCMMLII; bl.115.

Daar bestaan ook nie altyd kieskeurigheid met die gebruik van terme soos gemeente en gemeenskap, kerk en maatskappy, sosiale nood en sonde-nood, armsorg en liefdadigheid, barmhartigheid en filantropie, ens., nie.

2. Ander anomalieë in die verhouding tussen Pastorale Werk en Maatskaplike Werk wat op 'n verklaring wag, is dat eersgenoemde deur mans en laasgenoemde hoofsaaklik deur vrouens behartig word; dat pastorale werkers en professionele maatskaplike werksters dikwels met mekaar trou (dit is 'n sosiologiese feit dat mense hulle huweliksmaat uit hulle alledaagse maatskaplike omgewing kies); dat 'n groot persentasie manlike professionele maatskaplike werkers persone is wat om een of ander rede nie hulle teologiese studie voltooi het nie; dat baie teologiese studente, om watter rede ook al, Maatskaplike Werk as vak by hulle kursusse insluit, terwyl die omgekeerde, om watter rede ook al, uiters selde indien ooit voorkom; dat daar 'n vermoede bestaan dat die voorkoms van die siekteverskynsel bekend as „senuwee-ineenstorting" abnormaal hoog is onder professionele maatskaplike werksters as groep.

3.

Afbakening van die ondersoek.

Uit die aard van die saak en soos dit in die loop van hierdie verhandeling duidelik sal blyk, is die ondersoek beperk tot die verhouding tussen professionele maatskaplike werk en pastorale werk binne die gemeente in 'n Calvinisties-gereformeerde kerkverband.

Die benaming van die „kerk" wat bedoel word, lewer moeilikheid op vanweë die oordrewe of uiterste kerkisme. Ook die Afrikaner is geneig om radikaal te wees in groepvorming¹⁾. Vandaar dat aan 'n kerknaam, onder andere, soveel waarde geheg word dat in 'n verhandeling soos hierdie byvoorbeeld geen geskikte benaming vir die histories bekende Afrikaanse kerke gevind kan word nie anders as „Calvinistiese Kerke", in onderskeiding van die Lutherse Kerk, die Anglikaanse Kerk, die Metodiste, ens., nie.

Die benaming „Calvinistiese" kerk is ook nodig, omdat daarby in hierdie verhandeling ingesluit moet word die Presbiteriaanse Kerke, en daarom kan nie slegs van die Afrikaanse kerke gepraat word nie. Ook die „Calvinistiese" kerke in Nederland word bedoel, dog ook hier kan nie slegs van die hervormde of die gereformeerde kerke, as vrug van die hervorming of die reformasie, gepraat word nie, ook weer vanweë historiese sentiment.

Oor die algemeen word bedoel die kerke wat gewoonlik gekenmerk word deur die presbiteriale kerk-regeringstelsel, afgesien daarvan of enige besondere kerk nou deur 'n ander verwyrt word van óf te independentisties óf te kollegiaal, ens., te wees. Ek bedoel hier kerke met lidmate en 'n kerkraad, bestaande uit predikant, ouderlinge en diakens, afgesien van die onderlinge verhouding tussen die ampte, soos gewoonlik neergelê word in elke spesifieke kerk se kerkwette, kerkorde, ens.

In hierdie verhandeling word slegs uitgegaan van die Skriftuurlike grondslag van die kerklike ampte en nie van bestaande bepalinge in kerkordes of kerkwette nie. In die

1. C.C. NEPGEN: Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes; C.S.V.-Boekhandel, Stellenbosch, 1938.
Vergelyk o. a. bl. 100

gees van die groot Calvinistiese Hervorming sal dus voortaan slegs verwys word na die Calvinistiese kerke in teenstelling met die Lutherse en die Anglikaanse.

Die verhandeling het slegs te doen met die Skriftuurlike grondslag vir praktiese toepassing ooreenkomstig die eis van Gods Woord van die vier ampte, nl. van gelowiges, predikante, ouderlinge en diakens, in Calvinistiese kerke. Dus, waar een of ander bestaande eksegetiese werk of eksegetiese verklaring deur my gebruik word, geskied dit omdat dit Calvinisties is, en sonder aansien van die kerklike verband van die eksegeet.

Met pastorale werk word, benewens die bediening van die Woord in die erediens, hoofsaaklik bedoel die individuele bediening aan die lidmate van die Calvinistiese kerk deur die pastors of herders van die gemeente, waarvan die lidmate die skape is, deur middel van huisbesoek, geleentheidsbesoeke, terloopse ontmoetings tussen herder en skape, katkisasie, tughandelinge, barmhartighedsbediening ens.

Met pastorale werk word ook nie slegs bedoel die werk van die predikant of die uitoefening van die profetiese amp nie maar ook die uitoefening van die koninklike en priesterlike ampte deur die ouderlinge en diakens, omdat al drie ampte¹⁾ herderlike ampte is vanweë hulle gesagsontlening aan Jesus Christus, die Opperherder, wat deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning²⁾.

1. Hulle kan miskien gesamentlik aangedui word deur die term „pastoraat“.

2. Heidelbergse Kategismus, Sondag XII, vr. 31. Vergelyk ook DR. K. DIJK: De Dienst der Kerk; Kok, Kampen, 1952; hoofstukke V en VII, asook dieselfde skrywer se Kerk en Politiek; Wever, Franeker, 1945; hoofstuk 2 en veral bl.14.

Met maatskaplike werk word bedoel die beoefening van die maatskaplike werk-professie of -beroep deur 'n persoon, meesal 'n vroulike persoon, of sy nou al gekwalifiseerd, halfgekwaltifiseerd of ongekwalifiseerd is; of dit nou al voltyds of deelyds, en of dit nou al teen of sonder besoldiging plaasvind. In die reël word dit beoefen deur 'n voltydse gesalarieerde en gekwalifiseerde persoon, meesal 'n dame, en dit is hoofsaaklik die maatskaplike werk waarna in hierdie verhandeling verwys sal word, afgesien daarvan of die professie nou al amptelik „status" het of nie, en of die persoon nou al in diens is van die staat, die kerk of 'n partikuliere organisasie.

Verder word slegs gehandel oor maatskaplike werk wat uitgevoer word „onder", „met", „by" of „aan" lidmate (doop- of belydende lidmate) van 'n Calvinistiese kerk en meer bepaald volgens die „social casework"- of „gevallestudie"-metode, of die besondere „gevalle" of kliënte (lidmate, doop of belydende, van 'n Calvinistiese kerk) nou al individueel, tuis of tydelik in 'n „groep" „behandel", „bearbei" of „bestudeer" word, met die oog daarop om hulle te verbeter, te hervorm, te „adjust" of te laat aanpas, te help, te versorg, te voed of te kleed, te behandel, te red, te bearbei, oor hulle toesig te hou, hulle te besoek, te onderhou, hulle op te hef of enigiets met hulle te doen te hê wat 'n saaklike verhouding tussen professionele maatskaplike werker en individuele kliënt of „geval" veronderstel. Dit wil sê, om te herhaal, waar so 'n kliënt of „geval" 'n belydende of 'n dooplidmaat van 'n Calvinistiese kerk is.

Hier word verder spesifiek na die „social casework"- of gevallestudie-metode in maatskaplike werk verwys,

- omdat, volgens Witmer¹⁾, hierdie metode die mees karakteristieke metode van die eintlike professionele maatskaplike werk is, en omdat alle ander vorms of metodes van maatskaplike werk in die periferie, met die gevallestudie-metode as kern, lê en in wese eintlik van die gevallestudie-metode in 'n groot mate afhanklik is.

Op die oog af mag dit lyk of hierdie beperking van die ondersoek die resultate van die ondersoek vir praktiese toepassing tot 'n relatief klein groepie gaan beperk. Dit sal in elk geval ten minste die grootste gedeelte van die Afrikanervolk, alle lidmate van die Presbiteriaanse Kerk en die Calvinistiese sendingkerke in Suid-Afrika insluit.

In die geval van die blankes sluit dit in 'n baie groter gedeelte van die bevolking, en, sover dit die nie-blankes betref, 'n genoegsame gedeelte van die bevolking op wie Matt.5:13 en Matt.13:33 van toepassing gemaak kan word.

1. HELEN WITMER: Social Work; Rinehart & Co., New York, 1942; bl. 20, 21 e.v. Vergelyk ook alle verwysings na „social casework" in die bladwyser.

D E E L I I

P A S T O R A L E W E R K.

HOOFSTUK I.

DIE PASTORALE WERKER HET 'N BESONDERE ROEPING.

1.

Die Calvinistiese kerke dra in alle opsigte 'n eiesoortige, van ander kerke te onderskeie, karakter.)(Hierdie eiesoortige karakter spruit uit die teitiese standpunt,) eie aan die Calvinistiese kerke, wat nie alleen antiteities teenoor die Roomse Kerk en sy misbruike standpunt ingeneem het nie maar ook positief, vanuit die Skriftuurlike grondslag, met betrekking tot die profetiese, koninklike en priesterlike salwing van alle gelowiges, sy kerkinrigting gebou het in ooreenstemming met die ordinansies van God. Hieruit is ook te verklaar die magtige invloed wat van die Calvinistiese kerke kon uitgaan ten spyte van hulle relatief geringe getalsterkte. Nooit en nêrens staan hulle beginsels lanks die werklikheid van die alledaagse en natuurlike lewe nie, maar dit gryp altyd diep in tot in die lewenswortels, waaruit die hele wese van die gelowige dan moet opbloeï en tot openbaring kom¹⁾. Hierdie feit word deur dr. P.A.E.

Sillevis Smitt onderskrywe as hy sê dat „de ‚Praktische‘ Theologieën den confessioneele stempel niet kunnen ontberen²⁾”.

1. P. BIESTERVELD: Het huisbezoek; J.H.Bos, Kampen, 1900; Voorwoord.

2. DR. P.A.E. SILLEVIS SMITT: De Beteekenis van het Gereformeerde Beginsel voor de Ambtelijke Vakken; H.A. Bottenburg, Amsterdam, 1912; bl.13.

Besonder treffend word dit geopenbaar in die spesifiek Calvinistiese gebruik van die amptelike huisbesoek. Deels aan die getroue uitoefening van hierdie arbeid dank sommige Calvinistiese kerke hulle magtige invloed op die volkslewe. Die praktyk bewys dat hoe meer die amptelike huisbesoek verwaarloos word, hoe meer die kerk sy invloed op die volkslewe en die lewe van elke individuele lidmaat inboet¹⁾.

2.

Die fundering en goddelike oorsprong van die pastorale ampte word deur Calvinistiese skrywers hoofsaaklik gegrond op die volgende uitspraak van Paulus in Ef.4:11-16:

„En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke wind van lering, deur die bedriëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbonde deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde“²⁾.

Die apostolaat is die vaste, grondleggende amp wat deur Christus self ingestel is. Dit splits in die drie kerklike ampte, nl. die van profeet, priester en koning

-
1. Vergelyk ook P.W. VENTER: Onkerksheid; ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit Pretoria, 1953.
 2. Vergelyk oor hierdie Skrifgedeelte: JOHN CALVIN: Commentaries on the Epistles of Paul to the Galatians and Ephesians. Translated from the original Latin by Rev. William Pringle; Edinburgh, M.DCCC.LIV.

(predikant, diaken en ouderling)¹⁾, in die hoedanighede waarmee ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning, onse Here Jesus Christus, die Hoof van sy kerk, die onderskeie herderlike ampte toegerus het en waardeur Hy nog steeds as Opperherder fungeer.

Die Calvinisme bely dat die ampte van die pastorale werkers in die gemeente van goddelike oorsprong is²⁾ en gesien moet word in hulle verhouding sowel tot Christus, die Hoof van die kerk, as tot die gelowiges, die lidmate van die kerk.

Dié goddelike oorsprong rus in die instelling deur Christus, wat, as „Hoofd des Lichaams", die eintlike ampsverrigter is, só dat Hy, wat die Insteller van die amp is, ook die Werker deur die amp bly. „Organies" is dan ook die sleutelwoord tot die verstaan van die karakteristieke eienskappe van alle amptelike diens. „Het Christocratische van de zijde van Christus", sê dr. Sillevius Smitt³⁾, „en het ministerieele van de zijde zijner organen, zijn de twee zijden van dezelfde zaak".

Die Calvinistiese kerke het dan ook hulle belydenis van die goddelike oorsprong van die ampte van die pastorale werkers neergelê in artikels 29, 30 en 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

In die ontplooiing van die ampte van die pastorale werkers het die Calvinistiese kerke by die apostoliese kerk aansluiting gevind en die volheid van die amp van die apostels, en daaragter die ampte van Christus, dieper gevat

1. J.J. KNAP: De Kerk; J.H.Kok, Kampen, 1914; bl.199.

2. PROF.DR. G.M. PELLISSIER: Huisbesoek; N.G.Kerk-Uitgewers van S.A., Kaapstad en Pretoria, 1951; bl.1-4.

3. A.w., bl.20.

deur die begrensdeheid van die enkele leeramp te bowe te kom deur uit die Skrif die regeeramp en die diakenamp in hulle geestelike en selfstandige betekenis te gryp. Op hierdie manier is 'n kerklike lewe van veel ryker ontwikkeling moontlik gemaak, een wat „al de potenzen heeft” tot altyd skoner en kragtiger ontplooiing¹⁾.

3.

In sy kommentaar op Ef.4:11-16 wys Calvyn²⁾ baie nadruklik op die genoegsaamheid en volledigheid van die besondere ampte, deur die werksaamhede³⁾ waarvan die kerk, as moeder van al die gelowiges, kinders voortbring, voed en tot volwassenheid en die mate van die volle grootte van Christus opvoed en vorm. (En wie in Christus volwasse is, is in alle opsigte 'n volmaakte mens⁴⁾.) Wie hierdie genoegsaamheid en volledigheid van die ampte dan oor die hoof sien en die instelling minag en verontagsaam, minag en verontagsaam Christus se wysheid⁵⁾. Van Homself het Christus gesê dat Hy die goeie Herder is;

„maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, ... sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug ... En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie”⁶⁾.

1. DR. P.A.E. SILLEVIS SMITT: a.w., bl.23.

2. JOHN CALVIN: a.w.

3. Die Engelse vertaling lui: „and this is done by the ministry”; in die oorspronklike: „ministerio”. Sien in hierdie verband Calvyn op die Nuwe Testament; ed. Tholuck; bl.131. Vergelyk ook die gebruik van die term „ministerie” deur DR. A. KUYPER: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, Tweede herziene druk; J.H.Kok, Kampen, 1909; deel 3, bl.468-550.

4. Aldus Calvyn in sy Commentaries on the Epistles of Paul to the Galatians and Ephesians: „in every respect, a perfect man”.

5. Die Engelse vertaling lui: „Those who neglect or despise this order choose to be wiser than Christ. Wo to the pride of such men”.

6. Johannes 10:11-13.

Dat die bekleders van die kerklike ampte ook pastorale werk móét doen, is uit verskeie plekke in die Heilige Skrif duidelik. Selfs in die Ou Testament, onder die teokrasie, tref ons dieselfde drie ampte van koning, profeet en priester aan. In die volheid van die tyd kultureel hulle in die persoon van Christus, wat dit weer aan die apostels oordra, o.a. in sy driemaal herhaalde opdrag aan die apostel Petrus:

„Laat my lammers wei" (Joh.21:15);
„Pas my skape op" (Joh.21:16);
„Laat my skape wei" (Joh.21:17).

Dit is nie toevallig dat die opdrag drie keer herhaal word nie. Afgesien van die verband wat dit hou met Petrus se driemaal herhaalde verloëning is dit ook 'n drie-voudige opdrag aan alle onder-herders of pastors¹⁾.

Die getal drie is dwarsdeur die Bybel die simbool van volledigheid, genoegsaamheid ens. In hierdie geval hou dit in 'n aanduiding dat die (drie) besondere ampte in die kerk genoegsaam en voldoende is en geen aanvulling nodig het nie.

4.

Waar hierdie verhandeling nou te doen het met die Skriftuurlike grondslag vir die praktiese toepassing ooreenkomstig die eis van Gods Woord van die amp van die gelowiges sowel as die drie besondere ampte, predikante, ouderlinge en diakens, in Calvinistiese kerke, is dit dus ook nodig om te wys op die wyse waarop hierdie ampte in die praktyk moet fungeer.

1. Vergelyk Calvyn se kommentaar. Sien in verband hiermee ook Matt.16:13 e.v. en Matt.18:18.

Die uiteensetting kan, uit die aard van die saak, bloot skematies van aard wees, daar in hierdie verhandeling benewens die bediening van die Woord in die erediens hoofsaaklik bedoel word die individuele bediening, elk op sy eie meriete, aan die lidmate en gesinne van die gemeente¹⁾. Daar sal dus slegs aandag gewy kan word aan die praktyk in die algemeen. Hiervoor neem ons nietemin as voorbeeld die normale lewe van enige gewone lidmaat.

Eers moet egter enkele opmerkings gemaak word oor die ampsdraers en hulle ampte in die algemeen.

a. Die kerkraad.

'n Belangrike feit wat dikwels oor die hoof gesien word, is die unieke samestelling van die kerkraad in 'n Calvinistiese gemeente.

Die gemeente word op die mees praktiese wyse in wyke (nie te groot nie) verdeel. Elke wyk vorm 'n natuurlike geografiese eenheid of buurt, met al die eienskappe wat in sosiologiese sin aan so 'n buurtgemeenskap eie is. Uit teologiese standpunt gesien, is die wyk egter veel meer dan bloot 'n buurtgemeenskap in sosiologiese sin. Uit hierdie wyk word, deur die gemeentelede, twee gelowige manne verkies „van goeie getuienis wat die gawe van die Heilige Gees besit”²⁾, om onderskeidelik in die ampte van ouderling en diaken bevestig te word as voorgangers in die wyk.

Uit alle sosiologiese groepe in die samelewing word hierdie manne tot die kerkraad verkies; uit alle stande, beroepe en ander maatskaplike kringe. Dit is mense met

1. Dit is trouens hierdie praktyk in die Calvinistiese kerke waarvan „social casework” die gesekulariseerde na- bootsing is. Sien die hoofstuk oor die ontstaan en ontwikkeling van professionele maatskaplike werk hieronder.

2. Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens.

lewenservaring en kennis van die praktiese, alledaagse lewe, met sy eb en sy vloed. Hulle het kennis van die lewensprobleme waarmee hulle en ander gemeentelêde daaglik te doen kry, en van die middels waarmee en die wyse waarop dit ooreenkomstig die eise van Gods Woord daaglik die hoofgebied word. Anders gestel: hulle is herders wat die weë ken waarlangs die kudde gelei moet word. Hulle ken ook die kudde, want hulle word uit die hart van elke wyk (buurtgemeenskap) op organiese wyse saamgetrek.

As orgaan vorm die kerkraad dus die brandpunt van naastenby alle kennis en kunde wat normaalweg nodig is om, in gemeenskaplike beraad, elke individuele lidmaat en gesin deur middel van sy wyksouderling of -diaken met raad en daad, vermaning en tug by te staan in moeilikhede wat sowel die tydelike as die ewige lewe in die koninkryk van God betref.

Wat hier nou verder van belang is, is die feit dat die samestelling van die kerkraad van kontinue aard is. Op elke tydstip dien daar ervare kerkraadslede op die kerkraad. Die kennis wat hulle deur ervaring opgedoen het, word in die onderlinge beraadslaginge en gesprekke asook in die advies en uitoefening van hulle ampswerk aan jonger kerkraadslede oorgedra en bly voortdurend in die gemeenskaplike besit van die kerkraad as brandpunt van alle kennis en kunde wat nodig is vir die uitoefening van hulle amp. (Omdat hulle in die praktyk van die alledaagse lewe staan, is hulle voortdurend in voeling met moderne en heel nuwe probleme en strominge in die maatskaplike lewe.) Hulle is dus voortdurend op hoogte van elke nuwe wind van lering. Tydens kerkraadsvergaderings (censura morum¹) en/of aparte diakonale

1. Ouderlinge (kerkraads-) vergaderings waar wyksverslae oor die leer en lewenswandel van lidmate bespreek en behandel word.

vergaderings) word in die onderlinge besprekinge en beraadslaginge die probleme en gewenste optrede asook die optrede van die lidmate voortdurend en op reëlmatige wyse, d.w.s. gedurig en op gesette geleenthede, byvoorbeeld ten tye van huweliks-, doop- en nagmaalsgeleenthede, getoets aan die Woord en Wet van God soos uitgedruk in die belydeniskrifte.

Mettertyd kristalliseer hierdie kennis en kunde van die verskillende kerkrade in gekondenseerde vorm uit in handboeke oor die poimeniek of diakonologie en is dit aan opleidingsinrigtings vir toekomstige predikante sowel as aan alle kerkraadslede vir bestudering beskikbaar. Veral word dit aan toekomstige predikante aan die verskillende teologiese opleidingsinrigtings op sistematiese wyse gedoseer, sodat hulle weer as leermeesters van die kerkrade en ^{met} gemeente/die nodige wetenskaplike leiding in en fundering van hulle ampswerk kan optree.

„Om daartoe in staat te wees, moet die ouderlinge die Woord van God ywerig ondersoek en hulle gedurig oefen in die bepeinsing van die verborgenhede van die geloof"1).

En wat die diakens betref -

„Daarvoor word vereis nie alleen die gawe van onderskeiding en versigtigheid om die aalmoese net te bestee waar dit nodig is nie, maar ook blymoedigheid en opregtheid om met 'n bewoë hart en toegeneë gemoed die armes te help, soos die apostel dit eis in Rom.12:8 en 2 Kor.9:7. Daarom is dit goed dat hulle nie net met die uiterlike gawes nie, maar ook met trooswoorde uit die heilige Skrif aan die armes en ellendiges hulp bewys"2).

Dit is die hooëste kwalifikasies wat deur die Woord van God van ouderlinge en diakens vereis word. Geen pro-

-
1. Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens.
 2. Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens.

fessionele of akademiese opleiding word geverg nie. Wat hier egter te dikwels uit die oog verloor word, is dat die voorsitter van die kerkraad, die predikant, ook kategeet, d.i. leermeester, van die ouderlinge en diakens in amptelike sin is. Dit wil sê die predikant, wat sewe jaar harde wetenskaplike studie, o.a. ook in die poimeniek of diakonologiese vakke, deurgemaak het, moet ook aan sowel die ouderlinge as die diakens leiding en voorligting gee by die uitoefening van hulle ampte.

b. Die predikant.

Die predikant staan in die leeramp en is dus die kategeet van die gemeente. Hy verkondig en verklaar die Woord in die openbare erediens aan die ganse gemeente as geheel; aan individuele lidmate en gesinne by die huisbesoek en aan die kinders by die katkisasie. By die huisbesoek hoor hy wat die moeilikhede en geloofstryd van elke individuele lidmaat is, en bedien, na die eis van die behoefte, aan elkeen individueel die Woord van God. So leer hy ook sy gemeente as geheel intiem ken, en dit help hom ook weer om altyd sy preke so aktueel moontlik op te stel.

Die leraar bedien ook die sakramente van die doop en die nagmaal, op die betekenis waarvan later teruggekom word.

Die belangrikste aspek van die leeramp is egter nie geleë in die persoonlike optrede en hoedanighede van die predikant nie maar in die Woord van God wat hy verkondig. Deur die krag van sy Woord skep, herskep en onderhou God alle dinge. Sy woord keer nooit leeg na hom terug nie

maar is voorspoedig in alles waartoe hy dit stuur¹⁾. Ons glo dan ook „dat die waaragtige geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde" ²⁾.

Geen menslike woorde besit hierdie krag tot vernuwing, verandering (hervorming) of bekering nie, dit geld alleen van die Woord van God.

c. Die ouderling.

Die ouderling staan in die regeeramp en moet toesig hou oor die suiwerheid van die leer en lewenswandel van die gemeente sowel as van die predikant, medebroeders ouderlinge en diakens. Deur gereelde huisbesoek, geleentheidsbesoeke tydens siekte, sterfgevalle, begrafnisse, huwelike, geboortes, terloopse gesprekke, ens., bly hy in goeie kontak met die lidmate en gesinne in sy wyk, om deur middel van vertroosting, vermaninge, raadgewing en tug oefening, al na die eis van die behoefte van elke individuele lidmaat en gesin, sy regeeramp uit te oefen³⁾.

Dit is miskien nodig om hier terloops daarop te wys dat die uitoefening van die tug of sensuur, wat die ouderlinge, in die hantering van die sleutels van die hemelryk, uitoefen, nie dieselfde betekenis en doel het as die straf (vergelding) wat die owerheid geroepe is om toe te dien nie.

1. Jes.55:11: „so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur".

2. Ned. Geloofsbelydenis, art.XXIV.

3. Vergelyk PELLISSIER: Huisbesoek.

Tug beteken om te trek¹⁾, om diegene wat afgedwaal of afgewyk het nader te trek, terug te bring. Maar dit is ook bedoel om die wolwe uit die kudde te weer²⁾. So bedoel die Skrif dit, en so gebeur dit ook in die praktyk wanneer die kerk die tug suiwer en streng handhaaf.

Vanuit sosiologiese standpunt is dit besonder maklik om die tug, of sensuur, ten volle te regverdig en aan te prys. Die sosiologie leer dat die mens 'n sosiale wese is. Hy kan en wil nie „sosiaal geïsoleer" wees nie. Sosiale isolement is 'n kragtige „hervormingsmiddel", en die sosiologiese lektuur is vol van voorbeelde waar van hierdie metode in die praktyk deur die mens gebruik gemaak word. Dink maar aan studente wat 'n maat ignoreer as hy „onsosiaal" optree; of aan kinders wat nie met iemand wil speel wat „hom snaaks hou" nie. Bloot vanuit sosiologiese standpunt gesien, is die kerklike tug of sensuur niks anders as sosiale isolering van 'n lidmaat wat sogenaamd „onsosiaal" optree nie. Eintlik is dit nog veel kragtiger as blote sosiale isolering - dit is meta-sosiale isolering. Dit is dus 'n kragtige bekeringsmiddel wat Christus deur middel van die regeeramp in die gemeente toepas. Voeg hierby nog die feit dat die ouderling so 'n lidmaat voortdurend vermaan en waarsku vir sy verderf³⁾, wat in sosiologiese (eintlik meta-sosiologiese), terme uitgedruk beteken dat hy ook van Christus, en dus van God, „geïsoleer" is, d.w.s. onversoend is, dan kan ten volle die krag (eintlik meta-sosiale krag⁴⁾) van hierdie

1. Vergelyk die Engelse „tug".

2. Bevestigingsformulier vir ouderlinge asook Hand.20:29.

3. Bevestigingsformulier vir ouderlinge.

4. Met „meta-sosiale krag" bedoel ek bó-sosiale krag, d.w.s. die krag wat deur die Heilige Gees gewerk word, want by skepping en onderhouding is van die drie Goddelike persone die Heilige Gees die bewerker en oorsaak en instandhouder van sosiale kragte, bewegings, verbindings, re-lasies, ens. Sien o.a. HEPP: a.w. bl.34. DR.R.VAN DIJK gebruik ook in hierdie sin die uitdrukking „meta-sosiaal" in sy werk Mens en medemens; Zomer & Keuning, Wageningen, 1953.

sleutels van die hemelryk besef word.

d. Die diaken.

Die diakens se amp bestaan uit twee dele. Ten eerste moet hulle met alle getrouheid en ywer die gelowiges se dankoffers aan Christus versamel en bewaar. Hieruit is dit baie duidelik dat die diakens nie net die armes bedien nie maar in gelyke mate ook die rykes, want hulle moet gedurig die arbeidsaamheid, die dankbaarheid en die feit van hulle rentmeesterskap by die rykes inskerp, sodat hulle nederig en offerv aardig kan bly; sodat daar tot ondersteuning van die armes baie goeie middele gevind kan word.

Die tweede deel van hulle amp bestaan in die uitdeling. Daarvoor word vereis die gawe van onderskeiding en versigtigheid om die aalmoese net te bestee waar dit nodig is.

Die diakens moet verder die bedruktes te hulp kom, die regte weduwees en wese versorg en weldadigheid aan die huisgenote van die geloof bewys. Ook by die armes moet hulle voortdurend die arbeidsaamheid, die dankbaarheid en die geduld onder teenspoed inskerp en hulle vertroos en vermaan dat alle dinge hulle nie by toeval nie maar uit Gods hand toekom¹⁾. Daardeur word die ontevredenheid en murmurering bekamp en leeglêery en bedelary teengewerk.

Christus oefen, deur die diakens, sy priesterlike amp van ontferming oor die behoeftiges en ellendiges uit. Dit is nie hulle eie gawes wat die diakens uitdeel nie; ook

1. Heidelbergse Kategismus, Sondag 10.

nie die gawes van die gemeente nie. Dit is die gawes van die Here wat hulle uitdeel¹⁾. Die gemeente offer die gawes uit 'n dankbare hart aan Christus „en de Heere reikt ze door den dienst der diaken den arme toe“²⁾. Dit wil sê: die diakens bedien die barmhartigheid van Christus.

In hierdie selfde verband wys Ds. K.H.E. Gravemeyer³⁾ nou daarop dat dit kan wees, dat 'n mens die meeste van hierdie dinge ook van die maatskaplike werker verlang maar dat daar dan tog nog 'n prinsipiële en alles beheersende onderskeid bly: die barmhartigheid. Ten slotte, sê hy, is die diaken niks anders nie as die hand wat uitdeel: „Hij, dié uitdeelt, is Gód“.

Dan dien ook verder daarop gelet te word dat dít wat die diakens bedien, slegs die gelowiges se offers aan Christus is en nie sommer enige fonds uit enige kas wat deur middel van persveldtogte, koerantfondse, straatkollektes of skatkisbydraes bymekaargeskraap is nie; want

„Wie geeft, gelijk de Heere, legt het op zijn tafel. Van zijn tafel bedient de diaconie“⁴⁾.

Goed wat aan die heiliges bedien word, moet ook heilig wees, en wat Christus uitdeel, is heilig. Heiliging geskied deur die Heilige Gees, en dit is ondenkbaar dat, ook by die bediening van die barmhartigheid van Christus deur die diaken sowel as by die ontvangs en gebruik daarvan deur die gelowige, die Heilige Gees nie vertroos en versoen nie.

Wanneer die diakonale amp ten volle ontplooi en

1. KNAP: De Kerk, bl.198.

2. Ibid.

3. In die versamelwerk Herder en leeraar deur D.v.d. Stoep; Daamen's, 's-Gravenhage, 1941; bl.200.

4. Diaconaal handboek, bl. 15.

met heilige erns uitgeoefen word (so, asof dit 'n amp is wat vir die ampsdraers die moeite werd¹⁾ is om behoorlik uit te oefen), dan bestaan daar geen rede om te vrees dat die diakens nie voortdurend genoegsame middele tot hulle beskikking sal hê vir die daaglikse versorging van die armes nie²⁾.

In 'n artikel in die maandblad van die Gereformeerde Gemeente, Johannesburg-Suid³⁾, stel dr. J. H. Coetzee dit onder andere soos volg:

„Per slot van sake het ons hier ook te doen met 'n geloofsaak. As die Christelike barmhartigheid ons waarlik gelowige erns is, as dit ons eer en voorreg is om ons armes te versorg, as ons houding reg is teenoor die stoflike goedere wat God aan ons rentmeesterskap toevertrou het, kan ons saam met Abraham by Moria die geloofswoord spreek „Die Here sal voorsien". (Gen.22:8, 14). Dan kan ek ook nie glo dat die ewele dag om by ander te gaan vra, ooit vir die diensknegte van Christus wat staan in die amp van barmhartigheid sal aanbreek nie".

5.

Saam werk die drie ampte nou om die „heiliges toe te rus vir hulle dienswerk", wat onder meer inhou om hulle met die Wet van God as reël van dankbaarheid vertrou te maak. Dit is die „reël(s)" waarvolgens hulle moet lewe om onder andere in die sin van Rom.12:1, deur die ontferming van God hulle liggame te stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer: dit is hulle redelike godsdienst.

1. Gedagte van DR. G.M. PELLISSIER: a.w., bl.89.

2. Vergelyk hier die betrokke hoofstukke in die deeglike studie van J.H. COETZEE: Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1859-1949); op die pers.

3. Gemeentenuus; Jaargang III, nr. 5 en 6; Mei en Junie 1953.

Die Wet van God eis in hoofsaak¹⁾:

„Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete".

Daarom bestaan die toerusting van die heiliges vir hulle dienswerk deur die ampte dus daarin om elke lidmaat (gelowige) so te bearbei dat hy met sy hele hart (dit is priesterlik), met sy hele verstand (dit is profeties) en met sy hele krag (dit is koninklik), dit wil sê met sy hele liggaam, God kan dien as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer: dit is sy redelike godsdiens, sy kultuurtaak in sy amp as gelowige²⁾.

Met ander woorde, deur die bediening van die Woord en sakramente, deur die bediening van die regering en barmhartigheid van Christus word die lidmate en gesinne op meta-sosiale wyse geleer hoe om te lewe in die koninkryk van God³⁾.

Ons sal nou nagaan hoedat dit in praktyk geskied deur middel van onder andere die kerklike huwelik, die doop en die nagmaal, wat ek vervolgens nader bespreek.

a. Die kerklike huwelik.

Voor die kerklike huweliksbevestiging, word die huweliksgebooie van die bruid en bruidegom in hulle onderskeie gemeentes drie keer afgelees, om te verneem of daar iemand in die gemeente is wat wettige besware teen die vol-

1. Vergelyk Heidelbergse Kategismus, Sondag II, vr.4. Ek onderstreep.

2. Vergelyk o.a. KUYPER: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid; tweede hersiene druk, derde deel, bl.513-514.

3. Vergelyk ook latere hoofstukke hieronder.

trekking van die huwelik het. Hier tree die amp van die gelowige in werking. In sosiologiese terme kan gesê word dat die lede van die gemeenskap (gemeente) of groep nou die geleentheid het om die sosiale status (horisontaal en vertikaal), die prestige, lewensgewoontes ens. van beide egliede in hulle gedagtes te ondersoek en die voorgenome huwelik „sosiaal" te sanksioneer. As iewers in die gemeente(s) nou iemand is wat weet dat een of beide van die egliede 'n ontugtelike lewe lei, voorheen getroud was of nog steeds getroud is of enige rede hoegenaamd kan aanvoer waarom die huwelik nie mag plaasvind nie, is dit sy of haar plig om die kerkraad en familie van die betrokke egpaar daarvan in kennis te stel. Dit is 'n kragtige „sosiale" faktor ter voorkoming van oorhaastige of onoordeelkundige huwelike en reeds 'n voorkoming van egskeiding.

By die huweliksbevestiging in die kerk word die Woord van God verkondig. Op die meta-sosiale waarde hiervan is reeds gewys.

Die hoër eis wat die kerklike huweliksformulier ooreenkomstig die Woord van God aan die huwelik en met name die huwelikstrou stel, laat mens jou by die aanhoor of deurlees daarvan onwillekeurig afvra of die trou so dikwels ontrou sal word as dit ernstig uitgelewe word.

Wat hier egter weer in sosiologiese sin van belang is, is die huweliksbelofte wat deur beide egliede voor God en die gemeente as getuies afgelê word. Die sosiologiese waarde hiervan is moeilik te oorskat en is 'n kragtige behoudende element en 'n voorbehoedmiddel teen huweliksontrou, egskeidings, verlating, mishandeling van die vrou deur die man ens., want daarop volg sosiale

sanksies, sosiale isolering of afkouring deur die „ander mense". Die vraag: „Wat sal die mense sê - die mense wat getuies was van die plegtige belofte wat ons afgelê het?" is 'n nie te oorskatte voorkomingsmiddel vir daardie „sosiale euwel" egskeiding.

Tot die uitoefening van hierdie funksies word die gemeentelêde, die gelowiges, deur die ampte toegerus soos hierbo uiteengesit.

By huweliksplegtighede is dit soms gebruikelik dat die bruidegom 'n dankoffer (trougeld) bring, wat na die „armkas" gaan.

As die bruidegom weens armoede nie in staat is om na sy troue sy vrou en toekomstige gesin te onderhou nie, is dit die diakonie se plig om hom by te staan óf deur hom vooraf aan te raai om die huwelik uit te stel totdat hy oor die nodige middele beskik, óf deur hom te help om 'n beterlonende werk te bekom, óf deur hom op enige wyse, na die eis van die omstandighede, by te staan.

Dit is ook die ouderlinge se plig om oor beide egliede se leer en lewenswandel, sowel voor as in die huwelik, toesig te hou en hulle gedurig te troos, te vermaan en desnoods te tug.

b. Die doop.

Wanneer die ouers voor die preekstoel staan om 'n kind te laat doop, mag hulle nie sensurabel of reeds onder sensuur wees nie. Met ander woorde, hulle lewenswandel en lewenswyse moet goed en eerbaar wees. Dit veronderstel reeds die voorafgegane bearbeiding en toesig van die kerkraad, wat verseker dat geen ouers van „onsosiale gedrag" of ouers wat „maatskaplike euwels" bedryf, hulle kinders ten doop hou

nie.

By die aflê van die doopsbelofte voor God en die gemeente as getuie geld dieselfde oorweginge as by die aflê van die huweliksbelofte. Daarom word hier nie weer daaroor uitgewei nie, behalwe om die aandag daarop te vestig dat dit 'n kragtige middel is ter voorkoming van kinder-verwaarloosing ens.

Wat hier van ewe groot belang is, is die feit dat daardie kind wat nou gedoop word, in sonde ontvang en gebore is en dat hy van nature geneig sal wees om God en naaste te haat. Deur die Heilige Gees en die aanhoor van die Woord van God (later wanneer hy tot sy verstand gekom het) word hy, 'n gedoopte, 'n verbondskind, egter wedergebore en verander sy haat in liefde tot God en sy naaste; en deur die voortdurende bearbeiding deur die ampsdraers van homself en die gesin word hy mettertyd „geleer om te lewe“, om sy kultuurtaak, sy amp as gelowige, sy lewensroeping ooreenkomstig die eise van die liefde uit te voer en sy redelike godsdiens te beoefen.

Wanneer die kind se ouers nie die doopsbelofte nakom nie en hom verwaarloos of mishandel, ten spyte van die sosiale afkeuring deur die gemeente, dan moet die ouderlinge optree en die ouers vermaan en desnoods tug.

Wanneer die ouers 'n geregtelike misdaad teenoor die kind begaan, moet die owerheid ingryp deur middel van die polisie en die hof en moet die ouers desnoods deur geweld tot besef van hulle plig gebring word. Teen die tyd dat dit so ver kom, behoort die ouers egter reeds lankal onder kerklike sensuur te staan weens verbreking van die doopsbelofte. Uit die Woord van God moet ons aanneem dat dit dan, in die geval van gelowige ouers, nooit so ver as die

wêreldlike hof sal kom nie, omdat die kerklike bearbeiding (tug) hulle lank voor die tyd tot bekering (hervorming) sal dwing.

By die doopgeleentheid is dit gebruikelik dat die ouers 'n doopgif (doopgeld) as dankoffer bring, wat na die „armkas" gaan. Is die ouers daarenteen behoeftig, dan help die diakonie met doopklere ens. en ook met goeie middele om die kind te onderhou tot tyd en wyl hulle die vader weer kan help om 'n lonende betrekking te bekom. Dit spreek ook vanself dat die diakonie in sulke gevalle alreeds finansiële hulp verleen het by die bevalling as dit nodig was en die familie nie kon help nie.

Wanneer die ouers te sterwe kom, moet die diakens toesien dat die voogde (doopgetuies) of ander geskikte familieleden ens. intree vir die versorging van die kind. Dit geld ook vir die ouderlinge, insoverre dit die nakoming van die doopsbelofte deur die voogde (doopgetuies) betref. Hier moet die ouderlinge en diakens, soos tewens altyd die geval moet wees, baie intiem saam beraadslaag en werk.

c. Die Heilige Nagmaal.

Om aan die nagmaal deel te neem impliseer dat die doopsbelofte deur die ouers nagekom is, dat die dopeling tot sy verstand gekom het en dat hy deur die katekisasie, deur die huisbesoek en deur die bywoning van die eredienste so toegerus is dat hy tot aflegging van geloofsbelydenis voor God en die gemeente as getuies in staat was. Hier geld weer die waarde van die „sosiale faktor", waarop by bespreking van die huweliks- en doopsbeloftes gewys is.

Volgens die nagmaalsformulier mag „geen afgodsdienaars, almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander

skepselse aanroep; almal wat aan beelde eer bewys; alle towenaars en waarsêers wat vee of mense of ander dinge besweer en aan sodanige beswering glo; alle veragters van God, van sy Woord en van die heilige Sakramente; alle Godslasteraars; almal wat begeer om tweedrag, sektes en muitery in kerke en wêreldlike regeringe aan te rig, alle meinediges, almal wat hulle ouers en owerhede ongehoorsaam is; alle moordenaars en twissoekers en dié wat in haat en nyd teen hulle naaste lewe; alle egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, woekeraars, rowers, dobbelaars, gierigaards en al diegene wat 'n ergerlike lewe lei" (d.w.s. onsosiale gedrag openbaar of maatskaplike euwels bedryf) aan die nagmaal deelneem nie.

Dit is besonderlik die werk van die ouderlinge om in die huisbesoek hierdie sondes te bestry deur middel van vermaninge en tug oefening indien nodig.

Baie skematies en onvolledig maar genoegsaam vir die doel van hierdie verhandeling is nou, met verwysing na die huwelik, doop en nagmaal, aangedui hoe die pastorale werk in die praktyk fungeer en op organies-samehangende wyse meewerk tot wat Calvyn noem „the complete perfection of the church".

6. .

Dit is nou nodig om die amp waarin en die gesag waarmee die pastorale werker optree breedvoeriger toe te lig. As uitgangspunt by 'n bespreking van die amp en gesag van die pastorale werker dien weer geneem te word Ef.4:11-16, en dan meer bepaald die woorde:

„... om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus..".

Allereers moet die eintlike betekenis van die woord amp, d.w.s. „arbeid" of „diens"¹⁾, goed begryp word, veral met die oog op wat in die hierbo aangehaalde gedeelte gesê word van die dienswerk van die heiliges.

Die mens is gestel in die diens van God, as sy kneg, maar ook as sy ampsdraer, met 'n opdrag en 'n roeping waaraan hy moes voldoen met selfbewuste en opsetlike keuse, met selfstandigheid en inisiatief, en waarvan afgehang het sy eie toekoms sowel as die toekoms van die skepping waaroor hy aangestel was om dit te onderwerp en te beheers. Dit noem die Skrif dien en bedien. Beide. God dien, en Gods sorg en liefde aan die skepsele bedien²⁾. Albei is amptelik.

Duidelik het die woord „amp" dus 'n tweërlei betekenis, naamlik dien en bedien, en word dit ook soos volg toegepas en verstaan in die aangehaalde Skrifgedeelte, naamlik dat die pastorale amp gegee is om God se sorg en liefde aan die heiliges te bedien, om hulle toe te rus in hulle amp as gelowiges, d.w.s. om te dien.

Nou lê die karakteristieke van die pastorale amp nie in die dienende nie maar in die bedienende karakter daarvan³⁾.

Dit is dan ook algemeen gebruiklik om van enigeen wat in 'n betrekking staan, te sê dat hy in diens is, terwyl van die predikant oor die algemeen gesê word dat hy in die bediening staan as bedienaar van die Woord van God.

1. DR. K. SIETSMAN: De ambtsgedachte; S.J.P. Bakker, Amsterdam, z.j. (1952?); bl. 11-19.

2. Ibid., bl. 21; vgl. ook 1 Kor. 4:1.

3. Ibid., bl. 90.

„Bedienaar van die regering van Christus" sou dan 'n goeie naam wees vir die ouderling en „bedienaar van die barmhartigheid van Christus" vir die diaken¹⁾.

Die drie ampte is gelykwaardig. Die een heers nie oor die ander nie en is nie met meer gesag beklee as die ander nie; en watter amp kan met groter gesag beklee wees as die wat kragtens hulle amp met die sleutels van die hemelryk oop- en toesluit?²⁾ „Ik geloof niet," sê dr. Sietsma³⁾,

„ik geloof niet, dat er eenig mensch zooveel gezag heeft in de wereld, althans met zooveel gezag tot den ander komt, als de ambtsdrager in de Kerk des Heeren".

Die bekleder van 'n kerklike amp mag ook nie buite die gemeente woon nie, omdat die ampsdraer met sy amp aan die plaaslike kerk gebonde is⁴⁾. Hieruit is dit duidelik dat 'n pastorale werker juis 'n lid moet wees van die gemeente waarbinne hy optree. Selfs die teologiese student wat terwille van praktiese ondervinding tydelik in 'n gemeente werksaam is, is geen amptelike bedienaar van die Woord nie. Die katkisasieklasse wat hy waarneem is geen amptelike onderwys van die jeug van die gemeente nie, die huisbesoek en siekebesoek geen amptelike besoek nie, tensy 'n mens die „handigheid" aangeleer of bemagtig het om hom in die amp van ouderling te benoem, teen welke „handigheid" daar dan wel beswaar bestaan⁵⁾.

1. A.w., bl.92.

2. Matt.18:18: „Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees".

3. SIETSMA: a.w. bl.97.

4) Ibid., bl.112.

5. Ibid., bl.117.

Hieruit volg dus noodwendig dat as selfs die werk van so 'n teologiese student onder die lidmate nie amptelike pastorale werk is nie, die verpligtinge van die ampte nie afgeskuif of oorgedra mag word nie.

Immers, die weg waarlangs 'n bepaalde persoon in die amp te staan kom, is geleë in die roeping (vocatio) tot die amp¹⁾. So word die ampsbevoegdheid dan, deur die roeping, beperk tot die bepaalde persoon²⁾ en kan en mag die amp nie aan ander gedelegeer, oorgedra of op iemand anders of op 'n organisasie of kommissie afgeskuif word nie. Want juis omdat die bepaalde persone vanweë die vocatio in die amp staan,

„hebben zij niet anders te doen dan wat de meester hun oplegt en mogen zij ook in het minste niet hun eigen weg gaan, maar hebben zij én in de materie én in de forma van hunnen arbeid zich geheel te houden aan hun opdracht”³⁾.

Dit is in gehoorsaamheid dat Christus die versoening bewerk het en, deur sy verdienste, aan die besondere ampte die bediening van die versoening opgelê het deur die Woord van die versoening aan hulle toe te vertrou⁴⁾. So gebruik Christus hulle nou om sy liggaam, d.i. die Kerk, waarvan elke gelowige 'n lidmaat is, op te bou en om die lidmate vir hulle dienswerk, d.i. hulle amp as gelowiges, toe te rus.

1. Vgl. Hebr.5:4.

2. PROF.DR. W. GEESINK: Gereformeerde Ethiek, Deel II; J.H.Kok, Kampen, 1931; op bl.434 lui dit: „De actie nu, waardoor een bepaalde persoon in het ambt komt is de vocatio (Hebr.5:4). De ambtsbevoegdheid wordt door de vocatio beperkt tot dien bepaalden persoon”. Ek onderstreep.

3. BIESTERVELD: Het huisbezoek, bl.149. Ek onderstreep.

4. II Kor.5:18 en 19. Vergelyk Calvyn se kommentaar op hierdie Skrifgedeelte. Vergelyk in hierdie hele verband ook PELLISSIER: Huisbesoek, bl.1 - 25.

Paulus sê in sy Korinthiërbrief:

„Ons tree dan op as gesante om Christus wil,
asof God deur ons vermaan“¹⁾.

7.

Onder Calviniste is daar in die loop van die geskiedenis verskillende menings daarop nagehou oor die doel van pastorale werk. Die menings verskil egter meesal daarin of daar meer of minder aandag aan die natuurlike dinge, dit wil sê die tydelike behoeftes van die lidmate bestee behoort te word. Sodanige menings is meesal deur die tekens van die tyd beïnvloed.

So het ds. Sikkel byvoorbeeld in 'n artikel in De Zuid-Hollandsche Kerkbode van 19 April 1890²⁾ 'n houding ingeneem wat daarop dui dat hy, beïnvloed deur die destyds baie aktuele sogenaamde „sociale questie“, van mening was dat die pastorale werk van al drie ampte gesamentlik bedoel was en daarop toegespits moes word om die „sociale questie“ op te los. Onder die druk van dié „questie“ het hy momenteel die beginsel „soek eers die koninkryk van God“, uit die oog verloor.

Uit al die nageslane werke oor die doel van pastorale werk, soos dit meer bepaald in die huisbesoek tot uiting kom, vind P. Biesterveld se definisie die meeste byval vanweë sy gebalanseerdheid, sy eenheidskarakter en sy diepe greep „in de levenswortelen, uit welk heel de openbaring van het zijn opbloeien moet“. Die definisie lui

1. II Kor.5:20.

2. Aangehaal in Diaconaal handboek, bl. 41.

soos volg:

„Samengevat is dus het huisbezoek de arbeid aan de gemeente des Heeren door de dragers van het herderlijk ambt, bedoelende den geestelijken welstand van de leden der gemeente en de openbaring van dien welstand in het leven der natuur en der genade, welk doel het door vertrouwelijk samenspreken met de leden der gemeente zoekt te bereiken“¹⁾.

In sy Wet lê God op ons hele lewe beslag, geestelik sowel as gemeenskaplik („maatskaplik“), in elke lewensuiting van hoof en hart, van verstand en wil, van gedagte en daad. So word die nuwe lewe geheel en alle toewyding²⁾.

So gesien, mag die pastorale werker nie slegs volstaan met 'n sig tevrede stel daarmee dat al die individuele gelowiges se verhouding tot die kerk reg is nie. Pastorale werk sluit meer in: die onderlinge verhouding in die gesin en jeens die naaste; die lidmate se roeping sowel in stand en status as in broodwinning of broodsgebrek in die maatskappy, in een woord: die opwekking tot volbrenging van Gods heilige wil soos geopenbaar in sy Woord en Wet³⁾.

Die gevolg van sodanige pastorale werk moet noodwendig wees lewende, geaktiveerde lidmate, wat soos 'n suurdeeg in die maatskappy werk kragtens hulle amp as gelowiges in hulle drievoudige hoedanigheid van koning, prefekt en priester, en ten spyte van hulle geringe getalle 'n magtige invloed uitoefen in die volkslewe, in die staat, in evangelisasie en in sending. So sal hulle wees die sout van die aarde wat van binne uit dit wat laf was, weer goed

1. BIESTERVELD: a.w., bl.174.

2. Heidelbergse Kategismus, Sondag 12.

3. BIESTERVELD: a.w., bl.170.

laat smaak¹⁾.

Daarom is die dienswerk van die heiliges dieselfde as die lewenstaak, die kultuurtaak van die Christenmens, wat dan, in 'n vaste vertroue op die beloftes van God in sy Woord aan sy medearbeiders, met 'n strooiende hand die saad in die akker van die wêreld sal lê en die medium sal wees waardeur die stille beloftes wat God in die skepping gelê het, elkeen op sy bestemde tyd en op sy bepaalde plek tot werklike vervulling sal kom²⁾. Kultuur is immers:

„... het in sisteem gebrachte streven naar het procesmatig te winnen arbeidstotaal van het God toebehorende, zich met en voor den kosmos tot God in de historie evolueerende, in elk historisch moment aanwezige menscheidstotaal, dat zich tot taak stelt, alle in de schepping aanwezige krachten, al naar gelang zij in het kader van het historische verloop der wereld successief in zijn bereik zullen mogen komen te liggen, te ontdekken, ze te ontplooiën naar eigen aard, ze dienstbaar te stellen aan de naaste en verste omgeving, overeenkomstig de kosmische verbanden, en onder zelfbinding aan de normen van Gods geopenbaarde waarheid; dit alles ten einde de alzo gewonnen effecten hanteerbaar te maken voor den mensch als liturgische creatuur en daarna, mét dien zóó almeer bewerktuigden mensch zelf, ze te brengen voor God en voor Zijn voeten ze neer te leggen, opdat God in allen alles zij, en alle werk zijn Meester love³⁾”.

8.

Die nadruk val in die pastorale werk nie in die eerste plek op die natuurlike dinge nie, want - „soek eers

-
1. DR. K. DIJK: De Voorzienigheid Gods; Standaard, Amsterdam, 1927; bl.295 e.v.; ook van DR.K.DIJK: Kerk en Politiek, bl.56; asook SMITT: De Beteekenis van het Gereformeerde Beginsel voor de ambtelijke Vakken, bl.24 e.v.
 2. PROF.DR.K.SCHILDER: Christus en cultuur; T.Weaver, Franeker, MCMXLVIII; bl.51-52.
 3. SCHILDER: a.w. bl.54. Die kultuuropvatting van Dr.Ir.H. VAN RIESSEN in sy werk: De maatschappij der toekomst; Weaver, Franeker, 1953, kom in hoofsaak hiermee ooreen; vgl. o.a. bl.17,23,29,88,100,132,173,218,268 en 281. Vgl. ook: DR.G.BRILLENBURG WURTH: De Antithese in dezen tijd; J.H.Kok, Kampen, 1940; bl.24-39.

die koninkryk van God en sy geregtigheid,) en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word"¹⁾. Die hoogste belang wat deur die pastorale werk bevorder word, is immers die koninkryk van God.

(Die voortbestaan van die mensdom hang selfs in 'n sekere opsig af van die vraag of daar nog medemensse onder hulle beweeg van wie Christus soos in Luk.17:21 kan sê: „Die koninkryk van God is binne-in julle.”) Wanneer dit nie meer die geval is nie, sal dit gaan soos

„op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: ... op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig"²⁾.

Hierteenoor egter bestaan die versekering van God aan Abraham:

„... as ek in Sodom vyftig regverdiges vind binne-in die stad, dan sal Ek die plek spaar om hulle ontwil ... Ek sal dit terwille van (die) tien nie verwoes nie"³⁾.

Ter wille van die regverdiges dus en ter wille van die uitvoering van sy Raadsplan hou God die wêreld nog in stand. Ons kan die verhouding ook so uitdruk: daar is op die aarde 'n volk van God en die grenslyn lê in die Christelike doop (verbond). Uit die volk van God kom die leër (die kerk, ecclesia visibilis instituta et organica), en die moet nou die middel wees vir die stigting of, liever vir die koms van die koninkryk van God as regnum gloriae op aarde⁴⁾.

1. Matt.6:33.

2. Luk.17:27-29.

3. Gen.18:26 en 32.

4. GEESINK: a.w., bl. 423.

Mens kan dit nog verder so uitdruk dat in hierdie leër (die kerk) Christus die Hoofoffisier is, die pastorale werkers die onder-offisiere en die lidmate die manskappe wat veg vir die koninkryk van God; en hierin lê die betekenis opgesluit van die opdrag: „soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge (die proviand, die watervoorraad en die uniforms) sal vir julle bygevoeg word". Immers die Hoofoffisier is ook die Hoof van hierdie voorraadafdeling van die leër.

As ons dit deurdink en uitwerk, dan kom tenslotte die Christendom in al sy skoonheid en heerlikheid voor ons sielsoog te staan. Want dan is dit niks minder nie as die groot en eie werk van God Drie-enig, waarin die Vader die deur Hom geskape maar gevalle wêreld deur die dood van sy Seun versoek en deur sy Gees herskep tot die koninkryk van God¹⁾.

9.

Gevolgtrekking.

Die betekenis wat die voorgaande uiteensetting vir die doel van hierdie verhandeling het kan kortliks soos volg saamgevat word:

- a. Die pastorale werker het die besondere roeping om as instrument te dien deur wie die Drie-enige God sy koninkryk op aarde stig.
- b. Ter wille van die regverdiges en die volvoering van sy Raadsplan onderhou God die wêreld nog.
- c. In sy Raadsplan is inbegrepe dat in die kerk die pastoral

1. DR. H. BAVINCK: Verzamelde Opstellen; J.H.Kok, Kampen, 1921; bl.34.

werker die heiliges vir hulle dienswerk, hulle amp as gelowiges, hulle kultuurtaak, toerus.

d. Die pastorale werk geskied met meta-sosiale krag:

(i) die predikant verkondig die Woord van God, wat saam met die werking van die Heilige Gees wederbarende krag besit; dit verander die mens; dit keer nooit leeg na God terug nie;

(ii) deur die ouderling gebruik Christus die sleutels van die hemelryk as 'n kragtige meta-sosiale bekerings-(hervormings-) middel;

(iii) die diaken is net die hand deur wie Christus self sowel die rykes as die armes versorg; daarmee gaan die vertroostende en versoenende werking van die Heilige Gees gepaard.

e. Tesame is hierdie drie (die getal van volledigheid en genoegsaamheid) ampte voldoende en genoegsaam vir die volkome versorging van die gemeente na die tydelike sowel as die ewige lewe.

Die funksie van die pastorale werk kom eintlik dus deels daarop neer dat die pastorale werkers die instrumente is deur wie Christus die lede van sy Liggaam leer (hoe) om (saam) te lewe en (saam) te werk - d.i. om die gemeenskap van die heiliges te beoefen en om hulle kultuurtaak of amp as gelowiges uit te voer.

f. Hierdie optrede van die pastorale werk en die daaropvolgende leer en lewe word gedurig, maar ook op gesette geleenthede, getoets aan die Woord en Wet van God, soos kort saamgevat in die belydenisskrifte van die kerk:

(i) deur die gelowiges in hulle amp, deur in

die alledaagse lewe te let op die leer en lewe van hulle medegelowiges en die pastorale werkers, en ook ten tyde van kerklike huwelike, doopgeleenthede en nagmaalsvieringe (onderlinge sensuur);

- (ii) deur die pastorale werkers, deur in die alledaagse lewe en by huisbesoek te let op die leer en lewe van hulle ampsbroeders en die van die gemeentelede maar veral by geleentheid van kerklike huwelike, doopgeleenthede en nagmaalsvierings.

So word die heiliges voortdurend deur die konfessie gebind en getoets en gevolglik daarteen beskerm om soos golwe geslinger en heen en weer gewaai te word deur elke wind van lering.

- g. Omdat die pastorale werker in die besondere amp staan, vanweë die vocatio, bekleë hy die gesag waarmee hy as instrument van God met meta-sosiale krag die heiliges vir hulle dienswerk toerus¹⁾.

1. Van die resultaat van sodanige pastorale werk word onder andere getuig deur prof.H.Mc Clusky van die Universiteit van Michigan na aanleiding van 'n sosiologiese opmeting na die toenemende verwildering en stygende jeugmisdadisyfers in die V.S.A.: "...the survey showed that out of 660 boys and girls, 221 came from broken homes .. We shall soon have another lost generation of wandering tramps - the boys and girls of America. Our students from Michigan do not question these statistics. However, they feel that in other cities, such as Grand Rapids, the findings would not prove so disheartening. In the latter city the home influences and the church life seem to be much more nearly ideal. Evidently the parents and the ministers working together have helped to keep many homes from going on the rocks" (gesiteer uit A.W.BLACKWOOD: Pastoral work; Westminster Press, Philadelphia,MCMXLV; bl.16).

HOOFSTUK II.

DIE NOODSAAKLIKHEID VAN PASTORALE WERK.

1.

Tot sover is gehandel oor die objektiewe gebod tot die beoefening van pastorale werk. Soos hierbo uiteengesit is, is die pastorale werker die enigste offisiële, en met die nodige gesag beklede, bedienaar van die versoening, aan wie dit amptelik opgedra is om die heiliges, d.i. die gemeentelede, vir hulle dienswerk toe te rus sodat hulle aktief hulle kultuurtaak op 'n regsinnige manier sal uitvoer.

2.

Dat daar in die wêreld ook 'n ontsettende, meesal onbewuste, subjektiewe behoefte aan religieuse oriëntasie, d.w.s. aan bediening van die versoening, bestaan, word deur niemand minder as Freud en Jung teen die einde van hulle lewe getuig nie.

Jung sê onder andere:

„Among all the patients I have treated in the second half of my life ... there has not been one whose problem in the last resort was not that of finding a religious outlook on life. It is safe to say that every one of them fell ill because he had lost that which the living religions of every age have given to their followers, and none of them has been really healed who did not regain his religious outlook"1).

Soortgelyke gesaghebbende getuienis word uit verskillende ander lande van die wêreld verneem²⁾: Switzerland,

1. PRINGLE: Social Work of the London Churches, bl.258.

2. Ibid., hoofstuk V, asook DR.W.BANNING e.a.: Sosiologie en kerk; Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1951; hoofstuk IV. Hier kan die bronne „oneindig" vermenigvuldig word.

Engeland, Amerika, die Skandinawiese lande ens. In 'n referaat in 1936 voor die „Third International Conference on Social Work" in Londen gelewer, verklaar M. Vieillard, 'n vooraanstaande Switserse gesaghebbende dat sy volk uiterlik die bes versorgde maar innerlik die mees ongelukkigste volk ter wêreld is. As oplossing doen hy aan die hand - pastorale werk¹⁾.

3.

Daar is behoefte daaraan dat die herders weer pertinent die boodskap van die koninkryk van God en wat dit alles inhou, tot die skape moet rig, want selfs onder Christene is die diepe waarheid van hierdie boodskap reeds in 'n baie groot mate verdring deur denkbeelde uit die heersende winde van lering, soos maatskaplike welvaart, maatskaplike beplanning, bestaansbeveiliging ens.²⁾ *Ublas skryf - wat die werk aan die hand is.*

Dat die belofte, nl. „dat al hierdie dinge vir julle bygevoeg sal word", 'n konkrete waarheid is, word deur die geskiedenis gestaaf. Gelowig, van agter gesien, het die Christendom nooit in sy lang en ryk geskiedenis aan „hierdie dinge" groter behoefte as „die wêreld" gehad nie; inteendeel, die evangelie het soos 'n kragtige suurdeeg en 'n sout, vir die wêreld veel seëninge meegebring deur hervormend en vernuwend in te werk op die verskillende kringe van die menslike lewe: gesin, maatskappy, staat, beroep,

1. PRINGLE: a.w., bl.122.

2. Selfs JUNG sê: „The 'modern' man has lost all the metaphysical certainties of his medieval brother, and set up in their place the ideals of material security, general welfare, and humaneness. But it takes more than an ordinary dose of optimism to make it appear that these ideals are still unshaken... and if he ('modern' man) turns his gaze inward upon the recesses of his own mind, he will discover a chaos and darkness there which he would gladly ignore. ... I realize only too well that I am losing my faith in the possibility of a rational organization of the world" (gesiteer uit PRINGLE: a.w., bl.257 - 258).

bedryf, landbou, nywerheid, handel, wetenskap¹⁾, deur alle ontwikkeling en ontplooiing steeds te toets aan die wil van God.

„Het beschouwt alles van de ethische zijde, dat is, van dien kant, waarin al die toestanden en verhoudingen samenhangen met de zedelijke beginselen, die door God voor heel het menschelek leven zijn gesteld. Juist omdat het alleen de zonde bestrijdt, bestrijdt het die ook altijd en overal, in het hart en in het hoofd, in het oog en in de hand, in het gezin en in de maatschappij, in de wetenskap en in de kunst, ... bij de rijken en bij de armen, want alle zonde is ongerechtigheid, oortreding van Gods wet en bederf der natuur"2).

Deur in alle maatskaplike toestande teen die sonde te stry, word daar getrag om hulle ook te herstel ooreenkomstig Gods wil en om hulle te laat beantwoord aan hulle eie natuur³⁾.

En die vrugte? - Calviniste, Puriteine, „Pilgrim Fathers", Hugenate, Geuse, Voortrekkers, en Boere - medewerkers in Gods koninkryk en soekers na sy geregtigheid. Kultuurbouers in die ware sin van die woord⁴⁾. En onder medewerkers in Gods koninkryk verstaan ons dat die Almagtige in sy voorsienigheidswerk die skepsele nie as dooie dele van 'n masjien of as stokke en blokke in stand hou nie maar dat hy hulle onder en in hom as eerste oorsaak laat werk as tweede oorsake. Nie meganies nie maar organies gaan hy met die wêreld om. Alle valse, fatalistiese berusting en alle hoogmoedige selfvertroue sny die Skrif by die wortel af. Ons dink aan Cromwell se woorde, waarin ware vroomheid lê: „Trust God and keep your powder dry"5).

1. BAVINCK: a.w., bl. 149.

2. Ibid., bl. 150.

3. Idem.

4. Vergelyk weer DR.K.SCHILDER se omskrywing van die begrip „kultuur" soos hierbo aangehaal.

5. DR. K. DIJK: De Voorzienigheid Gods; Standaard, Amsterdam, 1927; bl.170 en 174.

Die koninkryk van God en sy geregtigheid in Christus is 'n tasbare, volkome betroubare realiteit, soos dit uit die ganse geskiedenis van die Christendom dan ook blyk. Dit is 'n nuwe mensheid, 'n herskape maatskappy¹⁾. Die lede van hierdie maatskappy, die heiliges, die verbonds-kindere, word vir hulle dienswerk amptelik toegerus, omdat die Koning van die kerk sy vergaderde gemeente bewaar en bou, sterk en heilig, vernuwe en toerus, regeer en versorg juis deur die diens van die ampte en hulle op hierdie wyse bekwaam om hier op aarde die goeie stryd te voer²⁾.

So het selfs die profete in die Ou Testament nooit die oorsaak van die ellende, waarin die volk telkens verkeer het, gesoek in die instellinge, in die „slegte“ inrigting van die staat of die sosiaal-ekonomiese orde, in die ongelykheid tussen arm en ryk nie. Hulle het nie opgetree as maatskaplike hervormers of as predikers van 'n nuwe „social gospel“ nie; maar tog neem hulle al die misstande in die maatskappy in hulle gesigskring op om dit te toets aan die Wet van God. En altyd weer word die oorsaak van hierdie misstande gevind in die hart van die volk, in die afval en bondsbreuk, in afgodery en wêrelddiens, in die afdwalinge van God en sy Woord. Daarom verwag die profete ook nie dat 'n maatskaplike hervorming die toestande van „sosiale ongeregtigheid“, onmatigheid, onsosiale gedrag, kinderverwaarlosing, misdaad ens. uit die weg sal ruim nie maar alleen 'n opregte terugkeer tot God en sy diens.

Ook Christus het tydens sy persoonlike omwandeling

1. BAVINCK: a.w., bl.22; asook PROF.DR.G.C.BERKHOUWER en DS.G.TOORNVLIET: Het dogma der kerk: Jan Haan, Groningen, 1949; bl. 489.

2. DIJK: Kerk en politiek, bl. 14.

op aarde nooit regstreeks vir die armes en verdruktes, die weduwees en wese, die slawe en dagloners as sodanig in die bres getree nie. Hy het nooit aangedring op sosiale hervorming nie. Hy het sosiale toestande aanvaar soos hulle was, nieteenstaande die feit dat tydens sy omwandeling op aarde in die volheid van die tyd sosiale ongeregtigheid sy toppunt bereik het. Christus het nie 'n enkele poging aangewend om daar 'n verandering in aan te bring nie, want „na hierdie dinge soek die heidene“¹⁾. Hy preek in die eerste plek die koninkryk van God en sy geregtigheid. Want hy het nie na die aarde gekom om aan armes en proletariërs 'n „menswaardige“ bestaan te verskaf nie.

Toe hy die dissipels vir hulle dienswerk toegerus het, was Jesus se prediking godsdienstig-sedelik, en dit het onder andere betrekking gehad op hoe hulle hulle in hulle privaat lewe moet gedra, en daarin het die sogenaamde passiewe deugde van selfverloëning en lydsaamheid, van ootmoed en liefde op die voorgrond gestaan²⁾.

Ook by die apostels tref ons dieselfde houding aan. Hulle wil blykbaar aantoon dat uitwendige omstandighede of maatskaplike toestande tot Christen wees niks af- of toedoen nie, want dit kom alles neer op die onderhouding van Gods gebod. Elkeen van hulle bly dus in, hou hom by en reken alleen met die roeping waarin hy tot die koninkryk Gods

-
1. Vergelyk bv. die kode van Hammurabi en die maatskaplike programmas van die heidense volke van daardie tyd, soos die Egiptenare, die Romeine, die Grieke ens. Sien in hierdie verband ook VAN RIESSEN: De maatschappij der toekomst; o.a. bl. 53 en 115.
 2. Tog, waar dit die koms van Gods koninkryk gegeld het, het Christus self ook weer 'n voorbeeld van aktiwiteit gestel, deur o.a. die ontheiligers met 'n sweep uit die tempel te drywe. Ons dink ook aan Cromwell, van wie gesê is dat hy in die stof voor sy Maker gekruip het maar sy voet op sy goddelose koning se nek gesit het.

geroep word. En dit kan 'n mens in elke lewenstaat doen. Van dié middelpunt uit werk dit dan hervormend en vernuwend op alle aardse verhoudings in. Die verskillende kringe van die menslike lewe, gesin, maatskappy, staat, beroep ens. het iedereen op sigself 'n sekere mate van selfstandigheid, wat hulle aan die geopenbaarde wil van God in hulle natuur te danke het, en elkeen ontwikkel en word in die loop van die tyd gewysig ooreenkomstig sy eie aard, onder die leiding van Gods voorsienigheid¹⁾.

Dit is van wesensbelang dat dit in die volheid van die tyd was, toe („sosiale”) ongeregtigheid op sy toppunt was, dat die apostels die ampte in die kerk ingestel het om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus. Werksure was in daardie dae langer, afstande moes te voet afgelê word, en die ampswerk moes te midde van vervolginge en onderdrukking gedoen word. En ten spyte van al die belemmering het daardie ampsdraers met hulle dae meer „gepreek” as met hulle woorde, en hulle het letterlik met hulle liefdesdae, met hulle herderlike werk die heidendom oorwin²⁾.

4.

Dit is 'n gemeenplaas dat die Westerse wêreld vandag 'n grootliks ontkerstende wêreld is³⁾. Dit is ewe-eens

-
1. BAVINCK: a.w. bl. 143 en 149; in hierdie verband ook T.C. DE VILLIERS: Die sosiale roeping van ons Kerk; Van Bottenburg, Amsterdam, 1922; hoofstuk I. Verder ook VAN RIESSEN: a.w., veral hoofstukke VI en VII, tesame met bladsye 53 en 115.
 2. PROF. P. BIESTERVEELD e.a.: Het Diaconaat; J.H. Witzel, Hilversum, 1907; asook DR. K. SCHILDER: De Openbaring van Johannes en het sosiale leuen; W.D. Meinema, Delft, 1951; bl. 17-18.
 3. Vergelyk BRILLENBURG WURTH EN WIERSINGA: Het Evangelie in een ontkerstende wereld; J.H. Kok, Kampen, 1953; veral hoofstuk IX.

'n gemeenplaas dat die Westerse wêreld vandag in 'n „maatskaplike krisis" verkeer. In sy diepste wese is die probleem van die maatskaplike krisis eintlik die probleem van die ontkerstening¹⁾.

Die maatskaplike krisis is al deur verskeie persone vanuit verskeie standpunte geanaliseer. Seker een van die mees bekende ontledings is gemaak deur Ferdinand Tönnies²⁾ met sy onderskeiding tussen „Gemeinschaft" en „Gesellschaft". „Gemeinschaft" is die vertroulike, intieme, huislike, duursame, egte samelewing. Dit word gekenmerk deur natuurlike geneentheid, innerlike natuurlike solidariteit en is vergelykbaar met 'n organisme.

„Gesellschaft" is uitwendige, koel saaklike, willekeurige, skynbare samelewing, wat miskien amper beter met die term samewerking bestempel kan word. „Gesellschaft" is vergelykbaar met 'n meganiese, kunsmatige eenheid, 'n masjien.

Tönnies sien nou die wese van die maatskaplike krisis hierin, dat die Westerse wêreld veral sedert die Industriële Revolusie geleidelik maar onkeerbaar en onomkeerbaar, teen sy eie belang maar noodgedwonge oorgegaan het en nog steeds oorgaan van 'n samelewingsvorm van „Gemeinschaft" na 'n samelewingsvorm van „Gesellschaft". Hiertoe werk die verstedeliking, die industrialisasie, groot belangeblokke, magtige politieke partye, ens., onverbiddelik mee.

-
1. Vergelyk o.a. BANNING e.a.: Sociologie en Kerk, asook PROF.DR. W. BANNING: Moderne maatschappij problemen; De Erven F.Bohn, Haarlem, 1953, en VAN RIESSEN: De maatschappij der toekomst.
 2. Gemeinschaft und Gesellschaft. Grundbegriffe der reinen Soziologie; vergelyk DR. R. VAN DIJK: Mens en medemens; Zomer & Keuning, Wageningen, 1954, vir 'n uiteensetting van die begrippe „Gemeinschaft" en „Gesellschaft" soos deur Tönnies uitgewerk; bl. 39 e.v.

'n Ander ontleding van die maatskaplike krisis is gemaak deur Ch. H. Cooley¹⁾. Hy onderskei ook, nes Tönnies, tussen twee tipes van samelewingsvorme, nl. primêre groepe en sekondêre groepe. In hoofsaak stem sy primêre groep met „Gemeinschaft" ooreen, terwyl die sekondêre groep met „Gesellschaft" ooreenstem. Die kern van die saak draai om die begrip gemeenskap. In die „Gemeinschaft" en in die primêre groep sou ons dan ware gemeenskap aantref (aangetref het), terwyl in die „Gesellschaft" en in die sekondêre groep ware gemeenskap ontbreek.

Saam met Tönnies, Cooley e.a. hunker miljoene en miljoene mense, die ganse Westerse wêreld terug na die verlore gemeenskap²⁾.

Hierdie feit is seker die mees ontroerende bewys van die diepe behoefte by die mensdom aan pastorale werk, aan bediening van die versoening.

Want wat is ware gemeenskap?

Ware gemeenskap is primêr 'n religieuse verhouding tussen die na die beeld van God geskape mens en sy God, wat in hierdie bedeling alleen deur die wedergebore en bekeerde mens gesmaak kan word. Gemeenskap tussen mens en medemens kan alleen dan ontstaan wanneer albei eers deur die geloof in

-
1. Social Organization; vergelyk VAN DIJK: a.w., vir 'n uiteensetting van die begrippe „primêre" en „sekondêre" groepe soos deur Cooley uitgewerk; bl.54.
 2. Vergelyk VAN RIESSEN: a.w., en BANNING e.a.: Sociologie en Kerk, bv. bl.66 waar dit o.a. lui: „Naar de aardse „Gemeinschaft" teruggaan is onmogelijk. Het hunkeren ernaar is begrijpelijk, maar het streven daarnaar is onvruchtbaar, is romantiek, een vlucht naar het verleden. De huidige structuur van onze Westerse samenleving met haar grote steden, grote bedrijven, grote belangenblokken, grote partijen, laat dit eenvoudig niet toe. Wij kunnen proberen te decentraliseren, regionaal en functioneel, maar daarmee krijgen wij de kleine „primary groups" niet terug. „Naar de gemeenschap terug is onmogelijk": dit bedoel ik natuurlijk niet voor de Kerk zelf. Een levende Kerk is per definitie een gemeenschap in Christus, eigenlijk de enige reële gemeenschap die bestaat".

Jesus Christus weer kinders van dieselfde Vader en dus broeders (en susters) in Christus geword het. Dit is die gemeenskap van die heiliges; daartoe is nodig geloof en liefde¹⁾.

Laasgenoemde verhouding kan tans alleen nog in die kerk bestaan en teruggevind word. So 'n gemeenskap in die kerk het juis in 'n krisistyd groter moontlikhede tot herstel, omdat die mens dan soek na beveiliging, bestaans-beveiliging, en dus geneig sou wees om daarvoor terug te val op hierdie laaste hoop²⁾... die versoening; as dit maar aan hom bedien sou word.

Uit hierdie behoefte aan bestaansbeveiliging („social security", maatskaplike welvaart) spruit die moderne neiging wat die eerste in Rusland, toe in Duitsland, Italië en Spanje en vandag ook in die Westerse demokrasieë Brittanje en Amerika byna 'n fanatieke obsessie geword het tot beplanning en nogeens beplanning van die „maatskappy"³⁾:

Die opdrag van God dat die mens moet werk, sy kultuurtaak binne die Goddelike Raadsplan moet verrig, is vergeet of reeds onbekend.

Daar is die noodsaak vir beplanning, maar die deur

-
1. PROF.DR.BRILLENBURG WURTH: Het Christelijk leven in de maatschappij; J.H.Kok, Kampen, MCMLI; bl.139-145.
 2. BANNING e.a.: Sociologie en Kerk, bl.67
 3. Vergelyk VAN RIESSEN: a.w., o.a. bl.191: „Ik doel op het primaat van het organisatorische en de daarvoor toegepaste wetenschappelijke methode van planning, gepaard met een technische integratie, een en ander ten dienste van het streven naar centrale beheersing der samenleving. En ik doel op het evenzeer collectivistisch streven om door geestelijke integratie van zo'n „Gesellschaft" door te stoten naar een totale gemeenschap". Vergelyk in hierdie verband ook BANNING: Moderne maatschappij problemen, die betrokke hoofstukke.

Mannheim gestelde vraag: „Who plans the planner?" is van die uiterste belang, omdat die maatskaplike krisis in die grond van die saak daarin bestaan dat die vertegniseerde massamaatskappy die teenwig behoef van die individuele terugkeer tot God¹⁾.

Andersins is

„de gesaeculariseerde atomaire massa ... zonder bekering tot de Oorsprong en de Levenswortel van het menselijk bestaan, waarin alleen de waarachtige gemeenschap is te vinden, alleen nog maar te collectiviseren tot een kunstmatige uitwendige eenheid binnen een almachtig totalitair massa-syndicaat, dat vooralsnog „Staat" heet"²⁾.

Hierdie totalitêre massasindikaat, wat voorasnog „Staat" heet, sinspeel op 'n proses, 'n ontwikkelingstendens in die moderne maatskappy, wat skynbaar uiteindelik sal uitmond in 'n totalitêre maatskappy, of die superstaat van die Antichris, waartoe die kerk en die gemeente met sy pastorale werkers vooraf genivelleer en prakties uitgeskakel („onskadelik"gemaak) moet word³⁾.

5.

Gevolgtrekking.

Met inagneming van dié in die vorige twee hoofstukke

-
1. BANNING e.a.: Sociologie en Kerk, bl.71: „Er is de noodzaak van een planning, maar de door Mannheim gestelde vraag: 'Who plans the planner?' dringt door tot de orde-naars. Institutionele integratie slaagt niet zonder geestelijke integratie, omdat de crisis van de wereld in de grond een 'crisis in valuation' is, omdat zonder een bewuste aanvaarding van nieuwe waarden de democratie geen zelfdiscipline kan opleveren, omdat de vertegniseerde massa-maatschappij het tegenwicht behoeft van de individuele inkeer tot God." Sien ook BRILLENBURG WURTH: a.w., bl.139-148.
 2. VAN DIJK: a.w., bl.30.
 3. Vgl. in hierdie verband die reeds aangehaalde werke van BANNING, VAN DIJK, SCHILDER, VAN RIESSEN, asook in die versamelwerk deur DR.W.BANNING e.a.: Sociologie en Kerk, die bydrae van DR. J.P. KRUIJT.

kan die gevolgtrekkings soos volg saamgevat word:

Dat hulle genivelleer en prakties uitgeskakel word mag die kerk en sy pastorale werkers nie toelaat nie, vanweë hulle amp, d.w.s. hulle verhouding tot hulle Hoof, Christus, en hulle is geroepe om dit te bestry, om met die leer van Christus vir die koninkryk van God te stry teen die ryk van die Antichris deur die volgende:

- a. In die gemeentes moet hulle die versoening bedien, sodat die gemeenskap van die heiliges versterk en uitgebou kan word, ten einde die ontkerstening (maatskaplike krisis) uit die midde van die gemeente te weer.

So bestry die pastorale werker inderdaad die ontkerstening (maatskaplike krisis) en die koms van die ryk van die Antichris, want deels ter wille van die regverdiges hou God nog die wêreld in stand (omdat die koninkryk van God binne-in hulle is).

- b. Hulle moet die heiliges vir hulle dienswerk, d.i. hulle amp as gelowiges, hulle kultuurtaak, toerus, want solank die mens se kultuurtaak nog nie afgedaan is nie, d.w.s. die Raadsplan van God nog nie volvoer is nie, hou Hy nog die wêreld in stand.

Hiertoe is die pastorale werker met die nodige goddelike gesag bekleed, want Christus, die Hoof van die kerk, werk deur hom vir die instandhouding van die gemeente. Dit gee aan die optrede van die pastorale werker die nodige krag, want daar is meer as sosiale krag, d.w.s. meta-sosiale krag, nodig ten einde die ontkerstening (maatskaplike krisis) teen te werk ter wille van die koms van die koninkryk van God.

Daar bestaan dus 'n voortdurende behoefte aan pastorale werk in die gemeente¹⁾.

1. „Zij mag als ideaal stellen, dat gemeentebesef alle scheidslijnen van klasse, stand, politieke overtuiging of beschavingspeil doorkruist“, sê J.P.KRUIJT in die versamelwerk deur BANNING e.a.: Sociologie en Kerk, bl.63.

D E E L I I I .

M A A T S K A P L I K E W E R K .

H O O F S T U K I I I .

D I E O N T S T A A N E N O N T W I K K E L I N G V A N
P R O F E S S I O N E L E M A A T S K A P L I K E W E R K .

Die ontstaan van professionele maatskaplike werk word byna sonder uitsondering deur alle skrywers teruggevoer tot die optrede van 'n sekere Thomas Chalmers in die stad Glasgow tussen die jare 1815 - 1823.

Die optrede van Thomas Chalmers in Glasgow sou die spoorslag gewees het tot die stigting van, onder andere, die volgende¹⁾:

- (a) Die „Metropolitan Visiting and Relief Association" in Engeland in 1843 (M.V.R.A.);
- (b) die stigting van die Elberfelderstelsel in Duitsland in 1852;
- (c) die stigting van die „Charity Organization Society" (C.O.S.) in Londen in 1869;
- (d) die stigting van die „Charity Organization Society" in Buffalo in die V.S.A. in 1877, en later talle van hierdie organisasies dwarsdeur die V.S.A.

1. Sien H.WITMER: Social work, bl.156; WARNER, QUEEN & HARPER: American charities and social work; Crowel Co., New York, fourth edition, 1942; HELEN CLARKE: Principles and practice of social work; Appleton-Century Co., New York, 1947, asook KAMPHUIS e.a.: Helpen als ambacht, bl. 42 en 50, en HERBERT HEWITT STROUP: Social work. An introduction to the field; American Book Company, New York, 1948; bl.47-48.

Dit sal dus nodig wees om aandag te skenk aan die aktiwiteite soos hierbo vermeld. Omdat, soos later sal blyk, die verband tussen die M.V.R.A. en die C.O.S. in Engeland so nou en innig was dat hulle nie van mekaar losgemaak kan word nie, sal hulle gesamentlik bespreek word. In volgorde sal dus behandel word:

1. die optrede van Thomas Chalmers in Glasgow;
2. die Elberfelderstelsel in Duitsland;
3. die M.V.R.A. en C.O.S. in Engeland;
4. die C.O.S. te Buffalo en elders in die V.S.A.

1.

Die optrede van Thomas Chalmers in Glasgow, 1815-1823.

Net soos oral elders in die wêreld was ook in Skotland die agttiende eeu 'n periode van insinking van die godsdienstige lewe. Veral was daar in sekere lae van die samelewing 'n totale ontsinking aan alle geestelike en sedelike besef. Ook in die Presbiteriaanse Staatskerk, wat in die dae van John Knox so vuriglik „Puriteins" en feitlik onverdraagsaam was, het „redelikheid" en „gematigdheid" geheers.

Maar teen die begin van die negentiende eeu ontstaan hier 'n roering en herlewing in die doodsheid, wat tot uiting kom in 'n terugkeer tot 'n deurleefde ortodoksie¹⁾.

Die besielende krag hierin is Thomas Chalmers (1780 - 1847), naas John Knox die grootste hervormer in Skotland en een van die leidende figure in die gereformeerde Protestantisme van die vorige eeu.

1. PROF. DR. J. WATERINK e.a.: Cultuurgeschiedenis van het Christendom; Elsevier, Amsterdam-Brussel, 1951; deel IV, bl. 255.

Met 'n strikte handhawing van die leer van die Reformasie in Calvinistiese sin het Chalmers 'n kragtige besef van die roeping van die kerk ten aansien van die praktiese maatskaplike vraagstukke van sy tyd verenig.

Die eerste lei tot 'n breuk met die Staatskerk. Onder leiding van Chalmers skei driehonderd-en-dertig predikante saam met die grootste gedeelte van die gemeentelede hulle af en stig die „Free Church of Scotland". In hierdie Kerk word 'n gesonde en bloeiende gemeentelewe van streng regsinnige karakter geopenbaar¹⁾.

Getref deur die sosiale wantoestande onder die industriële proletariaat in die groot Skotse fabriekstede, het hy besef dat 'n werk - en kragdadige roeping - vir die kerk wag onder hierdie nuwe, grootstedelike, georganiseerde industriële omstandighede van die moderne tyd. Hierdie diepversonke, armlastige massas in die agterbuurtes moes bereik word.

Dit het hy gedoen deur 'n sterk vermeerdering van die aantal gemeentes („parochies") en predikante, sodat laasgenoemde hulle herderlike arbeid op intensiewe en deeglike wyse kon verrig. Maar hy het ook begryp dat die kerk sy plig sou versuim as hy hom nie behalwe oor die mense se innerlike nood ook oor hulle materiële nood sou bekommer nie. Daarom gaan hy oor tot 'n grondige reorganisasie van die barmhartighheidsdiens van die kerk, waarvoor die middele tot dusver deur die Staat uit die armbelastings verskaf is. Hierdie staatsteun het Chalmers beskou as sedelik sowel as ekonomies skadelik en 'n aanfluiting van die Christelike

1. WATERINK e.a.: a.w., deel IV, bl.255-256.

barmhartigheid en solidariteit. Daarom wys hy voortaan alle staatsteun van die hand, terwyl hy op kragtige wyse weer die diakonaat herstel, wat voortaan weer slegs met die lidmate se dankoffers sou werk en wat deur gereelde diakonale huisbesoek in voortdurende persoonlike kontak met die lidmate sou kom.

Hy het hierdie roeping van die kerk met verrassende sukses in praktyk gebring en ten duidelikste bewys dat die Calvinisme in staat is om ook in die sosiale moeilikhede van die moderne tyd die regte weg aan te wys¹⁾.

So groot was sy sukses dat sy metode van optrede oor die hele Engeland en Wes-Europa roem verwerf het. Pringle²⁾ beweer dat hierdie reorganisasiewerk die vermaardste onder Chalmers se vele roemryke prestasies was, terwyl Carlyle elders verklaar het: „With a Chalmers in every British parish much might be possible".

2.

Die Elberfelderstelsel in Duitsland, 1852.

Die gesaghebbendste werk oor die ontstaan van professionele maatskaplike werk is m.i. die van J.C.Pringle, Social work of the London churches. In hierdie werk word nie een keer na die Elberfelderstelsel, wat in 1852 in Duitsland gestig is, verwys as aanleidende oorsaak tot die ontstaan van die maatskaplike werk-professie nie, hoewel in ander werke soms wel sodanige bewerings gemaak word.

Die verband wat deur onder andere Clarke, Warner Queen en Harpor en Kamphuis tussen Chalmers se optrede en

1. WATERINK e.a.: a.w., deel IV, bl. 257.

2. Social work of the London churches, bl.201, noot. Hierdie werk van Pringle is 'n amptelike publikasie van die M.V.R.A.

die Elberfelderstelsel gelê word is, myns insiens, nie 'n oorsaaklike verband nie maar eerder 'n ooreenstemmende verband vanweë hulle gemeenskaplike grondslag. Albei was immers, om Kamphuis se woorde te gebruik, erfgename van die Gereformeerde prinsipes¹⁾.

Aanleiding tot die stigting van die Elberfelderstelsel was die afwesigheid en/of onontwikkelde instituering van die kerklike ampte in die opvatting van die Lutherse Kerk, as gevolg waarvan pastorale werk, met sy magtige invloed op die volkslewe, totaal afwesig was. Miskien juis as gevolg hiervan kom hierby nog die feit dat die liberalisme en materialisme gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu hulle stempel op die volkslewe afgedruk het, wat 'n grootskaalse sekularisasie ten gevolg gehad het²⁾.

Meer direkte aanleiding tot die stigting van die Elberfelderstelsel was egter die feit dat die diakonale barmhartighedsamp, vanweë die opvatting van die Lutherse Kerk, totaal ontbreek het en armversorging deur die owerheid uit die owerheidskas, in die vorm van aalmoesery, plaasgevind het, met die noodwendige gevolg van grootskaalse bedelary, leeglopery en algemene sedelike verval³⁾, waartoe ook die „Aufklärung" sy onvermydelike bydrae gelewer het⁴⁾. Vanweë die prinsipiële en tradisionele beskouing in die

1. KAMPHUIS e.a.: Helpen als ambacht, bl. 42 en 50.

2. WATERINK e.a.: a.w., deel IV, bl. 265.

3. BIESTERVELD e.a.: Het diaconaat, bl. 193, e.v.

4. WATERINK e.a.: a.w., deel IV, bl. 98 e.v.

gereformeerde kerke het ouderling Daniel von der Heydt en geesgenote moeitevolle pogings aangewend om die armversorging amptelik deur die kerk te laat geskied, en eers nadat die Nederlandse Gereformeerde Kerk te Elberfeld moeitevolle maar vrugtelose pogings aangewend het om die owerheid te oorreed om die kerk toe te laat om uit eie middele sy armes self te onderhou, het ouderling Daniel von der Heydt, 'n gereformeerde Christen in hart en niere, na vore gekom met 'n voorstel wat gelei het tot die stigting van die Elberfelderstelsel¹⁾.

Biesterveld beweer in Het diaconaat²⁾ dan ook tereg dat die Elberfelderstelsel in die grond van die saak niks anders was nie as „de inrichting van het gereformeerde diaconaat overgebracht op burgerlijk terrein”.

Na aanleiding hiervan beweer Kamphuis dan ook tereg dat hoewel die Elberfelders by Chalmers, erfgenaam van die Calvinistiese beginsels, in die leer was, dit hulle tog nie geluk het om die diakonale barmhartigheidsdiens in ere te herstel nie, en dit het gevolglik 'n owerheidsaangeleentheid geword³⁾.

Die Elberfelderstelsel het kortliks daarop neergekom dat die stad Elberfeld in wyke verdeel is. Die wyke is so klein gesny dat elkeen uiters van drie to vier arm gesinne ingesluit het. Oor elke wyk is 'n vrywillige persoon as armversorger aangestel, by wie die armes uit daardie wyk dan hulle aansoeke om armsorg uit die owerheidskas ingedien het. Die armversorgers het dan die aansoeke ondersoek, en armsorg

1. BIESTERVELD e.a.: a.w., bl. 199.

2. Idem.

3. Vergelyk ook DE VILLIERS: Die sosiale roeping van ons Kerk, bl. 205.

is slegs aan waarlik behoeftige persone uitgedeel. Die doel van die stelsel was om onnodige bedelary en leeglopery uit te skakel.

Die stelsel was 'n besonder groot sukses. Dit het die owerheidsuitgawe aan armsorg en gevolglik ook die arm-belasting in 'n baie kort tydjie met meer as die helfte verminder.

Die geheim van die sukses was geleë in die feit dat die armversorgers spoedig al die armes in hulle wyke persoonlik geken het. 'n Arme kon net by die armversorger in sy eie wyk om ondersteuning aansoek doen. Die armes in sy wyk was dus vir die armversorgers geen vreemdes meer nie en kon hom gevolglik ook nie met leuens en valse verklarings mislei ten einde ongeoorloofde ondersteuning te ontvang nie.

Die stelsel het so beroemd geword dat dit spoedig in ander Duitse stede navolging gevind het.

Min of meer dieselfde toestande wat tot die stigting van die Elberfelderstelsel aanleiding gegee het, maar meer bepaald die afwesigheid van pastorale huisbesoek in die Lutherse Kerk het in 1848 aanleiding gegee tot die stigting van die sogenaamde „Innere Mission" deur Wichern. Die Lutherse Kerk is naamlik om prinsipiële redes gekant teen pastorale huisbesoek¹⁾.

Die „Innere Mission" of „Inwendige zending" is 'n eienaardige vermenging van die leeramp met dié van die barmhartigheidsamp in die Lutherse volkskerk, of licwer staatskerk. Dit kom baie ooreen met die Heilsleër, wat onder soortgelyke omstandighede, nl. afwesigheid van pastorale werk in Calvinistiese sin in die Anglikaanse

1. BIESTERVELD: Het huisbezoek.

Staatskerk deur Booth gestig is. Die vernaamste kenmerk van die „Innere Mission" en die Heilsleër is geleë in straatprediking maar meer besonderlik in die oprigting van inrigtings soos hospitale, kindertehuse, ouetehuse ens., waarbinne dan onder die armes evangelisasiewerk gedoen is¹⁾.

Die grondslag en metode van die „Innere Mission" (en die Heilsleër) is egter aan die Calvinistiese beginsels heeltemal vreemd, en daar bestaan dus geen oorsaaklike verband tussen die Elberfelderstelsel en die „Innere Mission" nie. Daar bestaan ook geen oorsaaklike of innerlike strukturele verband tussen die „Innere Mission" en die ontstaan van moderne professionele maatskaplike werk nie.

Tussen die innerlike strukturele karakter van die Elberfelderstelsel en die moderne professionele maatskaplike werk word deur verskeie skrywers, soos aangetoon, egter wel 'n oorsaaklike verband vermeld, hoewel dit myns insiens egter net 'n ooreenstemmende verband is.

3.

Die M.V.R.A. (1843) en C.O.S. (1869) in Engeland.

Net soos in die geval van die optrede van Chalmers in Glasgow en die van von der Heydt in Elberfeld is die stigters van die „Metropolitan Visiting and Relief Association" en die „Charity Organization Society" ook deur gods-

1. Sien in hierdie hele verband: BIESTERVELD e.a.: Het diaconaat; BRILLENBURG WURTH EN WIERSINGA: Het evangelie in een ontkerstende wereld; GREYLING: Die N.G.Kerk en armsorg; KAMPHUIS e.a.: Helpen als ambacht; DR.PH.J. IDENBURG e.a.: Evangelische benadering van de mens; Keulen, Delft, 1951.

dienstige oorweginge en oorweginge van kerklike organisasie of disorganisasie geïnspireer, met dié verskil egter dat laasgenoemde twee organisasies in en deur leidende figure in die Anglikaanse Staatskerk gestig is. Anders egter as in die gevalle van Chalmers en von der Heydt, wat uit prinsipiële oorwegings gehandel het, het die betrokke Anglikaanse geestelikes op opportunistiese wyse uit praktiese oorwegings gehandel.

Domheer Samuel Barnett kla teen die middel van die negentiende eeu dat „the Church of England has failed to gain the masses of the working classes to the Lord". Hierdie toestand het, net soos in die geval van die Lutherse Kerk in Duitsland, ontstaan uit 'n gebrek aan kontak tussen die Kerk en sy miljoene lidmate. Die metode van huisbesoek deur die pastorale ampte, waardeur hierdie kontak bewerkstellig kon word, was nie in die Anglikaanse Kerk bekend nie, met die gevolg dat daar bloot op die prediking van die Woord deur die lecramp in leë kerkgeboue staatgemaak is. Dit was juis onder andere ook hierdie toestande wat manne soos Wesley en Booth gedwing het om te breek met hierdie tradisionele metode en mettertyd oor te gaan tot die stigting van „methodist societies" en die „Salvation Army".

Hierdie probleem is ook deur Gladstone en biskop Blomfield sterk ter harte geneem. Hulle worstel naamlik met

„this mighty question - what is the nature of a Church? and what the duties, titles and symbols of faithful membership - which in diverse forms had shaken the world over so many ages"¹⁾.

1. PRINGLE: Social work of the London churches, bl. 164.

' Gladstone was die sentrale figuur by die stigting van beide die M.V.R.A. (1843) en die C.O.S. (1869), en beide organisasies is uit hoofde van presies dieselfde oorewegings gestig.

Dit is daarom miskien van belang om kortliks na te gaan watter invloede op Gladstone ingewerk het en uiteindelik gelei het tot die stigting van die organisasies. Ons doen dit aan die hand van die werk van J.C. Pringle se „Social work of the London churches", 'n offisiële publikasie van die M.V.R.A.¹⁾.

Ten einde 'n antwoord te kry op die vraag waarmee hy, soos hierbo aangetoon is, geworstel het, het Gladstone in 1828 Hooker se Ecclesiastical Polity dwarsdeur gelees - wat op sigself al geen geringe prestasie was nie. In 1832, nadat hy reeds vyf jaar lank 'n persoonlike vriend van Thomas Chalmers was, is hy skielik oorweldig deur die gedagte aan 'n kerk wat saamgeweef is met die ganse menslike bestaan. In 1837-1838, die jaar toe hy ook deel uitgemaak het van die aandagtige gehore wat tot verstikkings toe die lesingkamers van Thomas Chalmers toegepak het, skryf hy sy eie werk, The State in its relation to the Church. Gladstone en Chalmers was toe alreeds tien jaar lank persoonlike vriende²⁾.

Nie alleen Gladstone nie maar ook biskop Blomfield het onder die invloed van Thomas Chalmers gekom, want toe Blomfield 'n beroep doen om geld om vyftig kerke te bou,

1. Pringle en sy medestanders het met hierdie publikasie hoofsaaklik ten doel „... to recover the ideal of pastoral family visitation" (bl. vii).

2. PRINGLE: a.w., bl. 181; 201-202; 197.

het Chalmers hom sterk gekritiseer en aangeraai om liever te begin deur een gemeente (parish) deeglik te organiseer¹⁾. Die praktyk in die Anglikaanse Kerk was naamlik om in byna elke straat 'n kerk te bou in die hoop dat die aantal kerk-besoekers uit die ontkerstende massas op dié manier sou vermeerder en die kontak tussen kerk en lidmate sou verbeter.

Onder hierdie omstandighede is die „Metropolitan Visiting and Relief Association" gevolglik in 1843 deur Gladstone in samewerking met Charles Blomfield, Biskop van Londen, gestig, en in 1869 is die „Charity Organization Society" ook deur Gladstone, hierdie keer in medewerking met Ruskin, Octavia Hill, Charles Bousanquet e.a., in Londen gestig²⁾.

Dit is, met die oog op die latere ontwikkelings, van belang om te let op die samestelling van die organisasies, wat naamlik bestaan het uit 'n groep („band") persone, ongeag watter geloofsoortuigings hulle gehuldig het („irrespective of creed or social consequence"), onder voorsitterskap van die predikant (clergyman) van die gemeente (parish) waarin hulle gewerk het³⁾.

Die werksaamhede van hierdie organisasies het hulle op dieselfde uiterlike patroon ontplooi as die gemeentelike reorganisasie van Thomas Chalmers in Glasgow en die Elberfelderstelsel in Duitsland. Die gemeente (parish) is naamlik in wyke verdeel, waaroor vrywillige besoekers („friendly visitors") aangestel is, wat dan huisbesoek doen na die voorbeeld van die praktyk wat uit die Calvinis-

1. PRINGLE: a.w., bl. 197.

2. Ibid., bl. 188.

3. Ibid., bl. 191.

tiese beginsels ontwikkel het en in Glasgow en Elberfeld toegepas is.

✓Uit die aktiwiteite van hierdie twee organisasies, voortgesit deur onder andere die C.O.S. in Amerika, het die praktyk ontstaan wat vandag bekend staan as die maatskaplike gevallewerk („social casework”), wat deur professionele maatskaplike werkers beoefen word¹⁾.

Met groot entoesiasme het Gladstone en sy medestanders hulle ideale nagestreef en aanvanklik groot sukses behaal. Daar het 'n kragtige herlewing van belangstelling in die kerk ontstaan, en talle (later) gesiene Anglikaanse geestelikes het tot die kerkdiens toegetree²⁾.

Vanweë die noue verband tussen die Anglikaanse Kerk en die staat het die ideale van kerk en staat vir hulle min of meer saamgeval, want:

„they believed that the troubles which threatened the peace, prosperity, and order of the kingdom could best be met by what we to-day call 'Family Casework' - what they conceived to be the essential function of the parochial clergy, their workers and visitors ...”³⁾.

Hulle het nou vas geglo dat „English democracy, as Mr. Gladstone was building it, had a new and priceless lesson to

1. PRINGLE (a.w., bl.165) sê: „They aimed at intensifying two things both of which already had a history of centuries, nay, of milleniums, viz. Parochial Service and the Case-work Method, i.e. the study and succour of need and trouble in the setting of the home, the street, the neighbourhood”; en op bl. 183: „Commencing operations at a time when Thomas Chalmers was at the height of his fame and influence we are not surprised to observe that the Visiting Societies .. proceeded by the method now known all over the world as 'Family Case-work'”.

2. Ibid., bl. 170. Matthew Arnold het hierdie nuwe beweging met sy besondere metodes bestempel as „Christ's Method of Inwardness” (bl.169).

3. Ibid., bll. 164 en 165.

teach the whole world"¹⁾.

Hulle optimisme was egter van korte duur, want 'n nuwe wind van lering, teen die geweld en populariteit waarvan hulle nie weerstand kon bied nie, het opgesteek en hulle hoë verwagtings voor hom weggegee. Die demokrasie het 'n wending geneem wat uiteindelik al hulle hoë verwagtings in duie laat stort het, toe in 1889 aan die oudste en beroemdste opleidingsentrum, die trots van die Anglikaanse Kerk, aan skoolseuns Huxley se Life of Hume in die hand gegee is. Toe hierdie selfde seuns drie jaar later hulle studie aan die Universiteit van Oxford voortsit, is aan hulle as eerste handboek Herbert Spencer se Data of Ethics oorhandig²⁾.

Die gevolg van die indoktrinerings deur die humanistiese ideologieë, waarin Herbert Spencer 'n leidende aandeel gehad het³⁾, was dat die leiding in en die invloed van die Kerk en sy geestelikes op die samelewing langamerhand vervang is deur die „gemeenskap" (community), in hulle „plans for improving human relationships"⁴⁾.

Maar nie alleen dit nie, selfs die opleiding van

1. PRINGLE, a.w., bl. 171.

2. Pringle (a.w., bl.173) sê hiervan: „(Huxley) scarified the documents, dignitaries, and traditions of the Church with a humour and brilliance which were found irresistible. Herbert Spencer undertook to reconstruct human society upon rationalist principles. Boys who sat in Winchester College Chapel in the eighties, and heard the school missionary .. preach, were incapable of doubting that they were receiving the true call to the highest of life's vocations. The lads who came in contact with the cheap popularization of materialism and atheism in the first decade of this century exclaimed, 'Why, of course! THIS is true!' The ablest Balliol undergraduates of those years assure us that .. what was inculcated was 'Simple Webb-Socialism'".

3. Vergelyk Henriette Barnett se biografie oor haar man, domheer Samuel Barnett.

4. PRINGLE, a.w., bl.92. In 'n voetnoot kla die skrywer: „... the clergyman finds his 'occupation gone'".

die geestelikes was in 'n chaotiese toestand, omdat die publieke opinie en die volk se denke in dieselfde chaotiese toestand was vanweë die „pearoup fog which spread over that thinking“¹⁾.

Die gevolg was onder andere dat toe die Parlement in 1908 die eerste Ouderdomspensioenewet promulgeer, hulle spottend die voorstel verwerp het dat die gemeentelike ampsdraers van die Kerk met die administrasie daarvan behulpzaam moet wees²⁾ - 'n voorstel wat per slot van sake tog nie vergesog was nie, aangesien die geestelikes in die Anglikaanse Kerk in 'n sin staatsamptenare is.

Dit is opmerklik dat daar nou teen 1892 onder hierdie omstandighede die behoefte daaraan ontstaan om maatskaplike gevallewerkers op te lei. Dié opleiding het voorlopig nog geskied in „Women's Settlements“³⁾.

Die geestesstroming van hierdie tyd word daardeur gekenmerk dat die „Gladstonian Liberalism“, met sy sterk godsdienstige inslag, langamerhand vervang word deur die sekulêre sosialisme, wat sy vernaamste voorstanders gevind het in figure soos Huxley, Spencer, die Webbs, Bernard Shaw e.a., met hulle populêre krete oor maatskaplike welvaart, wat vandag skering en inslag van byna alle politieke partye is⁴⁾, met die gevolg dat

„To-day a social philosophy which substitutes gadgets - marvellous, ingenious, magic-working,

1. PRINGLE: a.w., bl. 94.

2. Ibid., bl. 174.

3. Ibid., bl. 190-191. 'n Goeie denkbeeld van die aard van die opleiding aan hierdie inrigtings kan verkry word uit die Levenschets van Mevr. Annie Stofberg (geb. Hofmeyr). Mev. Stofberg, in lewe eggenote van wyle ds. P.B.J. Stofberg, deur wie die lewenskets geskryf is, was verbonde aan die Vroue-Sendingbond van die Kaapse N.G.Kerk en is op die sendingvelde te Mochudi, waar haar man sendeling was, oorlede. Sy het, o.a., opleiding aan so 'n inrigting te Liverpool ontvang.

4. Ibid., bl. 113.

„bewitching, exquisite gadgets - for sad, weary, stumbling, shamefaced souls, has successfully evicted the Church from the field of her service"1).

Teen hierdie geestesstroming, wat sy wortels in 'n groot mate in die idees van die Franse Revolusie gehad het, het Thomas Chalmers reeds vroeg gewaarsku²⁾.

Van die oorspronklike doelstellings van die M.V.R.A. en die C.O.S., naamlik om die kontak tussen die kerk en sy lede te versterk, het dus uiteindelik niks tereg gekom nie³⁾. Pringle sê:

„... we must ... ask how that surge (-into Parochial Service-) came to be submerged in another flood ... - not the Parochial Idea, but the notion of a highly but quite mechanically articulated social life, functioning more and more perfectly on paper, but accompanied - with or without any connecting-links - by a rapid decay of its vital energy"4).

4.

Die C.O.S. te Buffalo en elders in die V.S.A.

Die hawestad Buffalo het vroeër New Amsterdam geheet en was oorspronklik die setel van Calvinistiese

-
1. PRINGLE: a.w. bl. 155. Vergelyk ook BRILLENBURG WURTH EN WIERSINGA: Het Evangelie in een ontkerstende wereld, bl.112-115, oor sekularisasie.
 2. Levensschets van Thomas Chalmers, uitgegeven door de Vereeniging ter bevordering van Christelijke Lectuur; Marais, Kaapstad, 1865; bl.105-106.
 3. „Meantime, the science, art, and discipline of this pastoral service have left old England and passed to the New York, Philadelphia, Toronto, Stockholm, and Vienna Schools of Social Work" - aldus PRINGLE: a.w., bl. 103.
 4. Ibid., bl. 113.

Hollandse immigrante, wat kerklik deur sieketroosters bedien is¹⁾.

Soos dit met enige belangrike hawestad gaan, het die bevolking van die stad vroeg reeds 'n kosmopolitiese karakter gedra en het die invloedseer van die sieketroosters spoedig baie vereng. ✓

Die bevolkingsamestelling van die stad Buffalo was egter maar 'n weerspieëling van toestande wat indertyd dwarsdeur Amerika geheers het. Die vernaamste kenmerk van die Amerikaanse bevolkingsamestelling was sy groot heterogeniteit, vanweë die geweldige immigrantestroom vanuit feitlik elke land van die wêreld, elk met sy eie sosiale, kulturele, en godsdienstige tradisies. Boonop het die bevolking ook nog uit verskillende rasse bestaan, waaronder ook negers.

Die geestelike samestelling van hierdie bevolking het 'n besondere stempel gedra. Dit was 'n immigrante-maatskappy waarin ruimte vir allerlei eksperimente aanwesig was; dit het om pioniere geroep en aan hulle die skoonste geleentheid gebied. Die ganse Amerikaanse lewenswyse het berus op 'n vertroue op die eksperimentele, op die empiriese waardeur 'n nuwe toekomst gebou moes word. Die ontwikkelende Amerikaanse maatskappy het enorme nuwe probleme opgewerp, enersyds deur die ongeëwenaarde industriële ontwikkeling en andersyds deur die politieke gebeurtenisse binne sowel as buite Amerika..

1. STROUP: Social work. An introduction to the field, bl. 42; asook die betrokke gedeelte oor Buffalo in die New Standard encyclopedia.

/ Hier moes dus besondere aandag bestee word aan probleme van „sosiale aanpassing“¹⁾ en word die wetenskap gedwing tot bestudering en oplossing van hierdie probleme. In geen land byvoorbeeld, behalwe in Sowjet-Rusland, het die verstedelikingsproses soveel probleme gestel as in die V.S.A. nie, terwyl hierby, as noodsaaklike teenhanger, die „rural sociology“ ook besondere aandag moes geniet./

Sosiologiese verskynsels soos sosiale beweeglikheid en onpersoonlikheid bring vanself hulle eie aanpassingsprobleme mee.

Onder sosiale beweeglikheid word verstaan dat persone meng en leef in 'n ongedifferensieerde, vrye samelewing waarin geen stande, klasse of kastes, behalwe in 'n mate tussen blankes en negers, bestaan nie. Daar is nie ou gevestigde tradisies, gebruike of ander grense wat die horisontale of vertikale mobiliteit van die individue, gesinne of groepe binne die maatskappy strem, selfs beheer en reguleer nie. Andersom gestel, kan ons sê dat daar geen saambindende element in die maatskappy bestaan om sosiologiese gemeenskappe in die sin van 'n „primary group“ of „Gemeinschaft“ te vorm nie.

Onder onpersoonlikheid word verstaan dat persone vanweë die sosiale beweeglikheid mekaar nie ken nie, vir mekaar vreemd is. Die maatskappy is soos 'n aggregraat van los individue wat deur geen onderlinge gemeenskaplike band anders as deur „sosiale aanpassing“ aan mekaar gebind kon word nie, m.a.w. 'n atomistiese massa.

Te midde van hierdie omstandighede wat in die hawe-

1. Ek gebruik voorlopig dié term ongekwalfiseerd.

stad Buffalo 'n hoogtepunt bereik het, was dit dat 'n Engelse geestelike, S. Humphreys Gurteen, wat in Londen ondervinding van die C.O.S. opgedoen het, in 1877 die „Buffalo Charity Organisation" stig. Hierdie stap het spoedig navolging oor die hele Amerika gevind, totdat die ganse land naderhand deur 'n netwerk van hierdie organisasies oortrek was. Die naam is later prysgegee vir verskeie ander benaminge, maar die saak het gebly. /

Waar die oorgrote meerderheid van die bevolking egter nie aan dieselfde of grotendeels aan geen kerk behoort het nie, spreek dit vanself dat die werksaamhede van hierdie C.O.S. nie soos in Engeland binne die raamwerk van 'n kerklike gemeente kon optree nie. Veeleer het dit binne die raamwerk van die stadsgrense, na die voorbeeld van die Elberfelderstelsel, ontplooi. Uiterlik het dit die vorm behou wat oorspronklik aan die Calvinistiese beginsels ontleen is, 'n vorm waaraan, by die optrede van Thomas Chalmers in Glasgow en in 'n geringer mate reeds by Daniel von der Heydt in Elberfeld, 'n bepaalde godsdienstige inhoud en doelstelling verbonde was. Hierdie inhoud ontbreek egter nou reeds totaal by die „Charity Organisation Societies" in Amerika. Tereg merk Witmer¹⁾ dan ook op:

„These beliefs (the puritan conviction) which now sound so strange ... (naïve, smug and condescending from our present point of view ..) were not invented by social workers".

In die Anglo-Amerikaanse literatuur word veel aandag bestee aan die veronderstelling dat by al die optredes tot dusver genoem, t.w. die van Chalmers, Von der Heydt,

1. A.w., bl. 160 en 161.

die M.V.R.A. en die C.O.S., die hoofdoel die wetenskaplike en oordeelkundige uitdeling van aalmoese en die voorkoming van bedelary was. Hoewel dit 'n belangrike aspek van die werk was, soos dit tewens vandag ook nog die geval is met sowel maatskaplike as pastorale werk, meen ek tog dat hulle die saak eensydig materialisties voorstel. Die hoofmotief en doelstelling is gedra deur 'n bepaalde godsdienstige stelsel, waarin die oordeelkundige uitdeling van aalmoese wel sy plek gehad het maar nie die dominerende faktor was nie.

Sonder uitsondering erken alle Anglo-Amerikaanse skrywers egter dat daar wel 'n verskil bestaan in die filosofie of „ideologie" van Chalmers en die van die eerste maatskaplike werkers van die C.O.S. in Amerika.

Die eerste vername skryfster oor maatskaplike gevallewerk was Mary Richmond, wat in 1917 haar bekende werk Social Diagnosis uitgee en in 1922 die werkie What is social case work publiseer. Mary Richmond het in 1882 in diens van die C.O.S. te Baltimore getree. In 1891 het sy uitvoerende sekretaresse van hierdie organisasie geword. In 1905 word sy redaktrise van die tydskrif Charities, en teen 1909 was sy reeds 'n nasionale figuur („national figure"¹⁾) en was gevolglik die aangewese persoon om aangesel te word as die eerste direktrise van die „Charity Organization Department" van die in 1907 gestigte „Russell Sage Foundation".

Mary Richmond was 'n voorstander van en is reeds vroeg in haar lewe sterk beïnvloed deur die geestesstrominge

1. CLARKE: a.w., bl. 61.

van haar tyd, wat hierbo geskets is. Haar lewenshouding was veral sterk beïnvloed deur die Spiritisme en die Unitariese Kerk¹⁾. Beide laasgenoemde rigtings kon, uit die aard van die saak, nie anders as om haar sterk anti-Calvinisties te oriënteer nie. Sommige werke wek die indruk dat sy doelbewus gebreek het met die oorspronklike Calvinistiese stempel wat deur Thomas Chalmers op die maatskaplike werk afgedruk is²⁾.

Dit is nodig om op hierdie feite te wys, omdat dit van besondere belang is as in gedagte gehou word dat Mary Richmond en, deur haar, die „Russell Sage Foundation" groot invloed op die verdere ontwikkeling van maatskaplike werk uitgeoefen het.

Speedig het van ander skrywers werke oor maatskaplike werk verskyn, totdat die mark teenswoordig oorstrom lê van 'n haas onoorsienbare literatuur op dié gebied. Amerika het inderdaad die brandpunt van professionele maatskaplike werk geword en gee die toon aan op die gebied van maatskaplike gevallewerk oor die hele wêreld, waar hierdie professie ook al beoefen word.

In Amerika is daar reeds vroeg, gedurende dieselfde dekade as in Engeland, begin met die professionele opleiding van maatskaplike werkers. Die „New York School of Social Work" digby Buffalo is in 1898 gestig. Die opleiding het oorspronklik hoofsaaklik bestaan uit praktiese maatskaplike gevallewerk binne die „charity organisation societies". Vandag is Amerika letterlik oortrek deur 'n netwerk van op-

1. Van „Unitarians" sê die New Standard encyclopedia:
„... they dissented from the strict Calvinistic doctrine .." „Unitarians are an outgrowth of Congregationalism".

2. Vergelyk o.a. CLARKE: a.w., bl. 60.

leidingskole in maatskaplike werk, wat organisatories saamgesnoer is deur die „American Association of Schools of Social Work", wat in 1942 veertig skole ingesluit het¹⁾.

Soos hierbo daarop gewys, gee Amerika oor die hele wêreld die toon aan oor professionele maatskaplike werk²⁾. Hiervan getuig ook die literatuuropgawes in elke nie-Amerikaanse werk oor dié onderwerp. Die Amerikaanse denkebeelde oor maatskaplike werk word vandag oor die hele wêreld in opleidingsinrigtings aan studente in die vak gedoseer. Hierdie feit kan bevestig word deur slegs daarop te let hoe dit onder andere uitkristalliseer in die aard en karakter van die artikels in die Tydskrif vir Maatskaplike Werkers, orgaan van die Maatskaplike Werkersvereniging van Suid-Afrika.

Gevolgtrekking.

Uit die historiese oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van professionele maatskaplike werk is duidelik dat dit gesekulariseerde pastorale werk is³⁾. Dit was in

-
1. Vergelyk die aangehaalde werke van HELEN CLARKE, WITMER, WARNER, QUEEN & HARPER, M.KAMPHUIS en STROUP asook die van VAN ROOY: Casework en maatschappelyk werk.
 2. Vergelyk VAN ROOY: a.w.; P.C.J.VAN LOON: Doelmatigheid van het maatschappelyk werk; Malmberg, 's-Hertogenbosch, 1950, asook die reeds aangehaalde werk van M.KAMPHUIS.
 3. Ek haal in hierdie verband uit PRINGLE (a.w., bl.111 - 112) aan: „How do you account for the fact that, far from being in the hands of the parochial clergy, the manifestation (-of Family Case-work in North America to-day-) is performed by a body of laymen who claim that they are members of a profession of equal status with but totally independent of, the parochial or any other clergy?' The point was put the other day to a leading member of that (the Social Work) profession. He replied, 'Most of us were ministers in one or other of the denominations. When we specialized in social work, we saw that, unless we cut ourselves completely off from the ministry, we should never build up a profession of social work, but always remain a mere side-show of the Churches.'".

die „Free Church" van Skotland suiwer pastorale werk. In Elberfeld het binne die stadsgrense 'n metode van owerheidsorg ontstaan, waarvan die motief van die uiterlike vorm uit Calvinistiese grondslae gespruit het.

In die Anglikaanse Kerk is die pastorale werk van die „Free Church" egter nageboots deur die „Metropolitan Visiting and Relief Association" en die „Charity Organisation Society" deur middel van vrywillige kerklike werkers. Daar het geen konfessionele hervorming van die kerk daarmee gepaard gegaan nie. Dit het in die Anglikaanse Kerk, wat geen bepaalde konfessie het nie¹⁾, geen rigtende en bindende grondslag gehad nie, terwyl die lede van die betrokke twee organisasies bestaan het uit 'n heterogene groep persone sonder 'n bepaalde belydenis.

Die gevolg was dat onder invloed van on-Calvinistiese geestesstrominge dit gesekulariseer het, waardeur daar 'n behoefte aan die opleiding van maatskaplike werkers ontstaan het. Die uiterlike vorm van die werk het egter behoue gebly en is deur 'n lid van die C.O.S., 'n Anglikaanse geestelike, na Amerika oorgeplant.

In Amerika is hierdie sekulariseringsproses kragdadig voortgesit en is maatskaplike werk ontwikkel tot 'n selfstandige professie met 'n eie literatuur en spesiale opleidingsinrigtings, wat oor die hele wêreld in professionele maatskaplike werk die toon aangee.

1. Vergelyk COMMISSION ON CHRISTIAN DOCTRINE: Doctrine in the Church of England; London, 1938.

HOOFSTUK IV.

'N KRITIESE ONTLEDING VAN DIE HUIDIGE
OPVATTINGS BETREFFENDE MAATSKAPLIKE WERK.

1.

Daar kan begin word met die definisie van Mary Richmond. Sy definieer maatskaplike gevallewerk soos volg:

„Social casework consists of those processes which develop personality through adjustments consciously effected, individual by individual, between men and their social environment"1).

Die sentrale gedagte hier is die vorming (her-vorming) van die persoonlikheid van die individu deur middel van sosiale aanpassing tussen die individuele mens en sy sosiale omgewing. Dit is nie uit die definisie af te lei of Mary Richmond onder die begrip sosiale omgewing ook die natuurlike omgewing insluit nie. Uit haar twee reeds vroeër aangehaalde werke is dit in elk geval duidelik dat sy sulke faktore soos ekonomiese omstandighede, behuisings-toestande, werksomstandighede ens. ook as omgewingsfaktore beskou.

By 'n nadere ontleding van haar definisie is dit dus nodig om te onderskei tussen

- a. die mens en sy menslike omgewing (medemense) en
- b. die mens en sy nie-menslike omgewing.

Dan kan die volgende afleidings uit die definisie gemaak word:

1. MARY RICHMOND: What is Social Casework; Russell Sage Foundation, New York, 1922; bl. 98-99.

(1) Met betrekking tot die mens en sy menslike omgewing.

Daar bestaan 'n wanverhouding tussen die maatskaplike werker se kliënt en sy medemense, want dis immers nodig dat hy hom opnuut moet aanpas. So 'n wanverhouding wat nuwe aanpassing vereis, kan nie die gevolg van byvoorbeeld 'n rusie wees nie, want na 'n rusie moet 'n mens jou nie opnuut weer aanpas by jou naaste nie. Dit veronderstel 'n wanverhouding van diepergaande karakter, soos 'n gebrek aan naasteliefde of innerlike geneentheid wat die gevolg van 'n persoonlikheidsgebrek is, aangesien die persoonlikheid deur middel van die aanpassing ontwikkel (gevorm of hervorm) moet word. Daar is dus 'n fout in die kliënt se geestelike struktuur wat 'n normale saamleef (en saamwerk) met sy medemense verhinder.

Die konklusie waartoe ons kom, is dat die maatskaplike gevallewerker die kliënt moet lei tot sosiale aanpassing deur middel van vorming of hervorming en hom van nuuts af leer (hoe) om (saam) te lewe en (saam) te werk.

(2) Met betrekking tot die mens en sy menslike sowel as sy nie-menslike omgewing.

Vir hierdie vorming of hervorming van die persoonlikheid van die kliënt moet die maatskaplike werker vermoedelik sy norme of standaarde waarvolgens of waartoe die individu se persoonlikheid ontwikkel moet word, aan sy omgewing ontleen, want dit is immers by die omgewing dat hy aangepas moet word. Indien die omgewing 'n hoë norm of standaard stel, sal die ontwikkeling van die persoonlikheid hoë eise stel; of, indien die omgewing nie so 'n hoë standaard handhaaf nie, sal die norme en gevolglik die eise aan die ontwikkelingsproses nie so

hoog wees nie. Uiteindelik berus die persoonlikheidsvorming dus op die empiriese resultate van 'n ondersoek na die norme of standarde wat deur die omgewing gestel word - die sosiale diagnose.

3. Met betrekking tot die mens en sy menslike sowel as sy nie-menslike omgewing.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die funksie van die maatskaplike gevallewerk geheel en al antroposentries gerig is.

2.

Bowers¹⁾ bespreek nie minder nie as vier-en-dertig verskillende definisies van maatskaplike gevallewerk wat hy uit die Amerikaanse literatuur versamel het, en formuleer dan sy eie definisie soos volg²⁾:

„Social Casework is an art in which knowledge of the science of human relations and skill in relationship are used to mobilize capacities in the individual and resources in the community appropriate for better adjustment between the client and all or any part of his total environment".

By 'n nadere beskouing van hierdie definisie blyk dat dit in wese nie van die van Mary Richmond verskil nie, behalwe daarin dat dit 'n wyer perspektief open.

Die definisie neem aan dat daar 'n gebrek aan kontak bestaan tussen die kliënt en die bronne in die

1. (Father) Swithurn Bowers is „Director of the School of Social Welfare, St. Patricks College, Ottawa, Canada. In Journal of Social Casework, Okt., Nby., en Des. 1949 bespreek hy „The nature and definition of social casework".

2. Vergelyk VAN ROOY: Casework en maatschappelyk werk, bl. 92.

gemeenskap waardeur aanpassing bemoeilik word¹⁾.

Die gebrek aan kontak kan nou om twee redes bestaan:

óf omdat die kliënt nooit geleer is/het om daaruit te skep nie,

óf omdat die bronne onvoldoende gemobiliseer is om in sy behoeftes te voorsien en dus buite sy bereik is.

Hieruit kan nou verskeie afleidings gemaak word:

- a. Van die kliënt se kant gesien, stimuleer (mobiliseer) die funksie van maatskaplike werk dus net die egosentriese - dit wat die kliënt kan ontvang. Dit stimuleer slegs 'n selfsugtige, parasitiese lewenshouding. Dit wat hy kan gee aan die gemeenskap; dit wat hy kan toevoeg tot daardie bronne, ontvang geen vermelding nie.

1. Hiervan sê Bowers self (a.w., bl.371): „Becoming a client hinges upon an asking and an accepting process wherein the individual in his totality, in the situation in which he exists, related to all the factors in the environment which impinge upon him and upon which he himself impinges".

„The adjustment of social relations is frequently suggested as the individual's relationships to other individuals or groups. Casework, while extensively concerned with these, finds a relevancy for its activity in the relationship of the individual to other factors in his total environment ... physical, cultural, ideational, biological" (bl. 373).

„That which is effected within the casework activity has been formulated by Hamilton as 'the release of resources in the immediate environment and capacities in the individual'. Ponthier in his definition, epitomized this as a marshalling of inner and outer resources.. The concept is familiar to all caseworkers. It amounts to a mobilization of the inner resources of the individual and the outer resources of the community. These resources are already in existence; they exist as potentials for the meeting of some problem the individual is experiencing as he tries to relate himself to the different parts of his environment. Social casework seeks to activate them, to put them on an active footing to meet the client's need. The intrinsic end of its activity is a mobilization, a rendering of these resources mobile, able to move to deal with the client's difficulty" (bl.374).

Aangehaal uit die November uitgawe .

- b. Deur die bronne te mobiliseer om in die behoeftes van die kliënt te voorsien, is die funksie van maatskaplike werk dus antroposentries gerig. Ook vind daar deur die maatskaplike werker self geen toevoeging tot hierdie bronne plaas nie. Sy funksie is nie daarop gerig om hierdie bronne te vermeerder en uit te bou nie - nie eens indirek deur sy kliënt daartoe te stimuleer nie. Dit ontsluit slegs vir die kliënt die weg tot bestaande bronne.
- c. Die hoofvereiste waaraan 'n maatskaplike gevallewerker moet voldoen, is dus om te beskik oor die kuns („art") en bedrewenheid („skill") om die werk te kan doen.

3.

Benewens die feit dat die definisie van Helen Clarke¹⁾ al die vorige feite bevestig, voeg dit daaraan 'n belangrike kwalifikasie toe:

- „... the main objectives of social work are:
- (a) To help people make such use of their own capacities and environmental resources as will result in personal satisfactions and social adjustment, and
 - (b) To help in the modification of the environment so that people will have fewer personal and social problems".

Die nuwe element wat deur Clarke beklemtoon word, is opgesluit in die tweede gedeelte van die definisie. Sy sit haar bedoeling myns insiens self in die volgende woorde uiteen:

„... social workers want to be instrumental in guiding and accelerating social change and they want to do this in their group capacity. They see themselves as the spearhead of activity in

1. Principles and practice of social work, bl. 15-16.

„the community ...

„... it means to employ scientific methods when possible ...

„Social work has its own processes and techniques, but involves much more than skills. ... It has a point of view, a philosophy. ... The social worker is not ashamed of the fact that he is a social reformer ... If he believes that man's welfare is the primary purpose of social organization, how can he be other than a reformer?"¹⁾.

Hier kom dus 'n belangrike element by:

- a. dat professionele maatskaplike werk 'n eie standpunt, 'n filosofie of ideologie het;
- b. dat dit gebruik maak van 'n wetenskaplike metode of tegniek;
- c. dat professionele maatskaplike werk instrumenteel die speerpunt is van daardie aktiwiteite wat afstuur op 'n struktuurverandering,
- d. met, as hoofdoel, die maatskaplike welvaart („human welfare") binne 'n planmatig georganiseerde maatskappy.

4.

Om Helen Witmer se definisie te verstaan is dit nodig om vooraf eers die volgende belangrike aanhaling te maak. Sy verklaar²⁾:

„... we come to the general conclusion that the activities that are clearly social work (social casework; certain aspects of social groupwork; and the planning, coordinating, administrative, financial, and research work that goes along with them) form a system that has the characteristics of a social institution".

Op bladsy 47 van haar werk sit sy uiteen wat so 'n „social institution" is:

1. A.w., bl. 5.

2. Social work, bl. 61.

- a. Dit het 'n georganiseerde en spesifiek aangestelde personeel;
- b. Dit handel („operates") ooreenkomstig 'n bepaalde plan („charter"), volgens vaste reëls en norme, en
- c. dit gebruik of hanteer („wields") materiële apparaat („material apparatus").

Die betekenis van hierdie eienskap van maatskaplike werk, naamlik dat dit 'n „social institution" is, is van belang. Ander voorbeelde van sulke instellings is bv. onderwys, 'n hospitaal, die leër ens. Die aard van so 'n instelling word, volgens Witmer, nou volgens sy funksie bepaal.

Haar definisie van maatskaplike werk lui dan soos volg:

„... the prime function of social work: (is) to give assistance to individuals in regard to the difficulties they encounter in their use of an organized group's services or in their own performance as a member of an organized group"1).

Haar definisie gaan dus uit van die onmiddellike sosiologiese funksie van die maatskaplike werk-aktiwiteit, nl. opsetlike, geïnstitusioneeliseerde en metodiese hulp in situasies waarin, vanweë die aanwesigheid van 'n moeilik ontwarbare kompleks van innerlike en uiterlike faktore, die aanpassing by die kultureel geïkte sosiaal-normale lewenswyse versper is, as gevolg waarvan die klient nie in staat is om behoorlike gebruik te maak van bestaande kulturele instellings of hom daarby of daarbinne aan te pas nie.

Prakties kom dit hierop neer dat in die verskuiwing sedert die Industriële Revolusie van „Gemeinschaft" na „Gesellschaft" of in die vervanging van die primêre groepe,

1. WITMER: a.w., bl. 121.

waarin 'n eie en persoonlike verhouding tussen die lede geheers het, deur die sekondêre (of georganiseerde) groepe, waarin 'n saaklike en vreemde verhouding heers, die gemeenskapselement tussen mens en medemens onderling verlore gegaan het. Die verhouding wat byvoorbeeld in die patriargale familie as ekonomiese eenheid geheers het, word vervang met die saaklike verhouding wat tussen werkgewers en -nemers en onderling tussen werknemers in die moderne fabriek heers; of: die „eie" verhouding, wat vroeër tussen die huisdokter en sy pasiënte geheers het, word vervang deur die „vreemde" verhouding, wat tans heers tussen 'n mediese konsultant of spesialis en sy pasiënte. Dit kom ook voor in die verhouding tussen 'n moderne hospitaal en sy buite-pasiënte. Hierdie voorbeelde kan byna eindeloos vermeerder word.

Die onmiddellike sosiologiese funksie van die maatskaplike werk-aktiwiteit lê nou hierin dat dit trag om die gemeenskapselement wat vroeër in die ou primêre groepe (waaronder die kerk) geheers het, in die nuwe, georganiseerde groepe te herstel. So trag dit nou om, deur middel van 'n wetenskaplike tegniek, die „eie" en gemeenskaplike verhouding te reintegreer; byvoorbeeld tussen mediese konsultant en pasiënt of tussen hospitaal en buite-pasiënt (mediese en hospitaal-maatskaplike werk); tussen werkgewer en werknemer (industriële maatskaplike werk); tussen kerk en gemeentelid (kerklike maatskaplike werk)¹⁾.

5.

Gevolgtrekking.

By 'n oorsig van die definisies van maatskaplike

1. In hierdie gedagtegang is die kerk reeds genivelleer tot 'n gewone sekulêre maatskaplike organisasie vergelykbaar selfs by 'n sekondêre groep of „Gesellschaft".

werk deur Mary Richmond, Bowers, Clarke en Witmer moet ons in elk geval tot die oortuiging kom dat hulle in wese nie van mekaar verskil nie maar dat elkeen net een of ander aspek meer of minder sterk beklemtoon.

Opsommend kan die kenmerke van professionele maatskaplike werk soos volg saamgevat word:

- a. Dit probeer om deur middel van 'n wetenskaplike metode of tegniek 'n skakel, 'n verbindings- of koppelings-element te wees tussen mens en medemens en tussen individu en instelling, vanweë 'n gebrek aan ware gemeenskap, wat, soos geglo word, in die primêre groepe of „Gemeinschaft" bestaan of bestaan het.
- b. Dit trag om, deur middel van sosiale aanpassing, individue te vorm of te hervorm ten einde hulle te leer hoe om te lewe.
- c. Die norme of standarde wat in hierdie vormings- of hervormingsproses aan die individu voorgehou word as 'n rigsgnoer of leidraad waardeur hy geleer word hoe om te lewe, word verkry deur middel van empiriese ondersoek na die norme wat in die kulturgeykte sosiaal-normale lewenswyse algemeen geldend is.
- d. Die funksie van maatskaplike werk is antroposentries en, van die kant van die kliënt gesien, egosentries gerig.
- e. Die funksie van maatskaplike werk is nie kultuurproduktief nie, want dit voeg niks by tot die bronne nie.
- f. Maatskaplike werk is die instrument en speerpunt van daardie aktiwiteite wat, gedra deur 'n bepaalde filosofie of ideologie, afstuur op 'n struktuurverandering in die maatskappy.

HOOFSTUK V.

PRINSIPIËLE ONTLEDING VAN DIE WESE VAN
PROFESSIONELE MAATSKAPLIKE WERK.

1.

Elke vorm van maatskaplike sorg behoort gesien te word in verband met die struktuur van die samelewing waarvan dit 'n begeleidende verskynsel en integrerende deel uitmaak. Bowendien staan elke evolusie op hierdie gebied onder die invloed van die kulturele en godsdienstige klimaat van die tyd en gemeenskap waarin die bepaalde vorm van sorg ontwikkel en aangesluit is. Dit is bes moontlik dat 'n bepaalde vorm van maatskaplike sorg minder gewens of geheel onvanpas is in 'n gemeenskap of land waarin die verhoudinge histories en prinsipieel anders ontwikkel het en/of bestaan.

Die term maatskaplike gevallewerk („casework") is 'n tipiese Amerikaanse term vir 'n vorm van maatskaplike sorg. Dit is „een duidelik casuistiese inslag. Men bekijkt de zaken van geval tot geval, zonder zich in sterke mate om algemene richtlijnen te bekommeren"¹⁾; aangesien die uitgesproke praktiese Amerikaner nie veel waardering het vir prinsipiele fundering van sy optrede nie.

Die gevolg hiervan is dat op die gebied van professionele maatskaplike werk alles so sterk op die praktiese aspek gerig was, dat selfs tot op die huidige dag nog geen enkele diepgaande studie gemaak is van die verhouding van die grondleggende beginsels van die professionele

1. VAN ROOY: Case work en maatschappelijk werk, bl. 89.

maatskaplike werk tot die van die verskillende lewens-
beskouinge nie¹⁾.

Dit is opvallend dat in biblioteke byvoorbeeld nie 'n enkele boek oor professionele maatskaplike werk of maatskaplike gevallewerk as sodanig raakgeloop kon word wat deur 'n Gereformeerde skrywer geskryf is nie, hoewel daar telkens in werke deur vooraanstaande Gereformeerdes die skoonste geleentheid hulle voordoën om by die behandeling van „de sociale vraagstuk” of „de sociale ongerechtigheid” ens., professionele maatskaplike werk as sodanig aan te prys of af te keur. Gereformeerde skrywers is opvallend swygzaam oor professionele maatskaplike werk. Prof. dr. Brillenburg Wurth verklaar egter „dat de diepste gedachte van het ,social casework' voor geen christelijke toepassing vatbaar is”²⁾. In stede van na maatskaplike gevallewerk te gryp as oplossing of middel ter oplossing van genoemde kwessies of vraagstukke, word egter dikwels teruggeval op pastorale werk³⁾.

Deur skrywers wat aan die Hervormde Kerk behoort, word in sommige gevalle ook teruggeval op pastorale werk⁴⁾. In enkele gevalle meen teoloë en dogmatici van die Hervormde Kerk egter, met 'n beroep op sekere teologiese opvattinge van Karl Barth, dat daar, vanweë die Calvinistiese regverdighingsleer, genoegsame gronde bestaan vir die erkenning

1. VAN ROOY: a.w., bl. 90.

2. In tydskrif „Witte Velden”, Jaargang XX, No.3, Junie 1950, bl.2; aangehaal deur VAN NIFTRIK in Helpen als ambacht, bl. 171.

3. Vergelyk C.SMEENK: Christelik-sosiale beginselen; deel I en II: J.H.Kok, Kampen, 1936, wat uitvoerige aandag aan hierdie saak bestee; asook SCHILDER: De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven, en Christus en cultuur.

4. Vergelyk o.a. DS.K.H.E. GRAVEMEYER in die versamelwerk deur D.VAN DER STOEP: Herder en leeraar; Daamen's, 's-Gravenhage, 1941; bl.200; asook VENTER: Onkerksheid, o.a. bl. 368 e.v.

van die selfstandigheid van maatskaplike werk, wat dan egter nie voorbarig verkerklik mag word nie en selfs nie voorbarig verchristelik mag word in die sin wat gewoonlik aan die betekenis van die woorde „verkerklik" en „verchristelik" geheg word nie¹⁾.

Verder word verklaar dat maatskaplike werk in die laaste jare in toenemende mate gesekulariseer is, ten gevolge waarvan „... men over de ,client' ging spreken en diens ,right' to self-determination' één van het dogma's van het ,social casework' werd", terwyl ons terselfdertyd aan die ander kant ook weer in toenemende mate kerklike maatskaplike werkers aantref, waardeur die maatskaplike werk in diens van die Evangelieverkondiging van die kerk te staan gekom het - sekularisasie enersyds en verkerkliking daarvan andersyds²⁾.

Van Niftrik verwerp beide uiterstes maar meen tog dat die Reformasie wel pleit vir die erkenning van die sekulariteit, die profaniteit en die wêreldlikheid van die vakmanskap van die maatskaplike werk, hoewel dit wel deeglik Jesus Christus as grondslag moet hê³⁾.

By Rooms-Katolieke tref ons 'n vrugbare skrywerskring oor professionele maatskaplike werk aan. Maatskaplike werk word deur Rooms-Katolieke skrywers met erns tot 'n selfstandige wetenskap uitgebou, omdat maatskaplike werk sy taak slegs kan vervul as dit 'n samewerking in „teamverband" tot stand bring met die gesondheidsorg en sielsorg⁴⁾.

1. VAN NIFTRIK in KAMPHUIS e.a.: Helpen als ambacht, bl. 148 en 149.

2. VAN NIFTRIK in a.w., bl. 134.

3. VAN NIFTRIK in a.w., bl. 148.

4. VAN LOON: Doelmatigheid van het maatschappelijk werk, bl. 7.

Hierdie houding by Rooms-Katolieke is vanuit hulle bepaalde kerkbegrip en lewens- en wêreldbeskouing wel deeglik te begryp.

Die vrugbaarste groep skrywers oor professionele maatskaplike werk is egter die sogenaamde neutrales, die uitgesproke humaniste, sekere tipes sosialiste ens.¹⁾.

Verder is dit opvallend dat daar byna geen publikasies oor die onderwerp bestaan waarvan 'n belangrike deel van die inhoud nie in beslag geneem word deur uitvoerige analyses van konkrete gevalle nie. Die „casuistiese" trek van die maatskaplike werk uit hom op hierdie wyse selfs in die weinige teoretiese studies wat wel oor die maatskaplike werk bestaan²⁾.

2.

Om die doel van die maatskaplike werk te bereik is dit nodig dat die professionele maatskaplike werker tussen homself en die kliënt 'n „helping relationship" opbou, wat gekenmerk word deurdat dit, deur respek te toon vir die waardigheid van die kliënt - omdat hy 'n mens is -, sy self-respek weer laat herleef en, deur vertroue te stel in sy eie vermoëns („capacities"), sy selfvertroue weer opwek en versterk³⁾.

In sy aangehaalde werk gaan Van Rooy, op bladsye 35, 62 en op ander plekke, breedvoerig op hierdie opvatting in, wat kortliks daarop neerkom dat elke mens onvervreembare, aangebore menseregte het, wat die professionele maat-

1. Vgl. in hierdie verband KAMPHUIS e.a.: Helpen als ambacht, bl. 55.

2. VAN ROOY: a.w., bl. 91.

3. Ibid., bl. 96; asook WITMER: Social work, bl. 178.

skaplike werker hom moet help opeis, al is dit ook teen sy eie belang en uit onkunde, maar sy eie wil moet versterk en uitgevoer word; dat hy gelykgebore en gelykbegeregtig is met alle ander mense en dat hy, deur op homself te vertrou, uit eie krag homself kan opwerk en staande hou as 'n volwaardige lid van die maatskappy¹⁾.

Die Calvinis plaas agter elkeen van hierdie stellings 'n groot vraagteken.

3.

Van Rooy besluit dat

„... de casework-wetenskap ook wat betref haar sociaal-psychologiese wijze van aanpakken der problemen weinig nieuws brengt. ... wanneer men de „basic underlining principles" ervan aan een diepere beschouwing onderwerpt, komt men tot de bevinding, dat vele van deze beginselen kunnen herleid worden tot algemeen aanvaarde - of althans aanvaardbare - opvattingen²⁾.

En hiermee sluit hy inderdaad aan by Witmer³⁾, wat van professionele maatskaplike werk sê dat sedert die verworping van die oorspronklike „puritan conviction" as grondslag „social workers were sustained and encouraged by the current theories of sociologists, economists and biologists ..."; en ons kan hierby voeg psigiaters en psigoanaliste, wat vanuit Calvinistiese standpunt deur vele skrywers bestempel word as gesekulariseerde sielsorg en berustende op valse „winde van lering"⁴⁾.

1. Vergelyk KAMPHUIS e.a. in a.w.; ook IDENBURG e.a.: Evangelische benadering van de mens; Keulen, Delft, 1951; veral die laaste hoofstuk, bl. 208-221; en verder WITMER: Social work, bl. 54-55.

2. A.w., bl. 98.

3. A.W., bl. 160-162.

4. Vgl. o.a. SCHILDER: Tusschen 'Ja' en 'Nee'; J.H.Kok, Kampen, 1929, en BRILLENBURG WURTH en WIERSINGA: Het Evangelie in een Ontkerstende Wereld. Vgl. ook die opmerking van Jung op bl. 42 hierbo asook die van BRILLENBURG WURTH op bl. 5 hierbo: „dat de psychoanalyse in wezen het moderne evangelie van de zelfverlossing betekent..".

Dit lyk dus asof ons vir 'n nadere bepaling van die wese van maatskaplike werk, d.w.s. vir sy „basic underlining principle", 'n studie sal moet maak van die heersende teorieë van sosioloë, ekonome ens. Uit 'n oorsig van die geskiedenis en ontwikkeling van professionele maatskaplike werk, blyk dit ook dat daar, met verloop van tyd, telkens 'n ander „basic underlining principle" aan maatskaplike werk ten grondslag lê¹⁾, wat in elke geval ooreengestem het met die op elke tydstip heersende filosofiese antropologie of „mensbeskouing"²⁾. Ons herinner ook weer net daaraan dat, benewens enkele ander skrywers, Van Niftrik pleit vir die uitbouing van 'n „Bybelse antropologie" in die maatskaplike werk³⁾.

Oor die algemeen tipeer Clarke en Witmer en, met hulle, menige ander professionele maatskaplike werker, die Bybelse beskouing as „moralistic"; spreek minagtend daarvan as „character reform" in teenstelling met die maatskaplike werker se aanvaarding en respek vir die kliënt se reg op sy eie karakter. Die Calvinistiese opvatting word beskou as outyds.

Dit blyk dus dat professionele maatskaplike werkers „soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke wind van lering".

Uit 'n oorsig van die historiese ontwikkeling van professionele maatskaplike werk is dit dan ook duidelik dat dit gesekulariseerde pastorale werk is. Dit was in die

1. Sien WITMER: Social work, bl. 160; asook CLARKE: Principles and practice of social work, bl. 57 e.v.

2. WITMER: a.w., bl. 160.

3. KAMPHUIS e.a.: Helpen als ambacht, o.a. bll. 149-157.

„Free Church" van Skotland suiwer pastorale werk. In Elberfeld het 'n metode van owerheidsorg ontstaan wat prinsipiëel darem nog op Calvinistiese grondslae gerus het. In die Anglikaanse Kerk is dit egter nageboots deur die „Metropolitan Visiting and Relief Association" en die „Charity Organization Society" onder invloed van die voorbeeld van Thomas Chalmers, maar die nodige konfessionele hervorming het nie daarmee gepaard gegaan nie. Dit het in die Anglikaanse Kerk, wat geen bepaalde konfessie het nie¹⁾, geen rigtende en bindende grondslag gehad nie. Die gevolg was dat dit deur die eerste wind van lering wat opgesteek het uit die rigting van Frankryk waarop die Franse Revolusie sy stempel afgedruk het, heengewaai is. Bowendien het die betrokke twee organisasies in die Anglikaanse Kerk boonop nog bestaan uit 'n versameling persone „irrespective of creed or social consequence". En voorts is professionele maatskaplike werk toe deur die springvloed van die Britse imperialisme²⁾ voortgedra en oral op die wêreld se kuste uitgespoel.

In Amerika, met sy kosmopolitiese immigrantebevolking, waar geen gemeenskap (in Anglo-Amerikaanse sosiologiese sin) bestaan (het) nie, is (word) professionele maatskaplike werk fanaties aangegryp en toegepas as 'n tegniese bindmiddel om „... de gesaeculariseerde atomaire massa ... zonder bekering tot de Oorsprong en de

-
1. COMMISSION ON CHRISTIAN DOCTRINE: Doctrine in the Church of England.
 2. Pringle (a.w., bl.171) sê: „English democracy, as Mr. Gladstone was building it, had a new and priceless lesson to teach the whole world".

„Levenswortel van het menselijk bestaan, waarin alleen waarachtige gemeenschap is te vinden, ... (slegs maar) .. te collectiviseren tot een kunstmatige uitwendige eenheid binnen een almachtig totalitair massa-syndicaat"¹⁾.

Die ware gemeenskap word moontlik gemaak deur geloof in en liefde tot God en liefde tot die naaste. Dit is die bindmiddel wat vereis word om gemeenskap moontlik te maak. Die professionele maatskaplike werk word dus as 'n tegniese bindmiddel aangewend om die geloof en liefde as bindmiddel te suggereer.

Want as in aanmerking geneem word in welke mate die gemeenskapslewe as gevolg van die maatskaplike krisis²⁾ uiteengeval het, dan kan met reg die vraag gestel word in hoeverre maatskaplike werk daadwerklik meehelp by die bestryding van die maatskaplike krisis in die ruimste sin van die woord, want die eintlike vraag waarom dit gaan, is in hoeverre sosiale tegniek self sosiale krag kan word; want „evenzeer als de maatschappelijke crisis in wezen samenhangt met het falen van de geestelijke impulsen, die de maatschappelijke ontwikkeling hadden moeten dragen, evenzeer zal zij alleen overwonnen kunnen worden, indien zich religieuze en culturele krachten ontwikkelen, die het maatschappelijk proces in positieve banen leiden en werkelijke gemeenschap weer mogelijk maken"³⁾.

4.

Die sleutelwoord van die professionele maatskap-

1. VAN DIJK: Mens en medemens, bl.30.

2. Ontkerstening.

3. KAMPHUIS e.a.: Helpen als ambacht, bl.91. Ek onderstreep.

like werk, waardeur dit individue wil vorm of hervorm ten einde hulle te leer hoe om (saam) te lewe, is die woord „aanpassing” in die sin van sosiale aanpassing. Daar is reeds in hoofstuk IV enkele voorlopige konklusies getrek oor die oorsprong van die norme betrokke by sosiale aanpassing, maar aangesien die begrip so 'n belangrike plek, eintlik 'n sleutelposisie, in die professionele maatskaplike werk inneem, is dit nodig om 'n selfstandige ontleding van die begrip „sosiale aanpassing” te maak, veral as ons 'n antwoord wil hê op die vraag in hoeverre maatskaplike werk werklik bydra tot die bestryding van die maatskaplike krisis (ontkerstening).

Daar bestaan immers geen duidelikheid wat presies met die term „aanpassing” bedoel word nie. Feitlik in elke ander vakwetenskap het dit 'n ander betekenis. Ek kan hier net op enkele aspekte daarvan wys maar glo dat dit genoegsaam sal wees om die wese daarvan aan te dui.

In 'n artikel¹⁾ onder opskrif „Sosiale Aanpassing” deur dr. R. Eysink na aanleiding van die inougurele rede deur prof. dr. Sj. Groenman gehou te Amsterdam op 10 November 1952, verklaar eersgenoemde onder andere:

„Immers prof. Groenman definieert de sociologie als de wetenschap van de aanpassend handelende mensch in groepsverband ... even verder luidt het, „in contact met de omgeving wordt de mensch het zich aanpassende subject’ ... (hij) betoogt dat deze sociale aanpassing in de tegenwoordige litteratuur een centrale plaats inneemt ...

„... Is sociale aanpassing eenvoudig sociale relatie, of is het een zich bewegen naar een sociale gewoontevorming die de mensch instaat stelt zich als eigen in het „betrokken’ milieu te voelen, te doen gelden en te handhaven? Of is het een kwestie van bewegen en bewogen worden te midden van groepen en groepsverschijnselen? Of slechts als groeplid ageren en reageren op

1. In Tijdschrift voor maatschappelijk werk, 5 Junie 1953.

„hetgeen de mensch aan sociale werkelykheid ontmoet?"

Dr. Dysink wend egter geen merkbare poging aan om self die term „aanpassing" te definieer nie.

Volgens die Oxford English dictionary, by 'n uiteensetting van die gebruik van die woord „adjustment" het Herbert Spencer gepraat van „the external relations to which the internal ones are adjusted".

Dr. C.E.W. Gutsche¹⁾ merk die volgende op:

„Volgens Spencer is die doel van opvoeding om mense te kweek vir die wêreld soos dit nou is. Gunning meen dat Spencer aan daardie hoofstuk, naamlik „Sedelike Opvoeding" net so goed die opskrif „Onsedelike Opvoeding" kon gegee het. Die doel wat Spencer beoog, sou vandag gladnie as sedelike opvoeding bestempel word nie maar as aanpassing by 'n bedorwe wêreld, soos dit nou eenmaal is. Juis in hierdie aanpassing skuil daar vir die mens se sedelike wese 'n groot gevaar".

Herbert Spencer se beskouing omtrent die begrip „aanpassing" of „adjustment" is vir ons hier veral van belang vanweë die indirekte invloed wat hy uitgeoefen het op die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk²⁾.

Die Afrikaanse woordeboek³⁾ gee onder andere die volgende definisie van „aanpas":

„2. (refleks., sosiol.) Gedrag en lewenswyse so inrig dat dit nie bots met dié van die omgewing nie; met iets in ooreenstemming bring; reël ooreenkomstig, skik na, akkommodeer: Die kind pas hom beter aan as die volwassene. Iem. wat hom maklik aanpas by 'n nuwe omgewing".

-
1. Opvoedkundige straf; Afrikaanse Pers Bpk., Johannesburg, 1941; bl. 18. Ek onderstreep.
 2. Vergelyk hoofstuk III hierbo.
 3. P.C. SCHOONEES e.a.: Die Afrikaanse woordeboek, deel I; Die Staatsdrukker, Pretoria, 1950.

By „aanpassing” sê Die Afrikaanse woordeboek onder andere:

„Aanpassing is die grondslag van die biologiese evolusie. Die hoogste vorm van aktiewe aanpassing is die leervermoë van die dier en die dinkvermoë van die mens”.

In „An etymological dictionary of the English language”¹⁾ tref ons die volgende aan:

„ADJUST, to settle, make right. (F.-L.) In Cotgrave; who has 'ajuster, to adjust, place justly'; as if from L. ad, to, and iustus, exact. See Just. But this use was due to a misunderstanding of MF. adjouster, 'to adjoin or put unto, also, as ajuster'; Cct. - OF. ajoster, ajuster, ajouster (mod.F. ajouter), to arrange, litt. to put side by side. - Late L. adiuxtare, to put side by side, arrange. - L. ad, to, by; and iuxta, near to. See JOUST. Der. adjust-able, adjust-ment”.

Kimball Young sê in die „Encyclopedia of social sciences”²⁾ onder andere die volgende:

„In psychology ... The word adjustment did appear in the quantitative manuals of laboratory exercises, but again largely in reference to mechanical fixation of instruments .. especially in experimental work which rested largely on physics ... So, too, ... with special reference to ... experimental findings.

„The more frequent use of the term in psychology arose out of two recent influences - behaviorism and psychiatry. ... The correlation of the concepts of psychiatry, including psychoanalysis, with objective studies in behaviour led, in such a field as education, to discussions of the „adjustment” of children to school environments, to parents, to teachers and to other children. The term has been in frequent use in the last decade among writers in the field of pedagogy. Here again the matter of norm or standard arises, and there is always an implicit if not explicit standard, often vague, of what constitutes normal adjustment. Statistical averages of behavior or more qualitative standards

-
1. WALTER W. SKEAT: An etymological dictionary of the English language; Clarendon Press, Oxford, 1946; onderstreping deur my.
 2. KIMBALL YOUNG: Encyclopedia of social sciences; Seligman & Johnson, Macmillan Company, New York, 1948; deel I, bl. 438. Onderstreping deur my.

„of social valuations have been used as the norms of adjustment ... In sociology, likewise, the term has grown up in two fields: in systematic sociology, where the term is used synonymously with adaptation of the organism to social environment and in the field of social pathology, in which the word is employed with regard to the relations of the person to his family, community, political state or economic order in reference to some assumed standard or norm. ... the term has been borrowed from clinical psychiatry and psychology in treating social problems of crime, delinquency, poverty and relief, feeble-mindedness and the social implications of divergent personal life".

Uit die voorgaande kan die volgende afleidings¹⁾ gemaak word:

- a. Die humanis en die evolusionis vind die woord „adjustment" 'n handige „gadget", omdat die term so vaag is; terwyl dit ten slotte eintlik op 'n „misunderstanding" berus.
- b. Die Woord en die Wet van God geld nie as norm of standaard by „aanpassing" of „adjustment" nie maar „statistical averages of behavior or more qualitative standards of social valuations" of „some assumed standard or norm", of „clinical psychiatry and psychology" verskaf die maatstaf waarmee „aanpassing" (en „wanaanpassing") of „adjustment" (en „maladjustment") gemeet word.
- c. Hierdie maatstaf berus uitsluitlik op die eksperimentele, die empiriese of die pragmatiese. Dit is volkome in ooreenstemming met wat dr. P.J. Meyer noem die empiristiese lewensbeskouing, wat 'n duidelike kenmerk van die Angel-Saksiese wêreld is²⁾.
- d. Hierdie houding is opportunisties: dit verkies om die

1. Vergelyk in hierdie verband ook VAN RIESSEN, a.w., bl. 231 - 281.

2. DR. P.J. MEYER: Moedertaal en tweetaligheid; Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1945.

maklikste weg te volg en staan diametraal teenoor die Calvinis se opvatting oor sy verhouding tot God, die absoluut Soewereine, van wie hy volkome afhanklik is en wie se Woord en Wet gehoorsaamheid eis; sy verhouding tot sy naaste ten opsigte van wie hy, kragtens God se Woord en Wet, positiewe verpligtinge het, en sy verantwoordelikheid met betrekking tot sy natuurlike omgewing, wat hy kragtens die kultuuropdrag („werkverbond“) moet beheers en bewerk.

Vir wie dieper deurdink, weerspiël die aktiwiteit „aanpassing“, gesien in die lig van die Calvinistiese kultuurbeskouing, dus eintlik 'n defaitistiese innerlike lewenshouding wat aan fatalisme grens.

In die maatskaplike werk is, soos reeds aangedui, die mensbeskouing sterk pragmaties en antroposentries asook egosentries vanuit die gesigspunt van die „kliënt“. Die nadruk word hier gelê op die aanpassing en meer bepaald uit nuttigheidsoorweginge as uit godsdienstige of sedelike oorweginge¹⁾.

Die diepste oorsaak vir die wanaanpassing, as gevolg waarvan beter of nuwe aanpassing nodig geword het, word egter nie gesoek in erkenning van die lewensbreuk as skuld, d.w.s. die besef dat die sonde, die breuk met God, die oorsaak is van al die wanaanpassing, die nood en die ellende nie²⁾. Gevolglik is die sogenaamde aanpassing dus ook nie

1. WATERINK e.a.: Cultuurgeschiedenis van het Christendom, Vyfde deel, bl. 364.

2. Vergelyk ook BRILLENBURG WURTH: De antithese in dezen tijd; J.H.Kok, Kampen, 1940; bl.56-70, asook: GUTSCHE: Opvoedkundige straf, bl.18, en VAN RIESSEN: De maatschappij der toekomst, bll. 53 en 115.

gebore uit 'n behoefte aan verlossing en versoening nie, en allermens is dit 'n bekering in die betekenis soos Sondag 33 van die Heidelbergse Kategismus dit leer.

Nee, professionele maatskaplike werk is prediker van 'n evangelie, filosofie of ideologie¹⁾ van selfverlossing deur middel van sosiale aanpassing.

Die wese van die gebrokenheid, die wanaanpassing ens. word gesoek in 'n psigologies te benadere disharmonie in die persoonlikheid van die mens²⁾. So nie word die skeur wat deur die lewe getrek is (maatskaplike krisis, ontkerstening - in absolute sin -), verklaar uit 'n gebrek aan integrasie³⁾ in die menslike persoonlikheid.

Aan die ander kant egter word ook gespeel met die begrip aanpassingsmoeilikhede van die individu by die maatskaplike struktuur van sy omgewing. Die normatiewe en die etiese⁴⁾ word dan gediskwalifiseer as 'n ongeoorloofde poging om aan die mens vreemde bande op te lê, wat hom sal strem in die ontwikkeling van sy bestaan, deur byvoorbeeld sy voortbestaan en welvaart te beplan. Of indien die waarde van 'n objektiewe norm nog erken word, dan word die gebrek aan aanpassing tussen die individuele gedrag en die eis van die norm psigologies verklaar deur te betuig dat hierdie „kliënt" nie anders kon handel nie omdat hy, vanweë een of ander kompleks of neurotiese oorsaak⁵⁾, nou eenmaal is soos hy is en dan boonop die natuurlike,

-
1. Vergelyk hoofstuk IV hierbo.
 2. Vergelyk Mary Richmond se definisie van maatskaplike werk op bladsy 75 hierbo.
 3. Vergelyk die begrip „integrasië" soos o.a. uiteengesit deur BANNING: Moderne maatschappij problemen.
 4. En godsdienstige; vgl. bv. Sondag X van die Heidelbergse Kategismus oor die Voorsienigheid van God.
 5. By voorkeur een of ander invloed uit sy prille jeug.

aangebore menslike reg het om so te wees.

Gedurende die verloop van die afgelope halfeeue is hoe langer hoe meer eerbied opgeëis vir hierdie mens, wat dan die reg sou hê op die outonomie van sy eie lewenstruktuur. Hoe langer hoe meer word die woord „skuld” doelbewus vermy. Die bestaan van 'n sedelike reg word nie ontken nie maar gekwalifiseer as die reg van die persoonlikheid op sy eie „só-wees”, met dien verstande dat die „só-wees” 'n psigologiese andersheid as alle ander mense is en nie 'n psigopatiese persoonlikheid aandui nie. In laasgenoemde geval word so 'n „wanaangepaste” persoonlikheid liefst uit die samelewing verwyder, om in spesiale inrigtings desnoods herstel te word. Maar in alle ander gevalle het die een individu nie die minste reg om die norme wat hy nou eenmaal kragtens die outonome struktuur van sy eie persoonlikheid aanvaar, toe te pas op die lewe en gedrag van ander nie.

Langsamerhand het, deur hierdie gedagtegang, 'n nuwe vorm van een van die grondgedagtes van die humanisme ontstaan, naamlik dat die mens die maatstaf van alle dinge is. Immers dit gaan hier nie meer om die mens as verteenwoordiger van die algemeen menslike nie, maar dit gaan hier om die individualiteit in sy eie gevarieerde struktuursamehang, wat die reg het om sy eie „só-wees” op dié (eiewyse) wyse en in eie verband uit te lewe, so lank as andere nie daardeur belemmer word om weer hulle eie „só-wees” op eie wyse uit te leef nie. Elkeen kamp op sy beurt teen dit wat vir homself nadelig is, sonder dat aan daardie nadelige (of voordelige) 'n objektiewe etiese kwalifikasie gegee mag word¹⁾.

1. WATERINK e.a.: a.w., deel V, bl. 356 en 357.

So sê Witmer¹⁾ onder andere van die „present philosophy of Social Case Work“:

„In the years that have passed since this concept was formulated, 'self-determination' has become more and more widely accepted as a social work principle applicable in all fields of the profession ...“.

Uit die voorgaande is die volgende duidelik af te lei:

- a. Die professionele maatskaplike werker benader sy kliënt met geen gesag hoegenaamd nie²⁾, want hy mis immers die reg om die norme wat hy kragtens die outonome struktuur van sy eie persoonlikheid aanvaar, as maatstaf toe te pas op die lewe en gedrag van sy kliënt. Vanuit hierdie standpunt het die kliënt egter ook weer die volste reg om te verwag dat die maatskaplike werker hom nie met sy kliënt se persoonlike sake moet bemoei nie.

Hierteenoor staan die feit dat, soos in hoofstuk IV en hierbo uiteengesit is, die norme vir sosiale aanpassing uit die resultate van empiriese ondersoek („social diagnosis“) opgestel word.

- b. Om twee redes blyk dus dat in professionele maatskaplike werk 'n innerlike teenstrydigheid is, waardeur die eie doel vernietig word:

(1) Dit is vir norme by sosiale aanpassing aangewese op empiriese gegewens maar mis die reg en gesag.

1. A.w., bl.179.

2. Volgens 'n kennisgewing in „Tijdschrift voor maatschappelijk werk“ van 6 Julie 1953 sou die onderwerp van bespreking op 'n konferensie van die „Centraalbond voor Inwendige Zending en Christelijk Maatschappelijk Werk“, wat vanaf 30/10/53 tot 3/11/53 te De Pietersburg, Ooserbeek gehou sou word, gaan „in die richting van vragen rondom het gezag in ons werk (de definitieve formulering is nog niet vastgesteld)“. Met betrekking tot die gesagsvraagstuk sê MEJ.M.JAMES in IDENBURG e.a.: Evan- gelische benadering van de mens (bl.211-213 e.v.): „De regenten-mentaliteit is lijnrecht tegenovergesteld aan de casework-instelling en hij is taai“.

om hulle op die kliënt toe te pas.

(2) As dit die doel en strewe van professionele maatskaplike werk is om „Gemeinschaft" op te bou of, anders gestel: die maatskaplike krisis die hoof te bied, dan bevorder hy in die praktyk juis net die teenoorgestelde doel met die handhawing en toepassing van daardie reg op 'n eie „só-wees".

- c. Indirek bevorder professionele maatskaplike werk in sy diepste wese dus die uiteenvalling van die gemeenskapslewe as gevolg van die maatskaplike krisis. Dit wil sê dit dra by tot 'n proses van ontkerstening, wat uiteindelik moet uitloop op die ryk van die Antichris.
- d. Professionele maatskaplike werk is ook uiteraard heidens. Dit is, soos aangetoon, antroposentries en, vanuit die gesigspunt van die kliënt, egosentries gerig en bevorder slegs die selfsugtige soeke na wat ek sal eet, wat ek sal drink en wat ek sal aantrek¹⁾.
- e. Professionele maatskaplike werk stimuleer by die kliënt slegs die selfsugtige, egosentriese neigings om op die kultuurbronne in die maatskappy te teer en help hom slegs by die ontsluiting van daardie bronne. Self dra dit niks positiefs by tot kultuurbou nie. Professionele maatskaplike werk is dus nie kultuurproduktief nie.
- f. Uiteindelik kan ons ook konkludeer dat die tegniek van sosiale aanpassing 'n paliatief is, waardeur probleme oënskynlik opgelos maar in werklikheid net bedek word, en dat sosiale tegniek gevolglik nie in werklikheid in

1. Matt.6: 31-33.

sosiale krag omgesit word nie¹⁾.

5.

En dit bring ons by die begrip maatskaplike werk as professie of „helpen als ambacht“.

Die diepste idee hiervan, tog, is dat 'n gemeenskap sy plig tot liefdadigheid, met die klem op die -dadigheid, die daad van liefdebetoning, delegeer aan 'n daarvoor spesiaal opgeleide persoon²⁾. Aangesien hulle, vanselfsprekend genoeg, hulle liefde nie kan delegeer nie, is dit alleen die -dadigheid, die daad, die praktiese, wat gedelegeer word. Die gesindheid bly agterweë by die opdra van hierdie plig, wat volgens die Skrif op elke mens rus, aan 'n gehuurde professionele amptenaar wat sowel in sy verhouding tot sy werkgewers as sy kliënt formeel en amptelik optree³⁾. Want hy tree namens sy werkgewers op, en selfs

-
1. In die November 1949 uitgawe van Journal of Social Casework haal BOWERS (a.w., deel II, bl. 375) die volgende aan uit 'n artikel deur KATHARINE F. LENROOT: Fundamental human needs facing the social worker today: „...this searching question of life's purpose persists. To it social work must somehow find some answer, else the saving of life and of material goods, and the release of personality from inhibition and from conflict will still leave empty, restless, unsatisfied individuals“. BOWERS vervolg dan: „Essentially this is a religious question, and ultimately social work must find the answer in the sphere of religion, for try as we will, we cannot divorce the ultimate objectives of society from the question which is basic to all religion: What is man? Where lies his destiny?“
 2. In sy reeds aangehaalde werk trek VAN RIESSEN herhaaldelik daarteen te velde dat die mens op soortgelyke wyse sy persoonlike verantwoordelikheid aan God afskuif op gesistematiseerde organisatoriese instellings.
 3. Vergelyk A.A. STULTING: „Maatskaplike werk as gemeenskapsdiens“ in Tydskrif vir Maatskaplike Werkers; Jaargang 1, Nr. 2, Julie 1953m bl. 12 e.v.

sy persoonlike naasteliefde as motief vir sy optrede mag nie aan sy kliënt se individuele „só-wees" van buite opgedring word nie; daar word slegs 'n „helping relationship"¹⁾ tussen gevallewerker en kliënt opgebou.

Uiteraard is professionele maatskaplike werk ook „vreemd" van aard, want dit is vooraf altyd eers nodig dat die maatskaplike werker 'n gevallestudie maak, 'n diagnose, en 'n plan vir hulpverlening opstel. Dit alles is praktiese verstandswerk waarin die naasteliefde maar 'n baie ondergeskikte rol speel, inaien dit ooit werklik te voorskyn tree. Hoogstens is dit dus humanitêre gevoelens wat hier 'n rol speel.

Die vraag kan dus wel ontstaan of dit Christelike optrede is wanneer die lede van 'n „society" hulle individuele verantwoordelikheid en plig tot liefdadigheid uit naasteliefde delegeer aan 'n professie wat hoogstens humanitêre gevoelens kan vertolk deur die beoefening van vreemdesorg.

In 'n referaat voor die kongres van die S.A.V.F. op Brits²⁾ het prof. S. Pauw oor die versorging van die huisgesin gehandel en het hy die gevare wat die huisgesin bedreig uiteengesit. Prof. Pauw toon aan hoedat die gesinslewe, die groot krag in ons volkslewe, tekens van verval vertoon. Egskeiding en kinderverwaarlosing neem steeds toe.

Die versorging van die volk was in die verlede altyd die taak van die huisgesin. In die afgelope vyftig

1. VAN ROOY: a.w., bl. 96.

2. Sien Die Transvaler van 14 Oktober 1953. Prof. Pauw is 'n professor in die Sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

jaar het die maatskaplike werk egter in toenemende mate 'n handjie kom bysit in die versorgingsfunksie. Dikwels het dit die pligte van die ouers of die kinders oorgeneem. Die gevolg was toenemende afhanklikheid van die liefdadigheidsondernemings om hulp, wat eintlik uit die inherente krag van die huisgesin self moes gekom het. „Het die liefdadigheid daar die regte weg ingeslaan?" het prof. Pauw gevra. Die huisgesin, die sentrale kern van die volk, word sy krag ontnem om dat ander instellings, soos die liefdadigheid en die skool, sy werk uit sy hande neem. Maatskaplike werk mag nie die plek inneem van die onderlinge hulp wat mense aan mekaar verskuldig is nie. As maatskaplike werk die verantwoordelikheid wegneem, sodat dit nie meer vir mense nodig is om na mekaar om te sien nie, dan is dit 'n gevaar, het prof. Pauw verklaar. Hierdie gedagte sluit veral nou aan by die konklusie waartoe ek hierbo geraak het, nl. dat maatskaplike werk nie kultuur-produktief is nie.

Hierdie neiging tot oordrag van verantwoordelikheid en versorgingsfunksies, het in ons moderne tyd 'n demoniese karakter verkry. Oordrag vind eers plaas van die individu op plaaslike maatskaplike organisasies, met die maatskaplike werker as uitvoerende amptenaar. Van hier word dit oorgedra op nasionale rade, kommissies ens., met hulle organiserende maatskaplike werkers. Uiteindelik, wanneer die las dan vir hierdie maatskaplike organisasies te swaar geword het, word dit oorgedra op die staat, weereens met sy maatskaplike werkers (volkswelsynbeampies, proefbeampies ens.). Hierna word die maatskaplike organisasies sogenaamd vrygestel om weer van voor af nuwe lewensterreine op hierdie wyse te organokratiseer¹⁾.

1. Vergelyk VAN RIESSEN: a.w., bl.125 vir 'n uiteensetting van die begrip „organokrasie".

Hierdie geleidelike oordrag van verantwoordelikeid van die individu langs 'n omweg op die staat gaan gepaard met toenemende staatstotalitarisme, met sy noodwendige teenhanger, nl. verslawing van die individu. Dit is 'n feit van die allergrootste betekenis vir die toekoms van die Westerse kultuur, want dit lei tot 'n belangrike sterilisasie van die kultuurpotensiaal¹⁾.

Hierdie feite dui op 'n dinamiese proses wat afstuur op „... een almachtig totalitair massa-syndicaat, dat vooralsnog ‚Staat‘ heet”²⁾ en wat 'n integrerende deel vorm van die uiteenvalling van die gemeenskapslewe ten gevolge van die „maatskaplike krisis”, die ontkerstening.

Hierdie proses eindig egter nie by die staat nie, maar dit word weer geleidelik oorgedra op en gesentraliseer in internasionale „vredes”-organisasies soos die V.V.O., met sy verskillende onderkomitees, waarin ook geleidelik al hoe meer mag gesentraliseer word ten koste van die van sy ledestate.

So word die weg voorberei vir die uiteindelijke magsusurpasie deur die Antichris³⁾.

-
1. VAN RIESSEN: a.w., bl. 217 en 218. Die organokrasie word gekenmerk deur beplanning, ordening, dirigisme, burokrasie en die wetenskaplike en organisatoriese „elite” - almal elemente in 'n proses wat afstuur op 'n struktuurverandering van die maatskappy en wat uiteindelik moet uitloop op totalitarisme en die uiteindelijke magsusurpasie deur die Antichris.
 2. VAN DIJK: a.w., bl. 30.
 3. Vergelyk VAN RIESSEN se aangehaalde werk en in verband daarmee die werk van BANNING: Moderne maatschappij problemen.

Elke vorm van maatskaplike sorg behoort gesien te word in verband met die struktuur van die samelewing waarvan dit 'n begeleidende en integrerende deel uitmaak. Bowendien staan elke evolusie op hierdie gebied onder invloed van die kulturele en godsdienstige klimaat van die tyd en gemeenskap waarin die bepaalde vorm van sorg ontwikkel en aangesluit is.

Dit is teen die agtergrond van hierdie hoofstuk as geheel dat Clarke se opmerkings betreffende maatskaplike werk gesien behoort te word:

„... Social workers want to be instrumental in guiding and accelerating social change and they want to do this in their group capacity. They see themselves as the spear-head of activity in the community and in those areas where they have special knowledge.

✓ „... it means to employ scientific methods when possible. ...

„Social work has its own processes and techniques, but it involves much more than skills. It has a point of view, a philosophy. ... The social worker is not ashamed of the fact that he is a social reformer ... If he believes that man's welfare is the primary purpose of social organization how can he be other than a reformer?"¹).

-
1. CLARKE: a.w., bl. 5. Ek onderstreep. Sien ook SCHILDER: De Openbaring van Johannes en het sociale leven, bl. 16: „... van de sociale kampvechters zelf al meer de roep uitgaat tot ons geslacht, dat zij de kruisvaarders zijn van een nieuwe ,religie': de ,religie van de communard'", asook STULTING: „Maatskaplike werk as 'n gemeenskapsdiens" in Tydskrif vir maatskaplike werkers, bl. 18, waar hy o.a. praat van „'n sterk gemeenskapsgevoel ... kweek" en „'n maatskaplike beleid .. vorm, om 'n gemeenskap te bou", en dan: „'n Ware gemeenskapsdiens vereis die bestaan van gemeenskapsorganisasies wat gemeenskapsorgane is. Die maatskaplike werker in diens van hierdie organisasies moet veel meer as tans sy dienste sodanig verrig dat hy 'n ware gemeenskapsdiens verrig as verteenwoordiger van die gemeenskap".

6.

Gevolgtrekkings.

As resultaat van die prinsipiële ontleding van professionele maatskaplike werk kan ons bevindings nou soos volg saamgevat word:

- a. Professionele maatskaplike werk is 'n instrument en waarskynlik die 'speerpunt van daardie aktiwiteite in die maatskappy wat prosesmatig op totalitarisme afstuur.
- b. In hierdie proses word die selfstandigheid en eie aard en roeping van die afsonderlike lewenskringe, soos die gesin, die nywerheid, die kerk ens., vanselfsprekend genivelleer.
- c. As gevolg hiervan is professionele maatskaplike werk nie kultuur-produktief nie, want dit bevorder afhanklikheid, parasitisme en 'n sterilisasie van die kultuurpotensiaal.
- d. Professionele maatskaplike werk word gedra deur 'n heidense ideologie van selfverlossing deur middel van sosiale aanpassing by heersende winde van lering, 'n palliatiewe, kragteloze en gesaglose sosiale tegniek, wat indirek die maatskaplike krisis (ontkerstening, verdere uiteenvalling van die gemeenskapslewe) stimuleer en waarskynlik die ryk van die Antichris bevorder.

Kort saamgevat kom dit op die volgende neer:

- (1) Die kernprobleem vir die professionele maatskaplike werk is die bestryding en oplossing van die maatskaplike krisis (ontkerstening), waardeur alleen, so word gemeen, ware gemeenskap weer moontlik gemaak sal kan word.
- (2) Die tegniek van die professionele maatskaplike werk staan magteloos voor hierdie probleem, omdat dit nie in

(sosiale) krag omgesit kan word nie en gevolglik ook nie kultuur-produktief is nie; intendeel, dit word soos golwe geslinger en heen en weer gewaai deur heersende winde van lering.

- (3) Deur die skyn van hulle aktiwiteite en skynbare sukses wat hulle behaal deur die atomistiese massa op tegniese wyse uiterlik saam te bind, wek hulle die indruk van welslae. In werklikheid word hulle egter self deur hierdie skyn bedrieg, terwyl die uiteenvalling van die gemeenskapslewe en die gevolglike voortwoekering van die maatskaplike krisis (ontkerstening) onder die dekmantel van hulle skynbare sukses ongestoord afstuur op die koms van die ryk van die Antichris.

D E E L I V .

G E V O L G T R E K K I N G S .

H O O F S T U K V I .

S L O T S O M .

Die vraag wat ons ons ten doel gestel het om in hierdie verhandeling te probeer beantwoord, was:

Wat is prinsipiëel die oorsaak van die disharmonie wat in die praktyk in die verhouding tussen professionele maatskaplike werk en pastorale werk bestaan?

Om tot die beantwoording in staat te wees kan die gevolgtrekkings waartoe in vorige hoofstukke geraak is, soos volg saamgevat word:

1.

Professionele maatskaplike werk.

- a. Die kernprobleem vir die professionele maatskaplike werk is die bestryding van die maatskaplike krisis (ontkerstening) waardeur alleen, so word gemeen, ware gemeenskap weer moontlik gemaak sal kan word.
- b. Die tegniek van die professionele maatskaplike werk staan magteloos voor hierdie probleem, omdat dit nie in sosiale krag omgesit kan word nie, nie kultuur-produktief is nie en heen en weer gewaai word deur elke heersende wind van lering.
- c. Deur die skyn van sy aktiwiteite en skynbare sukses word professionele maatskaplike werk bedrieg, met die gevolglike voortwoekering van die maatskaplike krisis (ontkerstening) wat op die ryk van die Antichris afstuur.

2.

Pastorale werk.

- a. Die roeping van die pastorale werk is o.a. die bestryding van die ontkerstening (maatskaplike krisis) deur die bediening van die versoening, waardeur ware gemeenskap bevorder en opgebou word en die heiliges vir hulle dienswerk, d.i. hulle kultuurtaak, toegerus word. Hierdie optrede en die leer en lewe van die lidmate word op reëlmatige wyse voortdurend getoets aan die Woord en Wet van God, soos saamgevat in die belydenis, en verhoed dat die heiliges soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke wind van lering.
- b. Die pastorale werk „beskik" oor meta-sosiale krag, waardeur dit volkome en genoegsaam in staat is om die ontkerstening (maatskaplike krisis) te bestry.
- c. Die pastorale werker „beskik" oor hierdie meta-sosiale krag omdat hy amptelik optree en met gesag bekleed is. Hy tree op as gesant om Christus ontwil, asof God deur hom werk. Hy het dus 'n mandaat tot optrede.
- d. Deur die optrede van die pastorale werkers kan die ontkerstening (maatskaplike krisis), en dus die ryk van die Antichris, bestry, en die koms van die koninkryk van God bevorder word.

3.

Gevolgtrekking.

Die professionele maatskaplike werk kan geen sosiale krag ontwikkel nie, terwyl die pastorale werk oor meta-sosiale krag „beskik".

Die pastorale werk „beskik" oor dié krag omdat

dit amptelik en met gesag in die gemeente optree. Die professionele maatskaplike werk het, kragtens sy eie lewensfilosofie, geen gesag en dus geen mandaat nie. In die gemeente kan die professionele maatskaplike werker sonder die vocatio nie sy professie uitoefen nie, want alleen deur die vocatio kan hy amptelik met gesag optree, 'n mandaat verkry.

Professionele maatskaplike werk is dus 'n indringer in die gemeente.

Professionele maatskaplike werk is ook gesekulariseerde pastorale werk. Om weer die beeld van die kerk as 'n leër te gebruik: professionele maatskaplike werk is 'n renegaat, wat indirek die saak van die vyand bevorder. Tussen die getroue onder-offisier en so 'n renegaat kán geen harmoniese verhouding in die praktyk bestaan nie.

Die prinsipiële oorsaak van die disharmonie wat in die praktyk tussen professionele maatskaplike werk en pastorale werk bestaan, is dus die volgende:

- a. Pastorale werk is deur Christus met genoegsame potensialiteit ~~te~~toegerus vir die volkome opbouing van sy Liggaam deur die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus. Hulle doen dit dan ook met Goddelike gesag.
- b. Professionele maatskaplike werk is gesekulariseerde pastorale werk, wat met geen Goddelike gesag nie, en dus sonder sukses, in die gemeente optree.
- c. Professionele maatskaplike werk is in die praktyk 'n gevaar vir die pastorale werk, omdat die praktiese gevolge van hulle toepassing met mekaar in regstreekse konflik is.

Samevatting.

Na aanleiding van die voorgaande kan die verhouding tussen professionele maatskaplike werk en pastorale werk binne die gemeente in 'n Calvinisties-gereformeerde kerkverband soos volg saamgevat word:

a. Pastorale werk.

- (1) Prinsipieel word pastorale werk in 'n Calvinisties-gereformeerde kerkverband uitgevoer deur individueel geroepe manne.

Die pastorale werkers is onderherders van die Opperherder, Jesus Christus, en staan in die gemeente in onderskeidelik drie besondere en konfessioneel gebonde ampte, naamlik die koninklike, priesterlike en profetiese, wat gesamentlik genoegsame potensiaaliteite besit tot opbouing van die Liggaam van Christus.

- (2) Die pastorale werkers tree met Goddelike gesag op om, ooreenkomstig die opdrag van Jesus Christus, o.a. aan die apostel Petrus in Joh.21:15, 16 en 17 en in Petrus ook aan die ander apostels en aan al die onderherders, die versoening aan die gemeente as geheel sowel as aan elke individuele doop- en belydende lidmaat te bedien.
- (3) So word met meta-sosiale krag die gemeentelike dienswerk in gehoorsaamheid aan die Woord en Wet van God afdoende toegerus ooreenkomstig Ef.4:11-16, dit wil sê hulle word geleer hoe om te lewe.

- (4) Hierdeur word ware gemeenskap tussen die gelowiges en God en tussen die heiliges onderling versterk en gestig en die ontkerstening (maatskaplike krisis) gevolglik teengegaan en bestry.
- (5) Dit stel elke gelowige in staat om in die roeping waarin hy deur die Voorsienigheid van God gestel is, in gehoorsaamheid aan die Woord en Wet van God met vreugde sy kultuurtaak te verrig ooreenkomstig die uitsprake van Jesus Christus aangaande die koninkryk van God in Matt.6 en in Lukas 17:20-30 en op ander plekke.

b. Professionele maatskaplike werk.

- (1) Professionele maatskaplike werk is daarenteen, via die Anglikaanse Kerk, gesekulariseerde pastorale werk wat uitgeoefen word deur gehuurde persone deur middel van 'n professionele beroep.
- (2) Professionele maatskaplike werk het geen konfessionele binding of amptelike status (vanweë die afwesigheid van die vocatio) en daarom geen gesag in die gemeente binne 'n Calvinisties-gereformeerde kerkverband nie. Dit kan dus ook nie deurtastend „verkerklik" of „verchristelik" word vir gebruik binne die gemeente sonder om dit geheel en al te hervorm of te reformeer tot wat dit oorspronklik was nie, nl. suiwer pastorale werk op Calvinistiese grondslag.
- (3) Terwyl dit nog nie gebeur het nie, is professionele maatskaplike werk nie in staat om sy misleidende, paliatiewe tegniek van sosiale aanpassing in krag om te sit nie, met die gevolg dat hy nie daarin slaag

om die gemeentede te leer hoe om te lewe ooreenkomstig die eise van die Woord en Wet van God nie, d.w.s. om die gemeentede vir hulle dienswerk toe te rus nie.

- (4) Professionele maatskaplike werk verwerp openlik of by implikasie die sondeskuld en dus die noodsaaklikheid van versoening tussen die mens en God, deur die aanvaarding van 'n antichristelike ideologie van selfverlossing deur middel van 'n wetenskaplike tegniek of metode, wat indirek bydra tot die uiteenvalling van die gemeenskapslewe en gevolglik die maatskaplike krisis (ontkerstening) bevorder en gevolglik nie die gemeente opbou nie maar uiteen laat val.
- (5) Hierdeur bereik die professionele maatskaplike werker juis die teenoorgestelde doel as dié waartoe die pastorale werker in Ef.4:11-16 geroepe is, nl. om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, met die gevolg dat professionele maatskaplike werk nie kultuur-produktief is nie en gevolglik die gemeentede verhinder om elkeen in die roeping waarin hy deur die Voorsienigheid van God geplaas is, sy kultuurtaak in gehoorsaamheid aan die Woord en Wet van God met vreugde te verrig ooreenkomstig die uitsprake van Jesus Christus aangaande die koninkryk van God in Matt.6 en Lukas 17:20-30 en op ander plekke.

BIBLIOGRAFIE.

- AALDERS, dr.G.C.L. : De profeten des Ouden Verbonds; J.H.Kok, Kampen, 1918.
- A BRAKEL : Geloofsbezwaren opgelost; J.H.Kok, Kampen, 1929.
- ARISTOTLE : Politics; Everyman's Library, Dent, London, 1939.
The Nicomachean Ethics; Everyman's Library, Dent, London, 1934.
- BAETJER, A.M. : Woman in industry; Saunders, Philadelphia, 1947.
- BANNING, prof.dr.W. : Moderne maatschappij problemen; De Erven F.Bohn, Haarlem, 1953.
- BANNING, dr.W., e.a. : Sociologie en Kerk; Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1951.
- BARGER, A.J. : Wetten en bepalingen van die Nederduitse Hervormde Kerk van S.A.; Potchefstroom, 1925.
- BAVINCK, dr. H. : Het Christelijk huisgezin; Kok, Kampen, 1930.
Verzamelde opstellen; Kok, Kampen, 1921.
De offerande des lofs; Kok, Kampen, 1907.
Christelijke wereldbeschouwing; Kok, Kampen, 1913.
- BAXTER, Richard : The Reformed pastor; Religious Tract Society, London, 1929.
- BERKELBACH, dr.S.F.H.J.v/d Sprenkel: Huisbezoek.
- BERKHOUWER en TOORNVLIET: Het dogma der Kerk; Jan Haan, Groningen, 1949.
- BERKHOF, L. : Manual of Reformed doctrine; Reformed Press, Grand Rapids, 1933.
- BEIJER, dr.P. : Sociale verzekering; Noord-Hollandsche uitgevers Maatschappij, 1948.
- BIESTERVELD, P. : Het echt menschenlijke; Daamen, Rotterdam, 1902.
Het Huisbezoek; J.H.Bosch, Kampen, 1900.
- BIESTERVELD, VAN LONKHUIZEN, e.a.: Het diaconaat; Van Bottenburg, Amsterdam, 1907.
- BLACKWOOD, A.W. : Pastoral work; Westminster Press, Philadelphia, 1945.
- BEEK, prof.dr.M.A. : Aan Babylons Stroom; Kosmos, Amsterdam, 1950.

- BOTH, H.L. : Arbeiders in zijn oogst; H.J.Paris, Amsterdam, 1934.
- BOUWMAN, dr. H. : De kerkelijke tucht; Kok, Kampen, 1912.
Gereformeerd Kerkrecht; Kok, Kampen, 1928.
Het ambt der diakenen; Kok, Kampen, 1907.
- BOUWMAN, dr. M. : Tweërlei kerkrecht; Bakker, Amsterdam, 1944.
- BREYTENBACH, J.H. : Die betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog; F.A.K., Johannesburg, 1949.
- BRILLENBURG WURTH, dr.G.: De antithese in dezen tijd; Kok, Kampen, 1940.
Verkondiging en zielszorg; Kok, Kampen, z.j. (1953?).
De Christelijke zedeleer en haar bestrijders; Voorhoeve, Den Haag, 1947.
Kerk en Sociale-Ethiek; Kok, Kampen, z.j. (1953?).
Kentering in de vrijzinnigheid; Kok, Kampen, 1952.
De Christelijke vrijheid; Kok, Kampen, 1934.
Gestalten der liefde; Kok, Kampen, 1953.
Het Christelijk leven; Kok, Kampen, MCMLI.
Het Christelijke leven in huwelijk en gezin; Kok, Kampen, MCMLI.
Het Christelijk leven in de maatschappij; Kok, Kampen, MCMLI.
De bekering als Evangelisatie-probleem; Kok, Kampen, z.j.(1952?)
- BRILLENBURG WURTH, dr.G. en WIERSINGA, ds.W.A.: Het Evangelie in een ontkerstende wereld; Kok, Kampen, 1953.
- BRUNO, F.J. : The Theory of Social Work; Heath Co., Boston, 1936.
- CALVIN, John : Commentaries on the Epistles of Paul to the Galatians and Ephesians; Wm. Pringle, Edinburgh, M.DCCC.LIV.
Institutes; Vols. I & II; T.& T. Clarke, Edinburgh, MD.CCCLXXIX.
- CARNEGIE-VERSLAG : Armblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika; Deel I-IV; Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1932.

- CLARKE, Helen : Principles and practice of social work; Appleton-Century Co., New York-London, 1947.
- COETZEE, prof.dr.J.Chr. : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde; Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1944.
Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde; Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1942.
- COETZEE, dr.J.H. : Verarming en oorheersing; Nas. Pers Bpk., Bloemfontein, 1942.
Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. (1859 - 1949); op die pers.
Die gemeente en sy armes; artikel in Gemeentenuus, maandblad van die Gereformeerde Gemeente Johannesburg-Suid, Jaargang III, Nr.6, Junie 1953.
- COETZEE, J.V. : Neo-Calvinisme. Verbastering of regte ontwikkeling; Calvyn-Jubileum-Boekefonds, 1943.
Geskiedenisversaking; Nas.Pers Bpk., Kaapstad, 1947.
- COMMISSION ON CHRISTIAN DOCTRINE: Doctrine in the Church of England; London, 1938.
- CRONJE, G. : Egskeiding en huweliks- en gesinsontbinding; Swets, Amsterdam, 1933.
Regverdigde rasse-apartheid; C.S.V.-Boekhandel, Stellenbosch, 1947.
- DE KLERK, dr.P.J.S. : Handboek gewyde geskiedenis; J.L. van Schaik, Pretoria, 1946.
- DE VILLIERS, T.C. : Die sosiale roeping van ons Kerk; Van Bottenburg, Amsterdam, 1922.
- DEVOLDER, N. : Sosiale kultuur en sosiale heropbouw; Brugge, de Kinkhoren, 1945.
- DE WET, H.C. : Waarom ik geloof; J.H.de Bussy, Pretoria, 1913.
- DIAKONIEë VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA: Die Diaken; verskeie dele; Excelsior Drukkers, Johannesburg.
- DIEPENHORST, prof.mr.I.A. e.a.: Opbouw; La Riviere & Voorhoeve, Zwolle, 1953.
- DIJK, dr. K. : Lijden en loven; Kok, Kampen, 1924.

- DIJK, dr.K. : De dienst der Kerk; Kok, Kampen, 1952.
Kerk en politiek; T.Weaver, Franeker, 1945.
Om 't eeuwig welbehagen; De Standaard, Amsterdam, 1924.
De Voorzienigheid Gods; Standaard, Amsterdam, 1927.
- Diaconaal Handboek; J.H. Donner, Rotterdam, 1929.
- DOUMA, J. : De nachtgezichten van Zacharia; Kok, Kampen, 1924.
- DOUGLAS, P.H. : Social security; Mc Graw-Hill, New York, 1939.
- DREYER, A. : Onze ouderlingen en diakenen; Nas. Pers Bpk., Kaapstad, 1923.
- DRINKWATER, rev.F.H. : Seven addresses on social justice; Burns, Dulis & Washbourne, London, 1937.
- DU TOIT, prof.dr.S. : Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis; Nas.Pers Bpk., Kaapstad, 1945.
- ELOFF, dr.G. : Rasse en rassevermenging; Nas.Pers Kaapstad, 1942.
- ENGELBRECHT, ds.J.J. : Die jeug in die smeltkroes; Sacum Bpk., Bloemfontein, s.j.(1945?).
- FAIRBAIRN, Patrick : Pastoral theology; Edinburgh, 1875.
- FENNELLY, P. : Practical psychology; Mark Taylor & Sons, Hull, 1929.
- GEEZINK, W. : Gereformeerde Ethiek; Twee dele; Kok, Kampen, 1931.
Van 's Heeren Ordinantiën; vier dele; Amsterdam, 1908.
- GELDENHUYS, F.B.O'B. : Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde N.G. Kerke in Suid-Afrika.
- GERDENER, G.B.A. : Sarel Cilliers; J.L.van Schaik, Pretoria, 1924.
- GIBSON, E.C.S. : The 39 Articles of the Church of England explained; Methuen, London, 1898.
- GILLIN, John Lewis : Social pathology; D.Appleton-Century Co., New York, 1939.

- GOODWIN, Michael : Nineteenth century opinion; Pelican Publication, Harmondsworth, Middlesex, 1951.
- GOULOOZE, W. : Pastoral psychology; doktorale proefskrif, Vrye Universiteit, Amsterdam, 1950.
- GREYLING, P.F. : Die Ned.Geref.Kerk en armsorg; Nas. Pers, Kaapstad, 1939.
- GRUBB, E. : Social aspects of the Quaker faith; Headley, London, 1899.
- GUTSCHE, dr.C.E.W. : Opvoedkundige straf; Afr.Pers Bpk., Johannesburg, 1941.
- HARDER, R.C. : Evangelie-verbreiding en toekomst-verwachting; S.J.Bakker, Amsterdam, z.j.
- HEPP, V. : Het Testimonium Spiritus Sancti - Het Testimonium Generale; Kok, Kampen, 1914.
- HOEKSTRA, H. : Uit den diensthuijze uitgeleid; Kok, Kampen, 1905.
- HOEKSTRA e.a. : Olie en wijn in de wonden; Kok, Kampen, 1929.
- IDENBURG, dr.Ph.J. e.a. : Evangelische benadering van de mens; Keulen, Delft, 1951.
- JANSEN, ds. Joh. : Korte verklaring van de Kerken-ordening; Kok, Kampen, 1952.
- KAMPHUIS, M. e.a. : Helpen als ambacht; Bosch & Keuning, Baarn, z.j. (1952?).
- KEET, prof.dr.B.B. : Sedelike vraagstukke; S.A.Bybelvereniging, Kaapstad, 1945.
- KEIZER, G. : De afscheiding van 1834; Kok, Kampen, 1934.
- KELSO, R.W. : The Science of Public Welfare; Holt, New York, 1928.
- KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE GEMEENTES IN SUID-AFRIKA; V.& R. Drukkery, Pretoria, s.j.
- KESTELL, J.D. : My nasie in nood; Nas.Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.
- KEYTER, prof.dr.J.de W. : Volksgesondheid en maatskaplike werk; Nas.Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.
Ontspanning en maatskaplike werk; Nas.Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.

- KNAP, J.J. : De Kerk; Kok, Kampen, 1914.
Kerstlicht; Kok, Kampen, z.j.
- KUIPER, H. : Calvin on common grace; Oosterbaan & Le Cointre, Goes, z.j.(1928?)
- KUYPER, dr. A. : De gemeene gratie: drie dele; Hoveker & Wormser, Amsterdam, 1902, 1903, 1904.
Vrouwen uit de Heilige Schrift; Kok, Kampen, z.j.
Uit het Woord: verskeie dele; I.A. Wormser, Amsterdam, z.j.
De band des verbonds; W.Kirchner, Amsterdam, 1907.
Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid; drie dele; Kok, Kampen, (1908-1909?).
De Christus en de sociale nooden en democratische klippen; Amsterdam, 1895.
- MACIVER, R.M. : Society: A textbook of Sociology; Farrar-Rinehart, New York, 1937.
- MALHERBE, prof.dr.D.F. du T. : Afrikaner-volkseenheid; Nas. Pers Bpk., Bloemfontein, 1942.
- MARTINDALE, H. : Women servants of the state; Allen, London, 1938.
- MARX, Karl : Capital: Vols. I & II; Everyman's Library, Dent, London, 1939.
- MEYER, P.J. : Die Afrikaner; Nas.Pers Bpk., Bloemfontein, 1940.
Moedertaal en tweetaligheid; Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1945.
- MILES-CADMAN, rev.C.F. : Socialism for South Africa; Rustica Press, Cape Town, 1943.
- NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA: Jaarboek; 1952.
- NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA: Almanak; 46ste jaargang, Feesuitgawe, 1952.
- NEDERLANDSCHE VEREENIGING VOOR MAATSCHAPPELIJK WERK: De vrouw in het bedrijf; Haarlem, 1951.
Problemen van het social case work; Haarlem, 1951.
- NEPGEN, C.C. : Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes; C.S.V.-Boekhandel, Stellenbosch, 1938.

- NOTENBOOM, dr.A. : Overheidsroeping in armenzorg; Kok, Kampen, 1953.
- O'GRADY, dr.J. : An introduction to social work; Appleton-Century, New York, 1928.
- O'KULIS, Dr. : Doppers; Nationale Pers Beperkt, Bloemfontein, 1918.
- PAUW, S. : Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad; Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1946.
- PELLISSIER, prof.dr.G.M. : Huisbesoek; N.G.Kerk-Uitgewers, Kaapstad, Pretoria, 1951.
- PHELPS, H.A. : Contemporary Social problems; Prentice Hall, New York, 1942.
- PLATO : Republic; Everyman's Library, Dent, London, 1935.
- POTGIETER, J.F. : 'n Sosiografiese studie van 'n afgesonderde gemeenskap in die distrik Groot-Marico; ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. Pretoria, 1952.
- POTGIETER en THEUNISSEN : Komdt.-Genl. Hendrik Potgieter; Afr. Pers Bpk., Johannesburg, 1938.
- PREDIKANTE VAN DIE GEREFORMEERDE GEMEENTES IN S.A. : Die kosbare goud - Gereformeerde Geloofsleer; Nas.Pers Bpk., Kaapstad, 1944.
- PRELLER, Gustav S. : Piet Retief; J.L.van Schaik, Pretoria, 1917.
- PRINGLE, J.C. : Social work of the London Churches; Oxford Univ.Press, 1937.
- PRINS, dr.P. : Stervende kracht of ... wervende kracht; S.J.P.Bakker, Amsterdam, z.j.
- QUEEN & MANN : Social pathology, Crowell Co., New York, 1936.
- RENKEMA & RUDOLPH : Kerkordening der Gereformeerde Kerken in Nederland; Maassluis, Bruinink, 1906.
- RICHMOND, Mary : What is social casework; Russel Sage Foundation, New York, 1922.
Social diagnosis; Russel Sage Foundation, New York, 1917.
- RUTGERS, F.L. : Verklaring van de Kerkordening van de Nationale Synode van Dordrecht 1618/19.
- SAYCE, rev.A.H. : Social life among the Assyrians and Babylonians, Religious Tract Society, London.

- SCHEIDEMANN, Norma V. : Psychology of exceptional children; Houghton Mifflin Co., Boston-New York, 1931.
- SCHILDER, prof.dr.K. : Om Woord en Kerk; Oosterbaan & Le Cointre, Goes, 1949.
Tusschen „Ja" en „Neen"; Kok, Kampen, 1929.
Christus en cultuur; T.Weaver, Franeker, MCMXLVIII.
Afbouw; Kok, Kampen, 1930.
Een hoornstoot tegen Assen; Kok, Kampen, 1928.
De Openbaring van Johannes en het sociale leven; W.D.Meinema, Delft.
Verder ook van die skrywer: Geen Duimbreed, Looze Kalk, Kerktaal en Leven, Wat is de hemel, Wat is de hel.
- SCHOLTZ, G.D. : Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe; Voortrekker Pers, Johannesburg, 1944.
- SCHOONEES, P.C. : Die Afrikaanse woordeboek, Staatsdrukker, Pretoria, 1950.
- SCHUMANN, dr.C.G.W. : Die ekonomiese posisie van die Afrikaner; Nas.Pers Bpk., Bloemfontein, 1940.
- SHAW, Bernard : Prefaces; Constable & Co., London, 1934.
- SKEAT, Walter W. : An etymological dictionary of the English language; Clarendon Press, Oxford, 1946.
- SIETSMA, dr.K. : De ambtsgedachte; S.J.P.Bakker, Amsterdam, s.j. (1952?).
- SLOTEMAKER DE BRUINE, dr.J.K.: Sociologie en Christendom; Ruys, Utrecht, 1912.
Christelijk-sociale studiën: 2 dele, Ruys, Utrecht, 1923.
- SMEENK, C. : Christelijk-sociale beginselen: deel I en II; J.H.Kok, Kampen, 1936.
- SMITT, dr.P.A.E.Sillevis: De betekenis van het Gereformeerde beginsel voor de ambtelijke vakken; H.A.Bottenburg, Amsterdam, 1912.
- SOCIAL CASEWORK, Journal of; 1949-1951.
- SOCIAL WELFARE DEPARTMENT, JOHANNESBURG: Report on divorces in Johannesburg, 1951.
Welfare News; agtereenvolgende uitgawes.

- STOFBERG, ds.P.B.J. : Levenschets van Mev. Annie Stofberg;
Darter, Kaapstad, 1908.
- SOROKIN, ZIMMERMAN, GALPIN: Systematic Source Book in
Rural Sociology; Univ. of
Minnesota Press, Minneapolis,
1932..
- STEINER, Rudolf : De kern van het sociale vraagstuk;
Utrecht, 1919.
- STOKER, prof.dr.H.G. : Die Wysbegeerte van die Skeppings-
idee; J.H.de Bussy, Pretoria,
1933.
Die Nuwere Wysbegeerte; Die
Weste-Drukkery, Potchefstroom, 1933.
- STOKER, H.G. e.a. : Koers in die krisis; dele I-III;
Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1935.
Op die voorpunt van die tye; Pro
Ecclesia, Stellenbosch, 1945.
- STROUP, Herbert Hewitt : Social work - An introduction to
the field; American Book Co., New
York, 1948.
- STULTING, A.A. : „Maatskaplike werk as 'n gemeen-
skapsdiens" in Tydskrif vir maat-
skaplike werkers, Julie 1953.
- THERON, dr. Erika : Die gevallestudie-metode;
ongepubliseerd.
- THOMPSON, Laura : Personality and government;
Ediciones del Instituto Indigenista
Interamericano, Mexico, 1951.
- THOMPSON, W.S. : Population problems; McGraw-Hill,
New York, 1942.
- TIJDSCHRIFT VOOR MAATSCHAPPELIJK WERK: 1951 - 1953.
- TYDSKRIF VIR MAATSKAPLIKE WERKERS - orgaan van Die Maatskap-
like Werkersvereniging van Suid-
Afrika; Jaargang 1, Nrr. 1 en 2
van Januarie 1953 en Julie 1953.
- UNIE VAN SUID-AFRIKA, Offisiële Jaarboek van; 1941 - 1948;
Staatsdrukker, Pretoria.
- UNWIN, J.D. : Sex and culture; Oxford Univ.
Press, London, 1934.
- VAN BAREN, C.(Jr.) : De sociale worsteling een geeste-
lijke strijd; Keulen, Delft, 1952.
- VAN DER STOEP, D. : Herder en Leeraar; Daamen,
's-Gravenhage, 1941.
- VAN DER WALT, A.J.H. e.a.: Geskiedenis van Suid-Afrika;
deel I en II; Nas.Pers Bpk.,
Kaapstad, 1951.
- VAN DER WALT, ds.J.G.H. : Die stem van my Liefste; K.J.-
Bokefonds, Potchefstroom, 1944.

- VAN DEVENTER, prof.dr.B.: Ekonomiese organisasie en ekonomiese politiek; ongepubliseerd.
- VAN HERKSEN, ds.J. : Ambtelijke zielzorg en zekerheid des geloofs; Kok, Kampen, z.j.
- VAN HILLE : Pastoraal Theologie; Utrecht, 1866.
- VAN LEEUWEN, P.A. : Het kerkbegrip in de theologie van Abraham Kuyper; Wever, Franeker, 1946.
- VAN LOON, P.C.J. : Doelmatigheid van het maatschappelijk werk; Malmberg, 's-Hertogenbosch, 1950.
- VAN OOSTERZEE, J.J. : Practische Theologie; deel II; Heunink, Utrecht, 1898.
- VAN RIESSEN, dr.Ir.H. : De maatschappij der toekomst; Wever, Franeker, 1953.
- VAN ROOY, dr.H. : Casework en maatschappelijk werk; Van Gorcum & Co., Assen, MCMLII.
- VAN SWIGCHEM, D. : Handboekje voor de evangelistiek; Kok, Kampen, 1950.
- VAN SCHALKWYK, Dries : My volk op die drumpel van ondergang; Van Schalkwyk, Trompsburg, 1932.
- VAN ZYL, L.J. : Deur die eeue; Voortrekker-pers Bpk., Johannesburg, 1940.
- VENTER, P.W. : Onkerksheid; ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Univ. Pretoria, 1953.
- VEREENIGING TER BEVORDERING VAN CHRISTELIJKE LEKTUUR: Levenschets van Thomas Chalmers; Marais, Kaapstad, 1865.
- VERKLARING VAN DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS VIR DIE KATKISASIE; Westelike Stem-Drukkery, Potchefstroom, 1937.
- VERSLAG DEUR DIE KOMITEE INSAKE BESTAANSBEVEILIGING; asook Verslag No.2 deur die Sosiale en Ekonomiese Planneraad: Bestaansbeveiliging, maatskaplike dienste en volksinkome; no.UG.14/1944, Staatsdrukker, Pretoria.
- VERSLAG DEUR DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE GEVANGENIS-EN STRAFHERVORMING : Staatsdrukker, Pretoria.
- VERSLAG DEUR DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE OPLEIDING EN INDIENSNEMING VAN MAATSKAPLIKE WERKERS: Staatsdrukker, Pretoria.
- VERSLAG VAN DIE NASIONALE KONFERENSIE OOR DIE WELSYN VAN OUES VAN DAE, 1950 : Department Volkswelsyn, 1951.

- VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE INSAKE TEGNIESE EN BEROEPS-
ONDERWYS. UG.65/1948. : Staatsdrukker, Pretoria, 1948.
- VAN VELDHUIZEN, dr.A. : Lukas de Medicijn-Meester; Kok, Kampen, 1926.
- VERMOOTEN, dr.W.H. en DE VRIES, drs.W.: Godsdienst en maatschappij; Servire, Den Haag, 1950.
- VOETIUS, Gysbertus : Verhandeling over de zichtbare en georganiseerde kerk; Kok, Kampen, 1902.
- VOLKSWELSYN, Unie Departement van, : Hersiene memorandum oor armsorg; Staatsdrukker, Pretoria, 1945.
Jaarverslae en ander publikasies; verskeie.
- VON HENTIG, H. : Crime, causes and conditions; Mc Graw-Hill, London, 1947.
- VORSTER, ds.J.L. e.a. : Handleiding vir ouderlinge; Impala-uitgewers, Florida, 1949.
- WAGNER, O.J.M. en THERON, Erika: Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging; Nas. Pers Bpk., Kaapstad, 1940.
- WARNER, QUEEN & HARPER : American charities and social work; Crowell Co., New York, 1942.
- WATERINK, J. e.a. : Cultuurgeschiedenis van het Christendom; vyf dele; Elsevier, Amsterdam-Brussel, 1951.
- WATSON, John : Zielzorg en herderlik ambt; Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, Kaapstad, 1897.
- WEBB, Beatrice : My apprenticeship; Pelican Series; Hazell, Watson & Viney, London, 1938.
- WIERSINGA, W.A. : Waak over mijn huis; Daamen, 's-Gravenhage, 1945.
- WILLEMSE, W.D. : Die sorg vir ons kinders en jeugdiges; Nas.Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.
- WISSE, G. : Sexuele zonde en de zonde tegen den Heiligen Geest; Kok, Kampen, 1913.
- WITMER, Helen : Social work; Rinehart & Co., New York, 1942.
- YOUNG, Kimball : In Encyclopedia of social sciences; Seligman & Johnston, Macmillan Co., New York, 1948.